

VERGEET NIE

vgl. pagina 129.

HISTORIES-ROMANTIES VERHAAL

uit die

:- ANGLO-BOEREOORLOG -:

DEUR

DR. D. F. MALHERBE.



UNIE LEES- EN STUDIE-BIBLIOTHEEK, No. 23.

Uitgave van „HET WESTEN”-Drukkerij, Bus 196, Potchefstroom.

1913.

„HET WESTEN“-DRUKKERIJ



BUS 196, POTCHEFSTROOM.

I N H O U D.

	Bladsij.
Op die dorp	9
Rietfontein	14
Die Afskeid	22
Piet Marais onder die Boere	44
Rietfontein krij besoek	53
Die Swart Kruis	66
Donker Wolke	75
Verraad	87
Straf	98
Bij Generaal De Wet	111
Port Alfred	121
Gevang	130
Vonnis	138
Nuwe uitsig	156

„Laat 't nageslacht hen nooit vergeten,
Zolang het mensdom duren zal,
Tot zelfs de hemelen zijn versleten,
En d'Aarde wankelt tot haar val.”

REITZ.

HOOFDSTUK I.

OP DIE DORP.

Die son was al hoog te'en die reine hemelblouw uitgeklim, toen Servaas Vermaak, bijwoner bij meneer Willem du Pré, van Rietfontein, die dorp ingerij kom. Al vroeg voor dag is hij van die plaas om gewone besigheidjes te verrig en vooral ook om die pos te kom haal en die laaste nuws te hoor, want dit is die 12de Oktober 1899, die dag nadat die republikeinse ultimatum verstreke was, en elkeen praat net van oorlog. Maar hoewel die tijding van die uitbreek van die Anglo-Boere oorlog reeds op Steenburg bekend is, kan 'n mens uiterlik niks daarvan merk nie.

Rustige Karroo-dorp, dromend in selftevredenheid en wijd omwoon deur slapende koprande, wat in donkerbruine pantser en ijlvale groei uitgebeiteld rus te'en die eeuwig-blouwe hemel aan! Vreedsame Steenburg, langsaam opgegroeï in jou kleine kring van sukkel-werksaamheid, waar Februarie ewe eentonig en traag sig uitrek als Januarie, waar dieselfde mense elke dag langs die met populier en peperboom skraal beplante strate heendrentel sonder die haastige tred en verwarde blik van die stadbewoner, waar die son kan skroei in sijn Afrikaanse wreedheid en die stofstorme o'er kan heendreun dage, weke aaneen, veragkend in hul woeste triomftog die handewerk van die kleine mense wat daar saamwoon in die kolletjie van beskeie beskawing — dorp, waar alle geluid en rumoer van menselike bedrijwigheid nictig wegsterwe so's die breek van 'n dun, droge takkie in 'n ontsaglike woud, dorp wat met al jou gebouwe, tuine, bome en mense als 'n nouweliks sigbare stippie wegsink in die omsluiting van eindelose velde en blouwe lug..... jij sal ver die eerste maal in jou bestaan kennis maak met moderne oorlogvoere; jij sal tot in jou

binnenste deurwoel word deur losgelate hartstog en bandelose vrijheid; honderde en duisende sal jou deurtrek en uit jou vredige eensaamheid sal opstijg die rumoer van wa'ens en ruiters; die skaterlag van o'erwinning en voordeel sal o'er jou heengalm, maar ook die vloeke van teleurstelling en wraak!

Dadelik na sijn aankoms het Servaas die oorlogsnuws verneem. Hij het besluit om sijn sakies so gouw mogelijk in orde te bring en van middag vroeg al te laat spaander naar Rietfontein waar almal met verlange op tijding sit wag. Onder andere moet hij ver meneer Du Pré 'n skaapwagter soek en na hier en daar verneem te hê kom hij heel toevallig ver Adonis te'en.

„Aa!” sê Servaas, terwijl hij op Adonis toeloop wat op die stoep van 'n winkel op sijn gemak sit rondkijk, skijnbaar tevrede met die hele wereld en heel in sijn skik dat die ander volk steun bij die aflaaï van swaar bale wol, „hier is net die man wat ek soek!”

„Moenie so praat nie, baas!” antwoord Adonis geheim-sinnig laggend, terwijl hij beleefd opstaan. „Maar als ek dit wel het” en bij hierdie woorde bekijk Servaas hem heel nouwkeurig, „dan is jij mos die jong wat vroeger bij baas Koos....”

„Net hij, baas,” val Adonis hem in die rede met 'n gelijktijdige hand- en kopbeweging van voldoening en 'n salige lag, waarbij sijn wit tande voordelig te voorskijn kom.

„En jou naam is Adonis!”

„Net hij, mijn baas!” antwoord die jong met verheffing van stem en besondere nadruk op die eerste woord, terwijl sijn oge in spannende verwagting op Servaas gevestig blij. Pas uit die tronk, nog sonder baas en werk, in die hoop dat hij nou tog 'n baas sal opdoen, so staan hij daar, Adonis, wel geen griekse nie, maar 'n ligswart type van jong van middelmatige hoogte. Van sijn voorgeslag kon hijsel geen beskrijwing gee nie. Selfs van sijn ouders weet hij bitter weinig, want als kind het hij hulle in die westelike provinsie verlaat en is die land ingetrek met 'n tog-ganger. Die mengsel van hottentot- en negerbloed het bij hem uitgewerk 'n voordelige

natuur, vol levenslus en pret, 'n onbekommerdheid en ligsinnigheid, wat die swaar van die lewe met vernis weet o'er te verwe. Al sijn tegespoed is voortgespruit uit sijn onweerstaanbare neiging tot sterke drank. Maar na 'n harde les geleer te hê, is die o'ertuiging bij hem nou sterk geword dat hij 'n beter lewe moet begin. En so staan hij daar voor Servaas als 'n toonbeeld van goeie voornemens, Adonis met sijn skalkse oge, die wit vliese waarvan skerp afsteek te'en die omsluitende agtergrond van swart vel. Sijn groengele dop van 'n laphoed, uitstekend gelug deur 'n paar dosijn gaatjies, skeure en snije, hang slap o'er sijn ore en sou ver ieder versamelaar van kuriositeit 'n gewaardeerde besit wees. 'n Baadje wat twee Adonisse kon dek, die naderende einde waarvan duidelik genoeg voorspel is deur ontelbare rafels, gapende openinge, en die afwysigheid van knope — 'n baadje lewensmoeg en klaar met die wereld, hang swaar o'er sijn skou'ers nes 'n natgere'ende sak. Die mouwe is opgerol en van voering is geen draad meer te ontdek nie. Die dage toen sijn grillig-gekleurde broek nog op sijn fleur was, sou dit wel 'n donkerfluwele stof gewees het, maar nou is die fluwele grondvorm volkome opgelos in die bontste spel van grof op mekaar geplakte lappe, wat strij om meesterskap in onregelmatigheid van vorm en in verrassende kleurevariasie so's 'n bonte mense-see bij 'n wedstrijd waar die son sijn ligte glanse o'er heenstrooi op 'n vrolike somernamiddag. Ook sijn veldskoene met hul voorpunte omgekrul — die effek van menig avontuur in re'en en sonnebrand — met hul nate half los, waar hier en daar 'n toon of wat donkerskemerend deurloer, is in volkome harmonie met die ander stukke. Inderdaad selfs nie 'n kennersoog sou weet aan welke van die kledingstukke die prijs ver oorspronklikheid toe te ken nie, en al het Adonis geen kunsgevoel nie, tog is sijn oog ver eweredigheid skijnbaar volmaak.

„Kijk, Adonis, ons moet kort speel. Is jij 'n los man?“
vervolg nou Servaas.

„Maar nie al te mit nie, mijn baas! Hotnot se kind sal hul nie klein krij nie. Rijswater en skopgraaf was mijn maat.kijk so,“ sê Adonis, terwijl hij sijn hoed afhaal en ter

HOOFDSTUK II.

RIETFONTEIN.

Onder aan die voet van 'n aansienlike tafelrand met ronde en skerppuntige, bruingebakte klippe lê Rietfontein, 'n plekkie van groene weelde te midde van die omgêwende bleekheid van wijdstreckende velde. Verder-af verbij die tafelrand lê 'n streep kleiner koppies bowe-op rond en vas gedek met rotsstukke, maar onregelmatig nes 'n stuk werk wat in grote haas afgejaag is. Vorentoe dij sig uit 'n wijse vlakte met hier en daar 'n knoppie en bulterigheid, maar daar ver laag te'en die hemel afgegrens deur dunblouwe bergies wegwijnend so's rookstrepe in die ijler blouw van heilige lug. Nie ver onderkant die woonhuis nie blink 'n groot dam, omgroeie deur breed-spreidende wilgebome, waar die westewindje 's namiddags 'n lieflike musiek in-tower — 'n lied soms lewendig en opgewek, wat 'n mens laat denk aan huppelende kalwertjies, dan weer so temerig-langsaam, so dromerig-slepend nes 'n wegsterwende sug aan 'n afgematte ligaam ontstijg. Die groen takke wat naar onder beur met die sagte ronding van 'n swane-hals en 'n gevoel als van weke medelijde opwek, rus ongestoord in die koele weelde van die water—beeld van salige vrede! Onderkant die dam brei sig uit 'n pragtige tuin, met sijn rye van appel- en peerbome, hoog rankende priële van wingerdstokke en aangrensende lusern- en saailande. Al langs die tuinwal af staan 'n witvije-laning, hoog en breed met duisend witgeswelde arms, waar die jong vije so's klein kindervuisies aan uitloer en die teer blaartjies van jong Oktober-groen begin wijs. Voor die outijdse woonhuis met sijn strooidak en klipstoep staan 'n rij peper-boompies. Skuins agter die woonhuis 'n plat-dak stal, grof maar onvernietbaar sterk, met klipgebouw, en verder langs die rand twee groot vierkantige krale

met hekke van ongelijke populier-pale gemaak en omslote deur 'n klipmuur ses voet hoog, gemessel ver meer als 'n leeftyd. Daar lê Rietfontein 'n hele end op sij van die groot pad naar die dorp, stil en rustig die heel dag deur, eensaam onder die wijse hemel. Rietfontein, welbekend bij almal, die plaas waar Oom Willem en Tante Annie woon, waar niemand in die pad gesteeke word nie, waar elkeen welkom is, bekende of onbekende, vriend of vreemdeling, waar harte nog trouw en opreg klop, die handdruk nog warm is van hartelikheid en die oog onskuldig. Dit kan stil, ontsettend stil word op Rietfontein. In die middel van die dag kan dit gebeur dat daar geen lewensteken te bespeur is nie. Anders lijk dit vroeg in die morge als die honderde skape in vaste, bewegende banke uit die krale uitstroom en, voor hulle koers krij op hul weitog, nog so draal en hul groot musiek laat hoor — dowwe basmusiek van die ooie in volle en rijke dreuning nes dié van 'n aanstormende vloed, afgewissel deur indringende skree-note van die lammertjies; of als die kalwers, speelsiek en lustig, in darterl vrijheid hul stof-draaie maak en met onbekommerdheid die jonge dag ingaan. 's Awends word dit laat voor die menigte vee versorg is — die skape in hul verskillende afdelings gejaag, die pêrde en esels vasgebinde, die groot aantal koeie gemelk, die bediendes bij hul pondokke ingekeer. En dikwels nog lang nadat die donker in swart sluiers neergesak is, kom daar 'n droef geblêr van 'n kwalik behandelde lammetjie uit die kraal aangesewe.

Buitekant is alles nou dood stil. In die ruim eetvertrek van Rietfontein se woonhuis sit nou aan tafel om die a'endete te gebruik, Oom Willem met sijn vrouw en jongste dogter. 'n Groot hanglamp verlig die klein huisgesin en versprei genoeg lig in die vertrek om ons die meubels te laat sien. Daar is nie veel huisraad in nie, maar alles is eg. Die meeste meubelstukke is geërf en het die proef van langdurige dienste deurgestaan. Hier is nie die grillerige smaak van moderne oppervlakkigheid met die vernis van uiterlike aantrekkelikhed, voorbijgaande glans en kleurerijkdom nie. Als jij bij die voordeur inkom, dan sien jij regs in die muur-gebouw 'n prag-

tige muurkas met twee glasdeure en 'n raamwerk van donkerbruin hout. Langs die sijnmure staan rye matstoele, waar Oom Willem erg trots op is, sowel as 'n sofa met 'n donker leuning van fijn uitgewerkte balkies en 'n boom o'ertrokke met sagte kussing-werk. Daar voor in die linker hoek 'n boekrak met twee planke vol boeke van godsdienstige en stigtelike aard. In die bo'enste rij die familie-bijbel, 'n paar gesangboeke, 'n dagboek van Spurgeon, „Zions Bank”, „De peinzende Christen” en 'n paar preekbundels, o.a. „De Huiskerk” en 'n bundel van Prof. Hofmeyr. Op die onderste plank merk 'n mens dadelik 'n praguitgaaf van Bunyan's „Pelgrims Reize”, verder geskiedkundige boeke, soals „De worstelstrijd der Transvalers”, 'n paar bande van Andriessen se populair-geskiedkundige werke, „Genoveva” en eindelijk, gelukkig tamelik ver weg in die hoek, 'n paar Engelse romans, seker wat die kinders in hul skool-dage meegebring het naar huis! Te'en die muur nog 'n lief omlijste, geskilderde familie portret van Oom Willem se ouders. Onder die portret is 'n eenvoudige plank aangebring met swart-fluweel stof o'ergewerk, waarop 'n horloge staan. Dit is die hele meubel-voorraad van die eetvertrek, beskeie en eenvoudige artikels, maar stukke wat so oneindig veel kan vertel, wat uit vroeger dage stammend die huisgesin sien groei het, in al die familie-vreugde gedeel en die hare van vader en moeder sien grijs word het. Aan daardie meubels is heilige herinneringe vasgeknoop deur bande sterk en heg, wat die lange jare self met onsigbare hand gewewe het, sodat hulle 'n deel, 'n stuk geword is van Oom Willem en Tante Annie self. Want die gees wat daaruit spreek, was dieselfde gees wat in die lewe van die twee ou mense die bowetoon gevoer het: afkeer van skijn en vertoon. Ja, dit kan nie anders nie, die stukke moet in waardige harmonie wees met die gevoel en beskouing van die sewentigjarige grijsaard, wat daar aan die bô-end van die tafel langsaam sijn stukkie brood kouw en in swarmoedige gepeins voor sig uit kijk o'er die tafel heen, sonder die minste aandag te wij aan vrou en kind, wat albei kante van hem sit. Sijn langvormige gesig is versierd met 'n eerbied-inboesemende wit baard, wat in be-

hoorlike beperking gehou word. O'er sijn vriendelike wange, waar anders 'n laggie of blijheid rus, swewe nou die lijne van swaarmoedigheid. Sijn diepblouwe oge wat tot vertrouwe uitlok, is o'erskaduw deur 'n enigins o'erhangende voorhoofd, waar karakter uit spreek. Daar straal uit sijn hele wese iets aristokraties, en soals hij daar sit aan tafel met die lamplig vol o'er hem uitgegiet, kon hij 'n vors gewees hê, so sterk dring sig aan die toeskouer op die adellike wesenstrekke van 'n eenvoudige Afrikaanse boer daar ver op die eensame hooglande, waar die fijne mode nog nie heengewaai is nie en waar die Liefde nog woon. Ook in sijn bedaarde manier van praat was daar 'n fijnheid en ingebore beskeidenheid, wat jij alleen bij hoog ontwikkelde kultuurmense sou verwag. Die hoog-fijne eigenskappe wat iedereen kan opmerk bij die „Vaders van ons volk”, is meer aangebore als aangeleer. Is dit dan nie die merkteken van 'n edel afkoms nie? Want skool en opvoeding, soals ons vandag ken, het geen een van daardie waardige Afrikaners geniet nie! Willem du Pré was een van die duisende wat maar 'n maand of 'n paar weke skool gegaan het. Hij had ten minste nog die kans gehad met 'n skoolmeester in aanraking te kom, want hij is gebore in die distrik van Tulbagh en eers na sijn trouw naar die onderveld getrek. Hoe smakelik kon hij op sijn eigenaardige, luimige wijze vertel van sijn skool-opleiding! Dit was nog in die donker dage — in die dage van „Trap der Jeugd”, van meester met die bril en die stok! Toen hij kon spelle: O-p...op! en t-o-p...top! toen het sijn vader al begin ongeduldig word en praat dat klein Willem sig verder self kan help en dat hij nodig is bij die ploegerij. Maar toen klein Killem kon lees en dit met veel sukkel, inspanning, gestoot en gestamp: Er... is... m... maar... één... God,” toen moes hij op stel en sprong uit die skool, want hij ken immers genoeg ver die aanneming. Dit was sijn erforsie van geleerdheid wat hij meegekrij het en met dié magere boeksakkie moes hij die wereld in! Maar dors naar kennis het hem aangespoor tot selfopvoeding, edel karakter het hem 'n benijdenswaardige plaats toegeken in die maatskappij, waarvan hij 'n bruikbaar lid is geworde. Lange

jare ouderling, 'n ijwerige Bondsman, so het hij deel gehad aan die politieke en kerkelike lewe... en dit is die manne, die kragtige siele van die vorige geslag wat, selfgemaak en sonder ontwikkeling, die ongelijke maatskappelijke en politieke strijd moes aanbinde te'en 'n geslepe en ontwikkelde uitlander! En tant Annie, die sestigjarige, wat daar naas hem sit en meer als veertig jaar aan sijn sij swaar en lekker deurleef het..... dit is die vrouw van min woorde, met 'n hart van goud. Enig-sins geset, maar nog reg-op in houding sit sij met die flouwe skijnsel van 'n vergane blous op die bleek van haar slape so's die nouweliks nog merkbare, rossige kleuring van die sterwende sonstrale te'en die vaal-blouwerige hoogtoppe van ons berge.

Maar wat aan die kleine kring 'n besondere glans verleen, is die heerlike gestalte van hul jongste dogter Bettie, die oog-appel van die gesin. Met haar helder blouwe oge is sij die son-skijn gewees in die huis sedert die ander kinders die huis verlaat het. Twee ouder susters is lang al uitgetrouwd; twee broers boer in ander distrikte, terwyl die oudste op 'n nuwe aanleg, 'n stuk van Rietfontein, woon.

Die drie-en-twintigjarige Bettie is 'n pragtige voorbeeld van die Afrikaanse jonkvrouw. Die kind van die vrije veld is in die fleur van haar lewe, in die bloei van jeugdige frisheid. Deur die natuur rijk gesegend met lieflik golwend, goudgeel haar, hemelsblouwe oge, 'n ligrose kleur en slanke, welgevormde lede, sou iedereen Bettie mooi gevind het, hoewel nog lang nie 'n ideale skoonheid nie. Tog sou sij in die grootstedelike samelewing honderd manne bekoor hê! Maar in die afgesonderdheid van die Karroo-lewe is sij meer als dit, is sij die lewensgeluk van haar grijsse ouders en die voorwerp van die liefde van 'n brawe jonge man. In die eenvoudige kring van haar lewensbestaan kon sij beter beantwoord aan haar hoger bestemming.

Ver 'n dag of wat al was haar Pa besonder stil en afgetrokke en dit het onwillekeurig 'n somber uitwerking op die huis gehad. Want geen kleinigheid, geen alledaagse kwelling, kon die gelijkmattige siele-mooiheid van Oom Willem o'erska-

duw nie. En ook van a'end aan tafel is daar 'n buitengewone stilte. Die kos word uitgeskep, maar niemand skijn met lus te eet nie. Daar hang 'n swaardrukkende, swoele atmosfeer, wat benouwd maak en beangs — 'n soort voorgevoel van iets groots wat gaan gebeur, van iets onvermijdeliks en wreeds, wat geen mag kan afweer nie — 'n lug wat die tong als 't ware laat vasklewe en wat maak dat die uiting van 'n woord 'n ontsettend sware arbeid word so's die optel van 'n massiewe klipstuk, waar jij te vergeefs aan beur en beur... Aan Bettie haar siel dring sig buitendien nou ook nog 'n akelige gedagte op, wat sij met alle geweld probeer wurg het, sonder te slaag. Het haar verloofde, haar dierbaarste Piet dan nie onlangs skijnbaar in 'n grap gesê dat hij als geneesheer in die ambulansie wou gaan diens doen als die oorlog uitbreek nie? En, hoewel sij dit eweneens met 'n grap afgemaak het, was sij dan nie slim genoeg om agter die skijnbaar onverskillige grap 'n stuk waarheid te sien nie? Met haar kennis van Piet se mannelikheid en volksgevoel was die gedagte dan nie genoeg om haar beweeglike vrouwe-gemoed met vrees en kommer te vervul nie? En kon sij help dat die spook van 'n gedagte nes 'n hatelike slang sig koud en grillig maar altijd vaster en vaster om haar keel gevouwe het? Maar al haar vrees en besorgdheid het sij als 'n ongenaakbaar geheim in haar binnenste opgesluit, en niemand sou gedroom het van die knagende angel in haar siel, toen sij die ondragelike stilte breek met 'n belangstellende vraag, als wil sij sigself vergeet.

„Hoe is Pa dan so stil?” sê sij op smekende toon. Maar voordat Oom Willem nog kan antwoord, val tant Annie in, wat die eigenlike oorsaak graag wil vermij en iets anders soek om die kind tevrede te stel: „Ag, Pa is seker moeg. Pa moes vandag naar heel wat dingetjies kijk, nou dat Servaas dorp toe gegaan is... Alles sal wel regkom.”

En met 'n stem waarin die worsteling van ongerustheid en kommer duidelik deurklink, sê nou Oom Willem: „Alles sal regkom... ja, moeder, ek benij jou geloof, maar dit is ver mij al of ons dage van sonskijn voorbij is.”

Sulke woorde is ver Bettie 'n raaisel en het dadelik 'n

skokkende uitwerking op haar reeds angstig gemoed, maar daar sal van a'end 'n nog bitterder leed haar siel deurboor. Haar gebiedende vraag: „Ma, wat beteken dit tog alles?” kon tant Annie nie weerstaan nie en sij kom nou self voor die dag met wat sij onbesproke wou laat.

„Ag, Bettie, Pa kwel hom o'er die oorlog, wat so baing o'er gepraat word en wat misskien nie eens sal gebeur nie.” En sijn hoofd oprigtend alsof enigsins geprikkel, begin nou Oom Willem eers bedaard, maar geleidelik toegewend aan sijn gevoel: „Moeder, mijn hart sal mij nie bedrieg nie. Dit is bij mij nou 'n uitgemaakte saak, ek voel dit: die oorlogsvuur sal brand en die bloed van ons eige familie en vriende sal vloei..... en dit is nie alleen ons huis nie, maar die lot van ons hele volk, wat mij so terneer druk.”

„Maar Pa,” val Bettie hem in die rede „ons is onder Britse beskerming en sal mos nie in gevaar kom nie.” En Bettie haar naëwe geloof was in daardie woorde, want sijn het nog nooit aan al die mogelike gevolge gedenk wat 'n oorlog tussen die Republieke en Engeland ver die koloniale Afrikaner kan hê nie. En met wat meer nadruk en erns antwoord haar Pa: „Ja, d'is waar, ons is onder Engelse beskerming. Maar dat is ook waar dat Engeland se vijande ons broeders is, ons eige vlees en bloed, ons familie en vriende! Geen een van ons weet wat oorlog is nie... maar let op mijn woorde, die vuur sal brand van Noord tot Suid..... en dit is mij alsof..... ek die einde nie sal belewe nie.”

Bettie en haar moeder het die betekenisvolle woorde van Oom Willem maar half verstaan, het maar half beseef welke verreikende waarhede daarin skuil. Maar sijn laaste woorde, geuit in dowwer toon en met o'ertuiging, het krag en diepte gehad, en in sijn blik was daar iets van 'n profet. Instinktmatig het Bettie en haar moeder gevoel dat dit nie die ogenblik nou is om verder te praat nie.

Om sake 'n gelukkiger wending te gee, wenk tant Annie ver Bettie om die Bijbel te bring. Die volgende ogenblik is die Bijbel voor Oom Willem. Hij blaai daarin rond, soekende naar 'n gepaste woord.

„Laat ons lees Psalm 121”, seg hij, en met dieper gevoel als ooit en 'n weemoedige trilling in sijn effens growwe stem, begin hij die bemoedigende woorde te lees, wat altijd en altijd weer die rosegeur van heilige poësie versprei, omdat hul ontstaan is in die reine lug van goddelike inspirasie — woorde wat deur die lange eeuwe heen van menselik lijde en worsteling aan millioene 'n bron van opbeuring en troos was, hemelse douw die wonde verkoelend, waar aardse pijn brand:

„Een lied Hammaälôth.

„Ik hef mijne oogen op naar de bergen, van waar mijne hulp komen zal. Mijne hulp is van den Heere, die hemel en aarde gemaakt heeft. Hij zal uwen voet niet laten wankelen; uw Bewaarder zal niet sluimeren. Ziet, de Bewaarder Israëls zal niet sluimeren, noch slapen. De Heere is uw Bewaarder; de Heere is uwe schaduw, aan uwe rechterhand.....” En hier word haastig geklop. Dit is Servaas wat binnetree met die pos en sijn jobstijding.

HOOFDSTUK III.

DIE AFSKEID.

Dieselfde a'end vlieg daar ongeveer 'n uur na Servaas tussen die koppe deur naar Rietfontein op 'n vinnige vospêrd, 'n ruiter, 'n jong Afrikaner, met groot planne, met die moed en beslistheid van 'n held. D'is die eerste rit van a'end van 'n besielde Kolonialer naar 'n slagveld, wat so groot sal word als bijna die hele beskaafde Suid Afrika, naar 'n oorlog, wat nie sal o'ertroffe worde in gemene gruweldade nie en sal eis die nobele, warme lewensbloed van duisende en duisende eerlike strijders, naar 'n beskaafde bloedtog, waar die eer en lewe van duisende vrouwe en kindere sal verwoes word, waar kostbare eigendom sal opgaan in vuur en rook en die winde met die as sal speel — die lewensvljijt van jare — naar 'n hopelose worsteling van 'n herdersvolkie te'en 'n europese reusemag. Dr. Piet Marais, geneesheer op die dorp en verloofde aan Bettie met wie hij binnekort sou trouw, is op pad naar sijn dierbare landgenote in gevaar. Die heerlike, koele lug skuur o'er sijn wange of jij met 'n klam lap daaro'er vrijwe en verfris sijn brandende voorhoofd, waar hij die hange afduik op stijwe galop, altijd verder en verder, want daarbinne in sijn harsens kook en bruis dit. Daar brand 'n vuur, daar gloei 'n drif, 'n hartstog wat geen stormvloed sal uitdoof nie, daar setel 'n beslistheid, wat die teerste bande nie sal verander nie. Hij het altijd nog gehoop dat dit nie sou nodig wees nie, die grote selfverlogening. Hij het altijd geglo dat 'n mens jou lewenspad feitelik self uitwerk, maar nou erken hij, nou voel hij dat daar magte is groot en geweldig wat gebiedend instorm en die klein plannetjies van swakke mense vernietig. Hij is onder die besef gekom van sijn sedelike verpligting te'eno'er sijn land en volk, en 'n dringende stem in sijn binnenste roep hem op tot dade. Dit het strijd gekos om

sover te kom. Dit was 'n grote o'erwinning die dag, toen Piet sig onderwerp het aan die hogere plig, toen eige belang, voordeel en geluk moes plaas maak ver die grote nasionale belang, toen die individu moes opgaan in die algemeenheid.

Die tijding van die oorlog het 'n grote ontroering teweeggebreng bij die Du Prés's. Ver Bettie was die nuws oneindig meer onheilspellend als haar ouders ooit kon droom, die kou'e slang om haar keel het sig stijwer en stijwer gevleg! Oom Willem het nie veel gepraat nie, maar was seer aangedaan. Bettie haar hart was te vol ver woorde en haar ma het vanself nie vra'e gestel nie. Daar is nou stilte gekom, 'n lastige stilte in die klein huisgesin, terwyl Oom Willem in ernstig nadenke aan sijn pijp sit suig. En lang voor haar ouders hoor Bettie al 'n pêrde-ruiter daar ver aankom naar die plaas, en hoe nader en duideliker die hoefslage val, hoe harder klop haar hart, hoe geweldiger slaan dit dof en swaar langs haar slape, bijna hoorbaar!

Sou haar diepste vrees so opeens 'n werkelijkheid worde? Sou dit Piet wees? Maar waarom moet sijn hem dan nou hier verwag en dit te pêrd? 'n Paar minute later is daar voetstappe en geklop, en Piet Marais tree binne. En terwyl die lamplig vol op sijn gestalte val — 'n middelmatige hoogte, gesette figuur, bruin haar en oge, kaal geskore breë ken, kort snorbaard, o'erigens ope en besliste trekke — en Bettie op hem toeloop om hem te groet, woel daar 'n mengeling van gevoele in haar siel. Sijn is blij en verras om hem te sien, sijn is trots op haar liefhebber en beminde, op haar eige Piet, so's hij daar voor haar staan, vol en rijk van gesondheid, in die krag van sijn mannelikheid, met sijn onnoembaar soete glimlag, maar dan weer is dit of haar ademing wil stilstaan in die ans dat sijn koms 'n slegte teken bedui. Met 'n losheid van beweging en sijn gewone beleefdheid, wat in die regel die man van kultuur en wereldkennis kenmerk, gaan hij nou naar sijn aanstaande skoonouders met die woorde: „'n Onverwagte besoekie, nie waar?’’

Oom Willem, wat nie die minste kwaad vermoed nie en ver wie Piet se koms in meer als één sin verrassend sal wees,

seg daarop ewe hartelik : „Ja, want anders kom jij nie om dié tyd nie, is daar ernstige siekte ergens?” Maar voor Piet nog kon antwoord, val Oom Willem se oge op sijn rij-kamaste en krij hij weer gedagte dat Piet te pèrd gekom is, wat op sigself al enigins vreemd is. Hij vra nou dadelik :

„Maar sê eers, hoekom is jij dan te pèrd, dis mos nie die gewoonte nie?”

„Nee, Oom, ek kom nie o’er siekte nie, ek kom maar net ’n beetje kuier”, sê Piet met huiwerende, half geheimsinnige stem en gaan sit. Bettie kan dit nou nie langer hou nie, sijn moet hem direk vra wat sijn koms beteken, al kos dit haar ook wat, sijn kijk hem skerp en vol in sijn oge, verenig al haar geesteskragte en breek die vreeslike spanning met haar vraag :

„Piet, sê reg-uit waarom jij van a’end hierheen kom. Ek wil alles weet, moenie meer wegsteek nie !”

Die vraag is uitdagend en gebiedend en Piet moet waarlik min deursig hê om nie tussen die lijne te lees dat die intuitiewe vrouweblik die bedoeling van sijn besoek al gepeil het nie.

„Ek het Servaas van middag in die dorp gesien. Hij het julle wel alles meegedeel. Dit is dus onnodig ver mij om te sê dat die oorlog eindelijk uitbreek is.”

Piet kon sijn gevoel nie onderdruk bij die uiting van sijn laatste worde nie; daar was in sijn stem iets so droefs en gemoedeliks, ’n klank wat Oom Willem en Tant Annie nog nooit bij hem gehoor het nie. Maar Bettie ken hem, hij hoef ver haar niks meer te sê nie, sijn hele houding en uitdrukking bewijs dit : Piet gaan naar die oorlog, hij kom haar groet, sijn grap was diepe, ernstige waarheid ! Honderd gedagtes, gevoele en gewaarwordinge speel ver ’n ogenblik hul wrede spel in die ontvankelike vrouwesiel van Bettie, als laggend in hul vrije dans o’er haar onbeheerste Ik, wat so’s ’n boot sonder bemanning kantel en keer tussen wilde bare, maar haar ewewig terugwinnend, dwing sijn hulle met magtige wil tot onderwerping en voorgewend dat sijn die posisie nog nie helemal begriip nie, seg sijn half ongeduldig :

„Maar, Piet, wat het ons in die Kolonie daarmee te doen? Die oorlog is tussen Engeland en Transvaal.”

En hier krij Piet moed om lug te gee aan sijn o'ertuiging, onverbloemd, om sijn hart uit te praat.

„Bettie, hoe kan jij so praat? Is ons dan nie 'n deel van dieselfde mense wat daar anderkant die Oranje rivier woon nie? Is hulle nie ons vriende, ons bloedverwante, ons eige mense nie? Die politiek mag sijn grenspale afbaken, sijn officiële lijne trek — wat sal dit baat? Kan dit misskien skeie vlees van vlees, en bloed van bloed? Ons is een met hulle in taal en tradisie! Welke mag is daar wat kan gebied: julle sal nie saamvoel, saamween, saamstrij, saamlj en als dit nodig is saamsterf nie? Wie sal volk van volk skeie als die Dood dit nie kan doen nie? Hulle onderdrukking is ons onderdrukking, hulle gevaar is ons gevaar! Tas Engeland ver hulle aan, dan raak hij die hele Afrikanerdom, en ver wie volk en taal nie maar lege klanke is nie, wie trots is op sijn volk se verlede en geloof het in 'n nasionale toekoms, moet nou in die bresse spring en veg op lewe en dood. Daar is geen tijd te verlies waar die volksbestaan bedreig word nie!”

Naarmate Piet se redenaarsvuur hoger en hoger gevlam het, want hij was nie 'n man wat sijn gevoel kon forseer in sulke kritieke ogenblikke nie, is Bettie langsaam teruggetree naar die sofa, het sijn haar hoofd laat sak met die gevoel van o'erweldigende pijn. Daar is nou 'n pijnlike stilte, want Oom Willem, hoewel innerlik opgewonde, is 'n man wat sig ten volle kan beheers en eers sal tijd neem voor hij praat.

„En als dit dan jou plan was naar die oorlog te gaan, Piet, waarom het jij mij nie daarop voorberei nie?” is al wat Bettie met moeite kon uitkrij, hoewel met 'n wonderlike be-teugeling van gevoel.

„Dit is waar, jij is nie voorbereid nie,” sê Piet met self-verwijt, „maar ek het vas gereken dat die oorlog nie sou uitbreek nie. Maar nou is dit eenmaal so ver. Jij het reg, ek kom groet. Nog van nag moet ek verder en morge a'end hoop ek anderkant die Oranjerivier te wees. Ek weet wat die stap be-

teken ver jou, ver ons, ver mij..... maar ek kan nie anders nie.”

„Piet”, begin Oom Willem bedaard en koel met die toon als van iemand wat vaderlike raad gee, „ek bewonder jou volksliefde, maar jij het nog ander pligte, ook te'eno'er jou owerheid.”

„Nee Oom, mijn heilige plig en gevoel roep mij naar die slagveld,” antwoord Piet beslis.

„Ek is onkundig, Piet, en jij is 'n geleerde man,” hervat Oom Willem, onder die heilige erns van die ogenblik, „maar dit spijt mij dat ek van jou moet verskil. Als jij van a'end 'n Transvaler of 'n Vrijstater was, dan moes jij mee-gaan, want dan moes jij als burger gehoorsaam wees aan die bevel van jou regering of jij nou wil of nie. Maar nou is jij Britse onderdaan en, tot Engeland een dag die swaard te'en ons trek of ons op onregvêrdige manier onderdruk, het ons geen reg om te'en haar te veg of haar vijande te help nie, al is dit ook ons eige bloed. Ons mag nie sonder oorsaak te'en ons regering opstaan nie. Doen ons dit, dan rebelleer ons, dan besondig ons ons te'en God en dan sal Gods hand ook seker te'en ons wees.”

Daar is so 'n volheid van o'ertuiging en geloof in die grijsaard se woorde, dat dit elkeen onder gelijke omstandighede tot nadenke sou bring, en ver Piet is dit uiters onaangenaam dat hij nou in onverwagte botsing gekom is op 'n ogenblik van so groot betekenis ver Bettie en ver hem — 'n kritieke tijdstip, waarin die gevoel so teer is, waarin menig onskuldig woordjie, wat anders onopgemerk sou voorbij gegaan het, sulke seer steke kan indruk! Niks sou Piet liever wil vermij het, als juis dit nie! Op enig ander gelegenheid sou so'n redenering sijn lewe en lus gewees het, want hij het altijd gehou van gesonde gedagtewisseling. Maar nou, waar dit sijn eige handelwijse geld..... waarom juis nou? Maar uit die redenering van Oom Willem volg dit duidelik dat die botsing onvermijdelik is. En hij sal sijn man staan.

„Nee, Oom Willem, uw kou'e redenering sal nie stand hou te'en sterke hartstog nie, dit vergaan daarin. Dit is prij-

senswaardig en goed om onderdanig te wees aan jou owerheid, maar daar kom 'n tijd, daar was sulke tij'e, waarin die gevoel van die volk, groot en magtige gevoel, alle wette vernietig en hul onder die voete vertrap! Tij'e waarin die wil en die stem van die volk ver niks ontsien nie en o'er alles triomfeer! Die meeste mense word gelei deur hul gevoel en minder deur hul verstand. En opstand, rebellie is op sigself nie so 'n kwaad nie, Oom Willem! Het u al daaraan gedenk wat van die rebellie word als die opstandige partij wen? Dan is daar met eens geen rebellie meer nie. En dit het al dikwels gebeur, ja dikwels was rebellie ook 'n noodzakelik iets en daarbij 'n groot segen ver die wereld."

„Ja, Piet, jij weet soveel meer als ek, jij ken die geskiedenis. In mijn dage was ons met min tevrede. Maar jij het al die kanse gehad, en daarom kan jij baing dinge sê, waar-o'er ek nie kan oordeel nie. Maar ek hou mij aan Gods woord, want daar staan: „God heeft de wijsheid dezer wereld tot dwaasheid gemaakt.” En die Bijbel sê uitdrukkelijk: „Alle ziel zij de machten over haar gesteld onderworpen”, en meer ander plekke leer ons hoe God die opstandelinge straf en hoe zijn toorn op hul rus. En ons mag nie te'en God en Zijn heilig gebod gaan nie! Jij sê, dat die meeste mense hul gevoel o'er hul laat baas speel. Maar jij het tog genoeg verstand om dit nie toe te laat nie. Piet, Piet, ek word bang om jou entwil als ek denk aan die gevaar wat jij tegemoet gaan. Als jij gevang word, kan jij met die dood gestraf word!”

„Ek respekteer Oom Willem se opinie, want ek weet dat u daardie Bijbeltekste letterlik opvat. Maar hoe gemaak als ek u nou verseker dat dit juis mijn verstand is wat mij die stap laat neem het? Ek het lang geredeneer voor ek sover kon kom, want dit beteken dat al mijn planne die onsekerheid ingestuur word, maar die stem van die Plig is te sterk gewees. Dit is 'n heilige plig wat jou roep om jou nasie in gevaar bij te staan, d'is 'n hoge plig wat jou gebied om die wonde te verpleeg, om die smarte van lijdende mense te versag. Oom Willem, ek moet sleg wees om aan dié stem ongehoorsaam te wees en 'n lafaard kan ek nooit word nie.”

„So is dit dan nie jou plan om te gaan help veg nie, Piet, maar om die arme gewonde bij te staan?” vra Oom Willem met meer tevredenheid en 'n toon van merkbare berusting.

„Juis, Oom,” antwoord Piet, „nie om die wapens aan te pak nie, maar om te herstel waar die swaard afgebreek het, om pijn te verminder en als dit *moet* wees, om die dood minder swaar te maak! Ek gaan om in die Boer-Ambulansie te werk en wil probeer om op dié manier mijn deel bij te dra — om op dié manier mijn eerlike plig te doen te'eno'er mijn volk. Het mijn nasie, mijn eige bloed nie die eerste aanspraak op mij nie? En wie sal mij terughou van mijn plig te doen, mijn owerheid of privaat belang? Hoe swaar ander dinge ook mog weeg, ver 'n jong Afrikaner in mijn posisie is dit genoeg om van jou eige mense te hoor kerm in hul pijn of te sien worstel met die dood! En al is dit ook jou vijand wat hulp nodig het, wie sal nie jou kennis en kragte gebruik ver jou medemens in nood nie? Julle sal dus verstaan hoe ek sover kon kom en waarom ek onmogelik kan thuis blij — liewers die swaarste opoffering als selfverwijt!”

„Piet,” antwoord Oom Willem, „nou verstaan ons mekaar beter. Als jij o'ertuig is dat dit jou plig is om te gaan, dan sal ek geen moeilikheid in jou pad lê nie. Dit sal baing swaar wees ver Bettie en ver ons..... die gedagte.....”

Hier volg 'n kleine pause, alsof die ou man naar 'n woord soek en waarop hij weer voortgaan met 'n gevoelvolle stem:

„Maar gaan gerus, Piet, want jij het 'n edel doel. Mog God, wat alles so beskik, jou bewaar en naar ons terugbreng! Ons sal ver jou bid! Ek sien bloed en ellende Hoeveel sal nie vermink word of in ellende omkom nie? Hoeveel weduwes en wese sal die oorlog nie ongelukkig maak nie? Hoeveel tranes en pijn? En wat sal die end wees? Die Afrikaner is dapper, maar Engeland is magtig..... maar..... bij God is niks onmogelik nie! Hij weet beste, Hij beskik alles, Hij kan geen fout maak nie. Mog die Here jou bewaar en gouw weer ver ons bij mekaar bring! Die oorlog mag kort wees, maar dit kan ook lang aanhou..... en dit is mij al alsof ek die end nie sal belewe nie!”

„Ek is seker, Oom Willem sien dinge te duister in,” antwoord Piet bemoedigend.

Daarop word allerhande belangstellende vrage aan Piet gerig. Hij vertel van sijn voornemens, hoewel hij nog geen sekerheid het waar hij ver eers sal te lande kom nie. Hij sal die naaste pad kies naar die Boere, bij die Rooi Kruisafdeling aansluit en, naar hij hoop, ter wille van sijn posisie, altijd in staat wees om briewe deur te krij en deur 'n rooskleurige skildering van wat waarskijnlik, naar menselike berekening, sijn aandeel aan die oorlog sal wees ... 'n skildering, waarbij hij met grote skeppe put uit sijn rijker kennis van ambulansie-werk, soals bekend uit die geskiedenis van vroeger oorloge, en waarbij hij sijn verbeelding 'n tamelik vrije vlug laat neem — geluk dit hem die ou mense altans tot 'n kalmer stemming en meer gelatenheid te bring.

Daarop neem Oom Willem en Tant Annie van hem afskeid, omdat daar nog 'n belangrike stuk op die a'end se program moet uitgevoer worde. Dit is handdrukke warm en eg van Oom Willem, vergeseld van sijn segen, vaderlike vermaning en heilige wense, waarbij hij Piet opdraag aan die genadige leiding en bestiering van God; van Tant Annie krij hij soene en wense moederlik — innig en moederlik — onbeperk, terwyl haar sagte stem wegraak van gemoedelikheid en o'er haar oge, wat tederlik opkijk naar Piet met die heilige straling van duiwe-reine opregtheid, daar 'n vogtigheid begin skemer met 'n waas van namelose weemoed. Enige ogenblikke daarna is Piet en Bettie alleen in die vertrek.

Op die outij'se sofa sit sijn roerloos, met haar hoofd voor o'er gebuig en haar oge naar die grond, terwyl Piet saggies nader tree, sijn hand teer op haar hoofd laat sak en dit dan so ongemerk te'en sijn lijf laat aanleun.

„Bettie, ek voel baing jammer, ek is innig spijt dat dinge nou so moet loop, dat ek so onverwag op jou moet afkom, dat ek jou.....”, begin hij, maar breek kort af met die instinkt-

matige gevoel, dat dit beter is om nie te veel te praat met eens nie. Haar antwoord was 'n blik, 'n deuringende blik, half weemoed, half verwijt, maar tog so vol van rijke, reine liefde, en toen kijk sij weer weg. En voor Piet se gees daag daar nou op die hele geskiedenis van hulle twee se verhouding — lange jare van skeiding, verlange, liefdepijn, verwagting, planne! Hij sien haar weer so's lang gelede met lang los haar, nog 'n kind in ongebonde lag! Hij sien haar weer waar sij met hem die steile pad van 'n berg in die westelike provinsie uitklim op 'n vrolike piekniek, altijd hoger op onder koele boomtakte deur sômtijds, tussen rotsblokke deur, waar ruisende stroompies in lewe en gesels en speel, om eindelik daar bô op 'n klip uit te rus en ver weg te kijk o'er die pragtige wereld van huise, bome, lande, berge en sonskijn — albei met harte kloppend nie van inspanning nie, maar van geluk; sij nog skaam en terughoudend, sodat hij geen kans kon krij om haar 'n teer woordje toe te fluister nie!

Op 'n gesellige plaas in die westelike provinsie het Piet en Bettie heel toevallig bij mekaar uitgekóm in 'n kort Aprilvakansie. Dank aan die gastvrijheid van die besitters, was op dié plaas gedurende die vakansie-dage altijd 'n aantal meisies en jongetjies bijeen van verskillende skole en inrigtinge. O, welk 'n lus was dit om die jonge lewe te sien lag en pret maak op die liewe Eikeheuvel — jong kweekgras om op te rol, vrugte, musiek, sang en plesier partije! Die agtienjarige Bettie was op skool in 'n „seminarie" nie ver van Kaapstad nie en Piet was student in wiskunde en natuurwetenskappe op Stellenbosch. Hij het dadelik op Bettie verliefd geraak — dit was sijn eerste en enigste liefde. Van die tijd af het haar beeld gedurig in sijn bewustsijn geleef, het hem met 'n ongekennde moed en opgewektheid besiel, sodat sijn laaste kwartaal van kollegelewe, waarte'en hij vroeger so opgesien had ter wille van die moeitevolle voorbereiding ver die B.A. eksamen, ver hem die gelukkigste en plesierigste geword het. Dit was hem of sijn gees 'n herlewing, 'n nuwe tydperk bereik had van waar die uitsig hem 'n dieper en voller betekenis van sijn bestaan skeen te gee. In Junie het hij sijn B.A. graad

behaal en in die daarop volgende vakansie 'n tjdjie bij Bettie op Rietfontein deurgebring.

Hierdie tjdjie was rijk aan ondervinding ver albei. Heel spoedig het hul mekaar in die regte lig leer sien. Daar was soveel eenheid van denkwijse, wederkerige liefde en vertrouwe, dat Bettie, selfbewus en rijk genoeg ver verantwoordelikheid, haar woord kon gee, sonder swarigheid te sien in die lange jare van skeiding, waarin Piet sijn studies sou voltooi daar ver anderkant die seewater. Die band deur kinders geleg, het stand gehou. 'n Maand daarna was Piet al op weg naar Europa en had nog die gelegenheid om Bettie 'n besoek te bring, waar sij al weer aan 't leer was op die „seminarie”. Dertig minute van samesijn werd hul toegestaan als besondere guns. Want Piet was geen neef of broer van Bettie nie, en Bettie was 'n skoolkind! Ja, die principale van so 'n bôlandse meisies-inrigting had destijds vrij onbeperte mag en geen genade ver jonge mans nie, selfs nie ver 'n arme student wat met 'n verskeurde hart en verslage gees moet afskeid neem van sijn dierbaarste op aarde en dit ver baing lang tjd. Bettie is toen naar haar kamer gegaan en..... wat sij daar gemaak het, sal iedereen wel weet wat van meisies kennis het. Sij wou die a'end nie gaan eet nie en dit het haar in verder moeilik-hede gebreng met die principale. Arme Bettie en Piet, welke reggeaarde sou nie medelijde hê met julle nie, slagoffers van 'n vreemde sisteem, wat geen voeling hou met nationale instinkt nie, die vrije, mooie, diep gewortelde Afrikaanse omgang tussen jongetjie en meisie als 'n gruwelike kwaad vernietig, die lieflikste bronne van ware ontwikkeling toesluit en die spot drijf met volkskarakter en taal? Met bitterheid en droefheid is Piet dié dag per trein naar Kaapstad. In Duitsland het hij fluks gestudeer. Na vijf jaar het hij sijn dokter-eksamen met goed gevolg afgeleg, waarna hij nog enige tjd werkzaam was in die hospitale. Nie lang na Piet se vertrek is Bettie ver goed naar huis, waar sij in rein Afrikaanse omgewing kon laat uitdamp die gevaarlike gif-bestanddele wat hulle haar daar in die „goeie” skole van die Bôland so mettertjd ingebrouw het. Want Bettie haar selfstandigheid en

onbewus nationale gevoel sou alleen skade lij, nie ondergaan nie op die „seminarie”, en anders als honderde van haar geslag, wat Egyptenaresse geword het, sou sij die betere kieme bewaar om later voortgekweek te word. Meer als eenmaal het sij gegriefd gevoel dat sij haar eige taal nie mog praat nie en in haar „sonde-boekie”, wat later als ’n kuriositeit bewaar werd, kon ’n mens bijna bladsij ver bladsij lees selfbeskuldiging as: „Spoke Dutch 10 times”, „Spoke Dutch 20 times”. Sij is intussen opgebloeit van kind tot ’n skone jonkvrouw. Meer als een het haar hand probeer win, te vergeefs. En toen Dr. Piet Marais sig enige maande gelede op Steenburg kwam vestig, was hij o’ertuig dat jij in die hele land nie ’n beter noi sou opdoen als sijn Bettie nie! En terwyl hij daar naas haar staan, maak die herinnering aan die verlede, wat deur sijn harsens speel, hem week, en vooral die gedagte aan hul planne vir die huwelik, wat onder hul twee al meer of min vasgestel was. En die man wat soveel maal in die gees al afskeid geneem het, wat sijn woorde almal agter mekaar geset het, wat besluit het om sake so gouw als moegelik af te handel en nie toe te gee aan sentimentaliteit nie, dieselfde man voel hoe langer hoe meer dat die grond wegskuif onder sijn voete. Hij behoort haar beter behandel te hê. Waarom het hij haar nie vroeger al sijn planne met betrekking tot die oorlog eerlik vertel nie? Die teleurstelling moet nou ver haar soveel groter wees. En dit wil hij haar aandoen, sijn Bettie, wat jare en jare op hem gewag het, sijn Bettie wat hij so ontsettend lief het! Maar kijk, daar kom dit weer al duideliker voor sijn gees so’s ’n langsame ontwaking uit die slaap: vaderland en volk gaan vóór eige belang. Nee, dit moet nou eenmaal gebeur en hoe eerder hoe beter! Maar wat sal hij aan haar sê? Hij glij naas haar neer op die sofa, druk haar vas in sijn arme en sê sag: „Mijn liefste kind, jij neem dit te ernstig op; ek is seker, jij sien die dinge te donker in. Die doel wat ek voor gaan, stel mijn lewe bijna nie in gevaar nie.” Sij laat hem ’n rukkje wag en antwoord:

„Dit is te veel op eens, ek het dit nie verwag nie.”

Maar nou eers, dat die stroom van jonge, gesonde lewe,

dat die warme vloed van haar asem o'er sijn wange ruis, besef hij hoe swaar dit hem sal val haar vaarwel te sê.

„Ag, jij moenie onwillig wees nie. Die lewe is maar so. Ons maak planne, mooi planne ver die toekoms, en dit lijk of niks 'n mens sal hinder nie, maar dan met eens kom daar omstandighede wat niemand van gedroom het nie en hulle vernietig en vergruis dit alles. Dit lijk dan so donker en swaar, so bitter om te dra. Maar wie weet waarvoor dit goed is. 'n Mens kan jou nie verset te'en die magte wat bô en buite jou om werk nie — hulle is geweldig en sterk. En al wat ons kan doen is om te berus en te hoop. Dit is die vaderland, liefste, ons eige volk wat roep. Van dat ons ver mekaar leef en voel, was dit ons ideaal om ons eige mense te dien, om hulle op te help. Dit is tog jou doel sowel als mijne! En nou dat die volk in groot gevaar is, welke roepstem kan ernstiger en dringender wees? Sal ons dan bij die eerste toets ontrouw wees, al lijk dit hoe groot en ono'erkomelik? Geen opoffering mag te groot wees in so 'n tijd, geen privaat belang mag in die weg staan, van wie beslote is sijn plig te doen nie. En ek is o'ertuig dat die vrouw wat ek lief het, wat ek uitgekies het om swaar en lekker met mij te deel, die vrouw van mijn hart en mijn vertrouwe, ver niks sal terugskrik nie — dat sijn nie onwillig sal wees nie, maar mij selfs sal ondersteun en voort-help.”

„Jij kan dit mooi voorstel, Piet, nadat jij tijd gehad het om planne te maak en jou te versoen met die gedagte. Dit is glad nie dat ek net aan myself denk nie. Jij ken mij goed genoeg om te weet dat dit anders is, dat ik nog nooit bang was om myself op te offer, ja dat geen opoffering te groot is ver ware liefde nie. Dit is ook nie omdat ons trouwplanne daarmee in dui'e val nie. Ek gee nie om, nog tien jaar te wag nie. Maar dit is die vreeslike onsekerheid waarin 'n mens gedurig sal verkeer. O, ek wens dat ek ook iets kan doen so's jij! Dat ek kon meegaan en help — iets te doen! Maar stil te sit en geen tijding te krij nie, dit maak mij so bang! En dan, dit is seker verkeerd van mij om dit te sê, maar dit lijk of jij so maklik kan afskeid neem, of dit jou nie so veel kos nie!”

„Maklik, sê jij! Alsof dit maklik is om in so 'n tyd jou liefste op aarde agter te laat en haar teleur te stel! Of weet jij *nog* nie hoe lief ek jou het nie? Nee, hoe sal jij dit ook weet? Hoe sal jij weet hoeveel redenering en denke dié stap mij gekos het, hoeveel nagte sonder slaap, hoeveel pijn? Duisendmaal in die laaste dage het ek ons twee se geskiedenis weer deurgedenk, nee meer deurgelewe en deurgevoel! Jij, liefste Bettie, jij alleen was begin en einde van mijn denke, hoe dit jou sou affekteer, wat dit ver jou sou beteken... want wat is daar wat mij kan gelukkig maak als dit nie jij is nie, jij met jou glimlag, jou liefde en jou skone siel? Nee, nee, geen man wat voel so's ek, doen maklik so iets nie.”

Die aanduiding in Bettie haar woorde alleen was genoeg om aan Piet se jonge, sterk voelende hart sulke warme, egte taal te ontlok, om hem te laat uitkruip uit die masker, waarin die dwang van omstandighede hem ver 'n tijdjie vasgeknel het. En daar was so'n innigheid in sijn taal en uitdrukking, so 'n opehartigheid in sijn woorde, so 'n erns in sijn verklaring, dat 'n mens nie anders kan als volle vertrouwe krij in die opregtheid van Piet Marais nie.

En so rus hulle ver 'n rukkie die een aan die ander se hart, stil en sag, sonder 'n woord wat wreed sou val op die tere bodem van plegtige Liefde, waar gedagte swakker word, losraak van die aarde en begin swewe nes bij iemand wat insluimer, waar gevoel sterker en intenser word en gedagte op-hou, waar alles vaal word en skemerig en wegdrijf, vèr weg... weg, als op reuse-vleugele o'er berge en afgronde, o'er seeë en wereld sonder end..... 'n ogenblik waarin die verlede ver-geet is en die bange toekoms, 'n ogenblik van rus en salig-heid!

„Piet,” sê sij eindelijk heel sag en met huiwering in haar stem, „daar is iets wat ek jou moet vra. Maar ek is half bang om dit te doen. Ek moes dit al lang gedaan het, ek het ver-suim, en ek sou dit van a'end ook nie doen nie, als die ogen-blik nie so ernstig was nie. Maar ek mag jou nie laat gaan sonder 'n antwoord, 'n duidelike antwoord nie.”

„Ek hoop altijd bereid te wees jou 'n duidelike antwoord te gee op elke vraag, mijn lief.”

„En jij moet mij belowe, dat jij mij nie sal kwalik neem nie,” laat sij enigszins besorgd daarop volg.

Ver Piet was die buitengewone inleiding en die apologetiese toon bepaald bevreedend en allerhande vrage en vermoedens kom daar in sijn binnenste op wat dit kan wees.

„Seker nie,” sê hij bemoedigend, „jij het reg om enig iets van mij te weet.”

„Goed dan. Daar is iets wat mij hinder, baing lang al. Jij onthou dat ons voor jou vertrek naar Europa dikwels geskrywe het o'er geestelike dinge. En dit was mij so 'n genot, die versekering te hê, dat ons eners denk o'er godsdiens. Jij het nooit ontsien om daaro'er te praat nie. Ek sal nooit cergeet wat jij gesê het die dag, toen jij mij op skool kom groet het nie. Jij was nie lang in Europa nie of ek het opgemerk dat jou briewe sulke dinge liefst vermij. En, waar jij daaro'er gepraat het, was daar 'n vreemde toon in, iets wat ek nie heeltemaal kon verstaan nie... ek erken, ek moes jou al eerder gevra het...”

Sê mij tog eers,” val hij haar in die rede, „of jij denk dat ik die kwessie *opsettelik* vermij het of dat dit *natuurlik* so geloop het?”

„Ek glo nie dat ek mijsel self sulke vrage gestel het nie, ek het alleen gedenk dat jij 'n verandering ondergaan het.”

„Wel, liefste, neem jij dit die eikeboom kwalik dat hij sijn takke breed uitsprei naar alle rigtinge en nie so reg-op groei nes die populier nie?”

„Sekerlik nie, elke boom moet groei naar sijn aard, maar wat bedoel jij daarmee?”

„Wel,” antwoord hij met 'n stem als van iemand wat veel ondervinding en kennis het, wat wil raad gee en onderrig, „so's die bome groei, net so is dit ook met die mense. Partij mense groei reg-op, in een rigting; die begrippe van vroeger is ook nog die begrippe van later, alleen dikwels 'n beetje verder uitgeklim, maar dit het altijd een koers, dit blij in een

kanaal. Ander mense weer ontwikkel naar alle kante, soek in alle rigtinge stof en elemente om gees en siel te voed, neem dit op in hul sisteem, waar dit meewerk tot kragtige en gesonde bloei. Dit geld ewe goed ook van die godsdienstige ontwikkeling. Daar is mense wat blij vashou aan die begrippe wat opvoeding, onderhuis en omgewing vroeg in hul lewe op die siel afgedruk het. Hul gedagte op stuk van godsdiens is vasgegroeï en hard geword, dit kan nie beweeg word nie, dit is nie buigsaam nie, dit neem geen notisie van die stormwind nie, maar daarom ook kan dit nie opneem nuwe lewenskieme, nuwe lewensbloed nie. Hulle is miskien baing gelukkig! Ander weer ondersoek en vra, wil meer weet, hulle denk en ontvang gedagte en 'n verandering vind plaas, oue begrippe word verruim en aangepas aan wat als nuwe waarhede verskijn. Die populier en eikeboom groei elkeen naar sijn aard, en albei wijs en streef naar bowe, naar die sonlig, naar die Hemel. Dit sou verkeerd wees van die eikeboom om so's die populier te wil ontwikkel en omgekeerd."

„Moet ik nou daaruit aflei dat jij die eikeboom is, Piet, en ek die populier?"

„Ek weet nie of jij nog presies net so denk als vroeger nie, ek vermoed dit, maar in mijn siel is 'n groot ontwikkeling gekom."

„Maar denk jij nie dat daar groot gevaar in is om so breed en ruim te word nie? Gaan die goeie van vroeger dan nie heemaal verlore als die nuwe denkkeelde inkom nie? En is dit dan so seker dat die nuwe paaie beter is als die oue? Piet, is die godsdiens ver jou 'n bijsaak geworde, waar dit jou vroeger alles was? Ek ver mij sou liever niks te doen wil hê met die nuwe dinge nie, als mijn siel moet skade lij."

„Daar is seker gevaar in ver baing mense. Almal kan nie posisie inneem te'eno'er die groot vraagstukke nie, hulle sou daardeur omvergewerp word — ek moes ondersoek, en dit lê seker in mijn neiginge, ek moes verander. Ver mij is dit natuurlik gewees en hoe sou dit mij kwaad doen, waar ek o'ertuig is dat mijn lewe voller en rijker geword is, mijn hart

ruimer, mijn liefde tot God en wat Hij geskape het, sterker? Waarom moet iets 'n bijsaak word deur dat die standpunt enigszins verander?"

„Ja, jii druk jou so uit, dat ek jou nie goed kan verstaan nie! Ek meen tog dat als jou liefde tot God sterker geword is, dan sal jii meer van Hem praat, dan sal 'n mens dit kan merk aan jou woorde! Wat is dan jou posisie?"

„Bettie, dit is seker nie die ogenblik om op al die kwesies in te gaan nie. Praat 'n mens heeldag van jou meisie, wat jii so lief het als jou lewe? Nee, maar 'n mens bewijs dit in jou dade. En om die dade van 'n mens te beoordeel, moet jii eers weet wat sijn standpunt is. Liefste, wees gerus o'er mij. Ek sien vandag godsdiens, Bijbel, Kerk, seremonie en al die dinge in 'n heel ander lig als vroeger. Dit alles het ver mij nog 'n ontsaglike waarde, maar die waarde word bepaal nie presies langs dieselfde lijne als vroeger nie. Kan ek help dat dit so is? Kan jii help dat dit bij jou nie so is nie? Laat ons elkeen wandel naar die lig was ons gegee is. God gee aan almal wat eerlik vra en soek van Sijn lig."

„Ek is so blij. Piet, dat jii nie helemal ongodsdiensig geword het nie", sê sijn na 'n rukkie met tevredenheid. „Ek was so bang daarvoor — o jii weet nie hoe ek mij daaro'er gekwel 't, hoe ek onder die vrees gelij 't en hoe ernstig ek gebid het nie..."

„Dan is jou gebed seker verhoor, mijn Engel! Ek kan jou nooit beskrijwe die jare van worsteling nie — dikwels tot in die morge-ure lê en denk... en denk en vra tot 'n mens wil mal word, dikwels met innige smart afskeid neem van o'ertuiging, wat jou in vlees en bloed o'er gegaan is van jou kindsbeen af... Maar dit is gelukkig voorbij, daardie tijd van innerlike strijd. Partij mense, mijn Lief, het geen gevoel of neiging ver godsdiens nie, al hou hulle ook aan uiterlikhede vas, dit lijk alsof hulle die orgaan daarvoor nie besit nie, maar gemoedelike mense sal nooit helemal sonder godsdiens kan klaar kom nie. Die hart voel leeg en die gemoed sal altijd weer sijn regte herower."

Daar is 'n uitdrukking van berusting o'er Bettie haar gesig gekom. Sij het nie verder hiero'er gepraat nie, hoewel sij nog so oneindig veel op haar hart had. Maar sij was enig-sins getroos. Dit was tog nie in haar mag om Piet van o'ertuiging te laat verander nie, hij wat soveel wis en soveel o'er die groot vraagstukke nagedenk had. Want dit was haar volkome duidelik geword dat Piet se veranderde insigte nie voortsproot uit onverskilligheid, ook nie uit die sug naar 'n gemaklike en gerieflike lewens-opvatting, ook nie uit 'n onmondige naäperij van 'n sieklike moderniteit nie..., daarvoor was hij te ernstig en diep. Daar moet grondige oorsake wees om hem te verander, en o'er dié oorsake kon sij geen oordeel uitspreek nie. Maar wat en hoe hij ook al mog denk, van een ding was sij o'ertuig, die Piet van nou is 'n beter mens als die Piet van vroeger — sij kon dit voel en sien in sijn lewe. En dit was genoeg om haar sterke liefde opnieuw sonder huiwering te wij aan die man van haar hart.

'n Kwartier later val die voordeur van Rietfontein toe en Piet Marais stap haastig die stoep af naar sijn pêrd. Gouwgouw maak hij die teu'els los, waarmee hij die pêrd vasgebind het, spring in die sa'el en druk die reeds vinnige vos met sijn hake in die ribbe en vlieg weg die vaalpad langs so's een wat 'n nare tijding naar die plek van die ongeluk roep. Want nou dat hij sijn Bettie ver die laaste maal aan sijn hart gedruk en eindelijk 'n end gemaak het aan die pijnlike toneel, nou wil hij weg so snel als dit maar kan. Hoe verder van Rietfontein die nag in, hoe makliker meen hij die pijn te kan verdra, hoe onherroepeliker sou hem sijn daad voorkom, hoe noodwendiger die opoffering. Mijle en mijle weg van die plaas sou hij nie meer kan denk aan omdraai nie, sou hij nie meer daaraan wil denk nie, sou hij sig meer 'n man voel, 'n man met groot planne en groot moed, maar nou solang hij op die plaasgrond rij, kan sijn pêrd nie vinnig genoeg voortkom nie, hoewel dit vreeslike galop-spronge maak. So's een wat in 'n droom agtervolg word deur 'n vijand en nie kan weg nie en ver wie die voete aan die grond skijn vas te klewe, so voel hij in sijn gejaagdheid om bij die skurf kop-randjies eers

voorbij te seil, waar hij die groot vlakke sou ingaan en eielik koers sou krij op sijn noordelike ijltog.

Dit is donkermaan; 'n bijterig Oktoberluggie waai vlak in sijn gesig en fluister so'n wonderlik tere liedje om sijn ore, 'n klagende sangetjie als van pijn wat deurstaan moet worde alleen en sonder hulp, als van 'n gewonde hart, wat nie wil aanklaag, maar ook nie kan rus nie, als van gevare en onrus, wat voorlê en half huiwer sig aan te melde. Tien of vijftien tree voor hem uit kan hij die stofpad duidelik afgelijnsien, waar weerskante die jong skaapbossies, als 'n verhewe tapijt aaneen gegroeid, wegduister eindeloos so's dwergies wat kies. Bô o'er hem hang in stille majesteit die suiwere suiderhemel met sijn ontelbare flikker-bronne — 'n ronde see van glanse en skittering, wat altijd meer en meer uit onbekende dieptes van ruimte skijn uit te swewe, hoe langer jou oog blij vashou aan een plek; 'n klanklose prag van lewende juwele gesaai o'er die grondelose boesem van die lug, 'n ongenaakbare ligte-heiligdom van soevereine vrede, rustig als God self! En rondom hem die ruime, roerloose veld en die nag. En dan die jagende ademhaling van die vos en die hoef-slage sag en dof in die sand-duike, helder en hard o'er die ruggies en te'en die bultjies uit; nou en dan blits dit sterretjies onder-deur als die ijster-sole van die pêrd te'en die klippies skuur. Op 'n bult hou Piet stil, om die dier effentjies te laat asem skep. Hij trek 'n vuurhoutjie, d'is elf uur. Hij kijk werktuigelik in die rigting van waar hij gekom is. Daar dit moeilik is om te onderskeie, leun hij met sijn hoofd laag o'er die pêrd se maanhaar en loer stip naar die horison. Ja, hij sien dit al te seker, daardie tafelrand wat so's 'n groot gedierte donker uit-wijs te'en die lug, dit is Rietfontein se berg. Hij kijk nog 'n keer ver die laaste maal, want vijf minute verder sal dit uit die gesig wees. Die gedagte aan wat hij daar agterlaat, die herinnering aan verijdelde hoop o'ersweldig hem ver 'n ogenblik met 'n onbeskryflike krag, alsof al die leed, wat hij tot nou toe ondervind het, 'n verenigde aanval op hem maak — 'n gloeiende naald boor langsam deur sijn siel, agterlatend 'n smalle baan van verskroeiende lewensvreugde. Daarop ruk hij

sijn pèrd om en reeds ver weg op die grootpad kan jii nog o'er die stilte van die velde hoor aanswewe die vos se galop, wat sijn ruiter veilig sal dra naar die Boere.

.....
 Dieselfde ogenblik toen Piet stil hou op die bult, gaan die voordeur van Rietfontein ope. Toen Piet die huis verlaat het, is Bettie in 'n overklaarbare toestand van half-wakker, half-droom op die sofa neergesink. Hoe lang dit geduur het, weet sijn self nie, maar tot sigself gekom, het sijn die deur oopgetrek om te hoor of Piet nog in die nabijheid is. Rietfontein se voordeur is nog van die outij'se soort, bestaande uit bô- en onderdeur. Sijn leun in spanning o'er die onderdeur, hou haar asem op om elke geluidje op te vang, maar nee, sijn verneem niks buite die sware klop van haar hart. 'n Sagte windje stuit verkoelend te'en haar voorhoofd, warm van inspanning en ontroering. Met 'n sug kijk sijn op naar die heilige hemel als troos soekend in haar verlatenheid bij die blinkende sterre, wat met oge van genade op 'n verbroke vrouwe-hart neerstraal. So ver als haar oog kan sien vorentoe, hang die donker dig en swaar o'er die slapende veld. Die bô-deur word toegedruk, die ijsterbalkie val in die knip, en in die dowwe, besliste toon meen sijn 'n geheimsinnige stem te hoor, wat sê: di's verbij, die eerste hoofdstuk is uit!

Haar slaapkamer deur is skaars toe of sijn set die kèrs haastig neer op 'n klein ronde tafeltjie voor die bed en sak met haar hoofd vooro'er in die kussings. En onder sagte snikke, nouweliks hoorbaar, pers dit nou uit tot dit onbeteugeld vloei, warme trane van verdriet en opgewondenheid, stoffelike deel van 'n beproefde siel wat lug soek en naar buite beur! So's 'n dam wat deur 'n skielike stormre'en gelijk met sijn kante gevul word en als die druk te swaar word deur sijn walle breek in wilde vaart, so gee sijn nou ruimte aan haar gevoel, vrije, onbeperkte speelbaan aan opgedamde smart. Als een wat na ure van owermatige senuwspanning die hande slap en traag laat hang in die weldadig genot van rus, so gee sijn sig volkome o'er aan die onbeskryflike weelde van onbeheerste gevoel, wegwiegelend op ongewilde snikke wat o'er haar kom,

met die vrede van 'n hemelse gawe as 'n skuitjie sonder stuur op die golfies van 'n meer. O, die wonderlike gawe van heerlike ontboeseming aan die mensekindere gegee, waar dit kom onweerstaanbaar, kom as 'n verlossende engel in die uur van swaarste siele-wurging! Onmogelik ver haar gedagte om rigting te krij — die a'end se ondervindinge in verwarde beelde, voorstellinge van die oorlog, die verbrijseling van mooi planne, ijdel wense en hoop, alles bont deurkruis en deurwewe, terwyl Piet se beeld altijd hoofdfiguur blij onder wisselende groepe. Net soals in 'n lewendige droom-toneel, waar honderde mense kom en gaan, waar die groepe en verhoudinge gedurig verander, sig in mekaar oplos of verdwyn, plaats makend ver nuwe, sonder verklaring of begrip, jįself altijd die belangrike persoon blij, so is Piet ook hier begin, middelpunt en einde van 'n onbestemde, beginselloos soort van denke, wat langsaam aan verflouw tot dié onmeetbare halfheid van geestesbeweging, waarin die skerpe lijne van dinge in vale newels vervloei. 'n Kou'e rilling breng haar tot volle bewust-sijn, dit is donker in die kamer. Sou die kêrs dan uitgebrand wees, sou sij dan so lang daar gelê het? Sij grijp naar die vuurhoutjies, wat in die blaker lê, maak lig, ja waarlik, die stuk kêrs moet lang al uitgebrand wees! O'er die ronde rand van die voetstuk, waarin die kêrs geplant is, hang 'n dik laag uit-geloue vet, al koud en stijf geworde. Sij begin sig te ont- klee in die donker. Ook van a'end sou sij nie ontrouw wees aan 'n gewoonte, wat bij die grote meerderheid van Boere-meisies met doen en denke saamgegroeid is. Sij sou haar a'end-gebed nie versuim nie. En al het dit ook baing maal gebeur dat die uitoefening van daardie plig kleurloos en werk- tuiglik plaas gevind het in haar lewe, nou het sij 'n sterker behoefte als ooit om neer te kniel, nou nadat die eerste storm- vlaag van ontroerende hartstog bedaar is tot die spraaklose gelatenheid van een wat besef dat dit nie anders kan nie. Met die vaste vertrouwe dat sij verhoor word, stort sij haar siels- behoefte uit diep-innig en eg in die eensaamheid van die nag, waar geen mens hoor of sien nie, 'n gebed eenvoudig en waar, maar 'n gebed van gebroke taal, meer woorde los same-

hangend, sonder sinbouw of bewuste skikking, meer sugte en wense, met niks van die pronkende raamwerk en gepolijstheid wat jii opmerk in die openbare gebed nie.

D'is verniet dat sij probeer slaap; nou rij sij saam met Piet deur laagtes, o'er klipbanke en bulte, hoogte op, hoogte af, dan weer deurleef sij die ganse geskiedenis van hulle betrekking sedert die dag van eerste ontmoeting. O, die lange jare van skeiding, waarin sij gewag en gewag het! Die korrespondensie week op week ontvang en versonde, was altijd die grote gebeurtenis, had altijd iets verhewe, die lug van iets heiligs; die eeuwighe van verlange en hoop, wat tussen in lê, saamgesmelt nou tot een lange streep van verbleekte siels-ondervinding. Eindelijk die terugkeer van Piet, die laaste drie maande van gelukkigste saamleef, saamvoel, saamgeniet. Moet dit dan nou die end wees? Is die dure prijs betaal ver niks? Waarom moet 'n mens so veel deurmaak, soveel hoop en wens, soveel voel en lij, als dit op eens moet vernietig worde? Maar nee, sij wil nie swak wees nie, sij sal sig daarte'en ver-set, sij sal glo en vertrouw dat hulle o'er 'n tijd weer sal verenig wees. Misskien het hij reg gehad toen hij gesê het dat sij dinge te donker insien. Maar hoe kan sij dit help? Ag, waarom moet sij dit juis so swaar hê? Ja, waarlik, sij het nog maar bloed min plesier gehad van haar verlowing. Wat is die klein tijdje in vergelijking met die lange jare? Haar hele jonge lewe is daarheen sonder die genot om saam op te groei met die man, wat sij lief het! Ander meisies het nie dié moeilikhede, weet nie van sulke dinge nie. Waarom, waarom... moet sij...?

Dieselfde een wat 'n sielsinnige gebed 'n uur gelede in 'n voorbijgaande stemming van berusting en vertrouwe gebreng het, swewe al weer in die pijnlike sirkelgang van woe-lende gedagte om en om sonder end, als 'n droge blaartjie in die draaikolkie van 'n stroom. Ongeduldig dat sij nie kan slaap nie, draai sij sig om, druk die kussing stijf vas op haar hoofd om die gesuis in haar ore, deur koorsagtige geestes-inspanning veroorsaak, te stil, hoewel sonder sukses. Eindelijk verskijn die daglig aan die venster als 'n welkome bode. Toen die son al lang uitgeklim is, bôkant die koppe, staan sij

op met hoofdpijn en bewerig, loop naar die venster en skuif die gordijn op. Ver o'er eindelose velde, op tafelrande en kopies lê die sonne-goud heilig en skoon als 'n glimlag van Gods genade. Die jonge groen, juigend van vreugde, skijn te herlewe en beweeg onder die wekkende mag van sonne-rykdom. Van al die weelde en lewe en blijheid merk Bettie niks. Maar terwyl sij onbeweeglik heenblik in die rigting wat Piet gegaan is en haar oog blij hang aan die ijlblouwe randjies, wat laag te'en die noordelike gesigeinder oprijs, als wil hul een word met die geel-blouwerigheid van vlekkelose lug, pêrel daar 'n traan uit, 'n traan van diepste siels-verlange, 'n morge-offer gewij aan reine Liefde.

HOOFDSTUK IV.

PIET MARAIS ONDER DIE BOERE.

„Het dokter dan nie asseblief ver mij 'n stoppie nie?" sê 'n grijsaard te'en Dr. Marais, wat te'en 'n ronde ijsterklip geleund sit en ernstig voor sig uitkijk naar die rooi gloed van die son, wat agter die hoge bergtoppe wegsink.

„Al te graag, Oom," antwoord Piet beleefd, haal sijn tabak-sak uit en terwyl hij dit met die een hand aan Oom Jan o'erhandig, slaan hij met die ander sijn pijp uit op die klip met die woorde : „Oom kan maar gerus stop, al is daar so min in, ek het nog baing bij mijn goed."

Die grijsaard steek sijn pijp op met lang, begerige trekke so's 'n dorstige, wat opslurp die water van 'n fonteintjie op 'n brandend-hete dag, en terwyl sijn wange snelle, lepelvormige beweginge maak en die volle, dikke rookkringe aan pijp en mond tegelijk ontstijg, kom daar o'er sijn gesig 'n uitdrukking van voorbijgaande, maar intense genot en blijdschap.

„Dokter," sê hij half weemoedig, „ek het van morge mijn laaste beetjie tabak opgebruik, wat ek nog in Bethlehem gekoop het, en waar sal ek nou weer krij? Dit is daarom swaar ver 'n man van mijn jare, dokter, om sijn ou lede so te pla — ek was altijd so op mijn gemak gesteld."

„Ja, Oom, 'n mens moet baing opoffer ver jou land, daarvoor kan geen opoffering te groot wees nie. Maar wat die tabak betref, sal ek ver Oom 'n beetjie van mijn „Magaliesberg" gee."

Oom Jan skud sijn hoofd in dankbaarheid. Inderdaad was Jan Grové gewoon weg „Oom Jan" genoemd deur die burgers, maar nog onbekend aan Dr. Marais, wat eers 'n paar dage gelede bij die kommando gekom is, uiters geheg aan sijn

pijp — die pijp was die helfte van sijn lewe. Maar hier het die gesprek sijn einde tussen die twee, want Piet was besonder droewig gestemd en met 'n halwe wanhoop kijk hij in die toekoms. Hij denk aan Bettie, van wie hij nog nooit weer 'n woord verneem het nie. Of sij al ooit van sijn briewe ontvang het, briewe so vol hoop en vertrouwe op 'n segenrijke o'erwinning ver die Boere? Of hul mekaar ooit weer sal ontmoet? En of die skone droom maar 'n droom sal blij? Maar sedert sijn laaste brief aan haar het die oorlog so 'n ongunstige wending geneem ver die Boere. En vol kommer en ongerustheid o'er die te'enwoordige stand van sake, o'er die bijna hopelose strijd te'en 'n geweldige o'ermag, wat hulle van alle kante begin insluit, warrel sijn gedagte al rond en rond, sonder 'n bepaalde mikpunt. Niemand van al die burgers wat daar rondstap bij hem voorbij of van die jong span, wat besig is verskansinge te maak onder inspannende arbeid, het so 'n duidelik besef van die eigenlike posisie nie. Maar wat ook mag gebeur, hij is vas geslote om aan niemand sijn twijfelsug te openbaar nie, om bij sijn volk te staan in die uiterste gevaar en als 'n gewoon burger sijn plig te doen met die mauser, nou dat die ambulansie opgebreek is, en als daar te verpleeg is, aan sijn bekwaamheid sal dit nie ontbreek nie.

.....

Dit is te'en die helfte van die jaar 1900. Die eerste belangrijke stadium van die oorlog is voorbij; die tydperk van besetting en anneksasie van Engels gebied deur Boere-magte, van belegering van stede als Mafeking, Kimberley, Ladismith, van teruggedrijving van Engelse troepe Natal af see-toe, so's dit geheet het, die tijd van volop kos en sterke strijdmag, van grof geskut en provisie-wa'ens, van ruime en onbelemmerde bewegings-gebied, van triomftogte, o'erwinning en voordeel, van beheer o'er spoorweg en telegraaf, van ongestoorde kommunikasie en organisasie onder een hoofd, van gevangenne-ning van vijandelike troepen bij honderdtalle en hul gevolglike wegvoering naar die hoofdstad; die tijd toen duisende en duisende burgers saamgeskaard gelê het langs onafsienbare veglijne, waar 'n volmaakte selfvertrouwe woon en die gevoel

van militaire meerderheid — kortom, die glans-periode ver die Boere, nog nie besoedeld deur laag verraad of ontsierd deur die algemene gevoel van moedeloosheid van later nie, die tyd van aggressiewe bedrijwigheid was ver altijd voorbij!

Kimberley was ontset, al was dit dan o'er die lijkeheuwels van Belmont, Graspan en Magerfontein heen; Roberts met sijn 60,000 man is die Vrijstaat in brede lijne ingetrek, en daarop het gevolg die ontsettende katastrofe van Paardeberg, waaruit voortgevloei het die noodlottige verslapping en moedeloosheid onder die Boere, trots 'n inspirering deur die leiders; eindelijk die val van Bloemfontein, sonder 'n skot bijna, die burgers gedemoraliseerd, onlustig en gedetermineerd naar huis te gaan, van waar nie meer als een-derde teruggekeer is om die Sandrivier gevegte mee te maak nie. Intussen Generaal Roberts se aantrekkelike, maar valse proklamasies aan die burgers in die verowerde streke. Eindelijk sijn deurbreek naar Pretoria en operasie in brede massa's naar Oostelik Vrijstaat, die skeiding van republikeinse magte: die Transvalers onder Generaal Botha trek weg naar hul eige land, die Vrijstaters onder Generaal De Wet blij agter om die Engelse soveel mogelijk te hinder met 'n 8,000 man, al die kommando's saangerekend

Ladysmith was lang reeds ontset, al moes Buller se soldate heenklouter o'er die grafhope van Colenso en Spioenkop, en nou is hulle al deurgebreek o'er die Drankensberge in Vrijstaats gebied. Engelse troepe aan alle kante, ten Weste, ten Suide, ten Ooste, ten Noorde! Alleen nog noord-oostelik Vrijstaat bied 'n beperkte speelbaan aan 'n handjie-vol manne in vergelijking met die reusegetalle wat die sirkel elke dag nouwer en nouwer trek. Bij die hoofde bekommernis en vrees ver algehele insluiting, bij die gewone burger, wat meen dat nou alles te vergeefs is, moedeloosheid en neergedruktheid. 'n Tijd van ontsettende beproewing moet dit gewees hê ver die hoofde en verantwoordelike offisiere. Want die lesse van kolossale buitneming, van gemakkeliker beweging met kleiner klompies, van ontwijking en nagtelike aanval is nog nie geleer nie. Daar was 'n reusemoed toe nodig om die strijd voort te set.

om 'n handjie-vol half slappe burgers tot onversettelike strijders om te tower, waar die vijand in onuitputtelike legermassa's van alle kante kom aandrings. Die wijsheid van die geoeffendste krijsman mag hier misluk, die magnetiese krag van 'n Napoleon beswijk, die koelste verstand begin warrel! Maar bij al die ontmoediging was Generaal De Wet nog daar en aan sijn sijn die geëerde Staatspresident Steyn! De Wet, wie se naam genoeg was om als met towerkrag te besiel en vertrouwe te bring, De Wet, die selfgemaakte krijsman en gebore taktikus, die noodwendige hoofd van die Vrijstaatse burgers, die man met ijsere wil en ono'erwinnelike moed, De Wet, die Held! En naas hem Steyn, die raadgewer en toegewijde volksman, die kalme denker en inspireerder in die kritieke uur, Steyn, wat op die altaar van die vaderland geleg het gemak en gesondheid, alles, Steyn bowenal, die vaderlander met sijn Godsvertrouwe! En daarbij het nog gekom dat die burgers vertrouwd was met elke kliprand, voetpaadjie en laagte, met elke duim grond en vooral hul saak was regvaardig!

Die tweede periode van die oorlog is begin, die tydperk van guerilla-oorlog. Organisasie onder die Boere is daar nog, maar geen eienlike eenheids-plan van oorlog nie. Aanval en ontwijk, burgers aanwin in die Republieke sowel als vrijwilligers in die Kaap Kolonie, ammunisie en provisie afneem en sorg dat hulle nie ingesluit word nie, dit sou voortaan die direkte taktiek van die Boere wees.

'n Lang en hoge bergereeks met die naam van Roodebergen, wat van die Drakensberge uitskiet, sluit 'n groot gedeelte van die distrikte Ficksburg, Fouriesburg en Bethlehem af van Westelike Vrijstaat en vorm 'n uitgestrekte kom, bereikbaar van die o'erige gedeelte van die Vrijstaat deur bergpasse. Terwyl De Wet vooruit trek om die Engelse aan te val, sou 'n paar duisend burgers onder Prinsloo die bergpasse of nekke hier verdedig. Op een van die westelike bergnekke is dit, dat ons Piet Marais aantref. Terwyl hij en die grijsaard nog daar sit rook, is die son ondergegaan in 'n bloedrooi skijnsel, wat ver bôkant die bergtoppe uitstraal. Intussen het sig ook 'n

partij ander burgers bij die twee gevoeg. Met eens bepaal Piet hul aandag bij die pragtige kleure.

„Kijk tog hoeveel kleure daar gemeng is, bloed-rooi eers en dan hoger op ijler, wat dan o'erslaan naar 'n sagte gelerigheid en eindelijk wegsmelt in 'n blouwerige vaalheid, is dit nie pragtig nie?”

„Ja, maar mijn ma,” antwoord een van die jong burgers half angstig, op wie Piet se skoonheids-gevoel skijnbaar nie die minste uitwerking het nie, „het altijd ver mij vertel, toen ek nog klein was, dat so 'n rooi lug die teken is van oorlog of iets groots wat gaan gebeur.”

„En”, vul Japie du Plooy aan, wat naas hem staan, „als daar sulke dun vliesies lê in die a'end, dan is dit 'n teken van aardbewing.”

Daarop sê Oom Jan : „Maar ons het mos nou geen tekens nodig om ons te vertel dat daar oorlog is nie... wie weet of ons morge nog so hier sal kan stil sit.”

Die een woord bring die ander en so begin die eerste jong man, een van duisende wat die oorlog met baing mooi vooruitsigte aangepak het maar nou opgee, sijn ongeduld vrijmoedig uitspreek :

„Maar, Oom, waarom moet ons nou nog hier stil sit? Om so's Cronjé deur die Khakis vasgetrap te word? En waar moet ons nou misskien heenvlug, hulle is al kante van ons? En ons klompie Vrijstaters moet alleen die spit afbijt! Ek het geweet, dit sal so kom want.....”

„Want die hele oorlog deur” val Japie du Plooy, sijn maat, in die rede „het ons Vrijstaters altijd die swaarste gehad. Op die gevaarlikste plekke moes ons burgers maar gedurig staan. En nou dat ons land ingeneem is, nou dat ons die Transvalers nodig het, nou laat vat hulle naar hul eige land en laat ons in die steek. Ons kan tog nie eeuwig so aanhou nie! Wat sê Oom Jan?”

Piet Marais en Oom Jan het doodstil die lafhartige rede-nering sit aanhoor, Piet met 'n bitter gevoel van verontwaardiging, Oom Jan met 'n seker mate van tevredenheid omdat hij ook al langamerhand moeg word ver die oorlog en in

sijn siel die o'ertuiging gekrij het dat alle verder vegte bloedverspilling sou wees. Tog het hij ewe verstandig die mismoedige gedagtes ver homself gehou, maar nou dat hij die vrijmoedige uiting van ontevredenheid meer en meer bij die burgers begin opmerk, krij hij soveel water op sijn meul dat hij sig nie langer kon inhou nie.

„Maar di's mos net wat ek al die tijd gedenk het,” begin Oom Jan stadig en voorsigtig, „toen ons nog almal saam gestaan het, toen ons nog sterk gevoel het, baing ammunisie en kanonne gehad het, toen ja, toen kon ons nog die khakis keer..... jij onthou mos nog, Japie, jij het saam gelê in die skanse bij Magersfontein.....?”

„Het ons nie gemaai onder die goed nie, Oom?” antwoord Japie met voldoening.

„Wel” vervolg Oom Jan, „toen kon ons nog praat van ‚skoon skiet’ en ‚laat hul maar kom’, maar nou in die laaste tijd lijk die wereld daarom nie mooi nie. Di's somaar al kante, di's Roberts en Buller en Broadhoes en wie weet hoe hul almal heet — en ons is in klompies! Die ‚rooies’ het net een plan, hulle wil ons insluit! En daarvoor het hulle genoeg. Mense, so oud ek is, ek sal nooit die dag bij Sandrivier vergeet nie — hulle kom..... en kom, en ons skiet weg voor, maar hulle kom nog een strijk so's vaal sprinkhaan swerme, die hele wereld lewe van hulle.....”

„Net of hulle somaar uit die grond borrel, nê Oom,” sê een van die burgers.

„Net of jij 'n miershoop oopkrap, so wemel dit!” antwoord Oom Jan. „Waar hulle almal vandaan kom?”

„En dit is nog lang nie al nie” val Japie in „Oom, al skiet ons almal dood wat nou in die land is, dan is dit nog maar 'n druppeltjie aan 'n emmer water. Oom Jan, daar anderkant die seewater is nog honderdduisende wat ver 'n paar dubbeltjies op 'n dag ver ons sal kom beveg, en Engeland sal nog nooit ophou nie.”

„Maar wat ek wou sê”, gaan die ou man voort, „ek het daarom nog moed gehou. Ek het gereken als ons saam staan kom die ding *al te mits* nog reg..... Maar nou weet ek nie.

Julle wat jong is moet daaraan denk ek is 'n ou man en is daarom nou reg-reg moeg ver die ding wat hulle sê oorlog."

„En dit lijk ver mij so 'n hopelose strijd nou" herneem Japie du Plooy met nadruk „en in plaas dat ons generaals nou probeer vrede maak waar ons miskien nog eervol daarvan kan afkom, nou laat hulle maar loop op goed geloof..... die Transvalers gaan hul koers en ons moet toesien."

Japie se woorde het krag bijgeset en die sigbare goedkeuring van die omstanders weggedra. Dr. Marais, aan die meeste nog onbekend, het verontwaardigd sit luister en met opset laat uitpraat om eers die gevoel van die mense goed te leer ken. Dit is ook nie die eerste maal dat hij sulke stories hoor nie, en in sijn siel self is daar 'n worsteling om lig — wie weet wat moet gebeur, waar die kanse op o'erwinning so min lijk? Maar al kos dit hem veel, hij mag nie die minste teken van twijfel gee nie, en mag ten minste nie toelaat, dat sulke lafhartige praatjies in sijn te'enwoordigheid verkoop word nie. En sijn hartstogtelike natuur moet ook nou te voorskijn tree terwyl hij opstaan en met tartende beslistheid sijn medeburgers aanspreek.

„Magtig, kerels, dit is daarom 'n verduiwelde skande om julle so te hoor praat. Van die oue grijsaard hier naas mij kan ek dit enigszins verstaan, hoewel hij ook nie te verskoon is nie, maar van julle jongkerels, nee, waaragtig! van *julle* het ek dit nie verwag nie."

Verwonderd en half beskaamd o'er die onverwagte aanval kijk die manne mekaar aan sonder 'n woord te sê, en Piet gaan voort. „Wat ver 'n ellendige kleingeestigheid is dit die om Vrijstaters te'en Transvalers te stel? Die Transvalers is na beraad van die voormanne naar hul eige land nie om te veg ver Transvaal nie maar ver ons nasie, en die Vrijstaters moet hier pal staan, nie ver die Vrijstaat nie maar ver ons nasie. Ek is nie Transvaler, ook nie Vrijstater nie, maar Afrikaner. Die saak wat ons voor veg is meer als die onafhankelikheid van die republieke, ons veg ver die behoud van die Afrikaner nasie! Wie kan redelikerwijs nou nog praat van probeer vrede maak? Het ons voormanne nie alles probeer

nie? Ons weet dat Engeland met niks minder als ons ondergang tevrede sal wees nie! En solang als kleingeestigheid en jaloesie ons verdeel sal ons te gronde gaan, maar verenigd, vriende, sal ons veel uitrig. In die begin het ons baie voorspoed gehad, en nou dat te'enspoed kom, nou sal ons lafhartig die hoofde laat hang en praat van o'ergee?"

„Wat anders kan jij doen te'en so'n o'ermag?" antwoord Japie, maar op flouwe toon.

„Mijn vriend" sê Piet „ken jij die geskiedenis van Leonidas wat met 300 Grieke 'n hele leger van Perse te'engehou het?"

„Ja," antwoord Japie enigszins trots op sijn kennis, want hij het op die voor-oorlogse Vrijstaatse skool genoeg Algemene Geskiedenis geleer om dit te weet.

„Is ons dan nie in staat om ewe groot dade te doen nie? Kan elkeen van ons dan nie tien Khakis te'enstaan nie? En sal ons die hoofde laat hang waar ons manne het als Generaal De Wet om ons te lei? De Wet wat in sijn klein pinkie meer krijgsmans-planne het als al die Engelse generaals saam?"

„Ja, maar waar is Generaal De Wet? Ons weet niks van hem af nie," is die antwoord.

„Mense," antwoord Piet, wat intussen 'n baie gunstige indruk op die kerels gemaak het met sijn mannelike taal, „vertrou daarop, De Wet regel alles, al is hij ver van ons. Ons redding lê daarin dat ons nou verder met klein klompies veg. Een van die dage kom ons weer bij hem uit of hij bij ons. Terwyl ons hier stil lê is De Wet besig die Engelse seer te maak. Wag, julle sal sien! Nee, manne, laat ons saamstaan almal wat kan tot die end. Denk julle dat die vijand respek het ver die lafharte wat hul wapens neerleg? Ek het in die ambulansie gedien, dage en nagte aaneen, Boer en Brit verpleeg, maar toen ons ambulansie opgebreek het, toen het ek die mauser gepak en hem goed gebruik. Verder is ek 'n vegtende boer op gevaar af dat die Engelse mij sal doodskiet als rebel, als ek in hul hande val. Beloof mij dat julle nooit weer sulke praatjies sal maak nie, vriende, die tijd is

daarvoor te ernstig; laat ons saam staan, burgers, ons saak is reg!"

Piet se woorde, met soveel gevoel en opregtheid geuit, het die klompie kerels nuwe gedagtes gegee, hul blik en beskouwing verhef en die stemming so seer verander, dat, toen 'n paar verkenners daar voorbij kom en sê dat die Engelse nie al te ver af is nie, hul met een stem uitroep: „laat hul kom!"

... ..
 Toen die laaste la'ervuurtjies, voorsigtig agter die klippe opgemaak, al lang uitgedoof was en die burgers rustig lê droom, waak daar, ver uitgesit op die skurwe klipkloppe, die brandwagte. Gespanne loer hul vorentoe die kou'e, maanlose winternag in met geen teken van lewe, behalwe die eentonige deuntjie van 'n ijsige suidwester-luggie, wat doelloos opsnij te'en die berge en die oge van die wagte laat traan. Toen nie lang daarna die kommando's, wat nie met Prinsloo o'ergegee het nie, te'en die wa-pad bij Witzieshoek uitslinger om in die ope wereld te kom, toen onder vreeslike inspanning van mens en dier die wa'ens, wat die Boere nog bij hulle had, die sneller voortgang belemmer en die Engelse van agter nader en nader aanruk, toen merk Piet Marais ver Japie du Plooy en Oom Jan op, nou geswore „bitter-einders".

„Dokter", sê die ou man, „ek onthou nog wat Dokter gister gesê het: „Geen opoffering is te groot ver jou land nie."

„Ja, Oom," sê Piet bemoedigend, „so lang ons saak maar reg is."

HOOFDSTUK V.

RIETFONTein KRIJ BESOEK.

In die eetkamer in sijn outij'se leunstoel sit Oom Willem in 'n ongeduldige stemming sijn pijp en rook; sijn ou vrouw is besig met 'n stukkie naaigoed. Ver lang rukke sit hulle doodstil en dan gebeur dit dat Oom Willem met een of ander opmerking o'er die oorlog — want sijn gedagte is gedurig daarop gekonsentreerd — die stilte verbreek. Half moedeloos sê hij: „Daar het 'n mens dit nou, moeder, ons pêrde is afgeneem. Wat die Boere laat staan het, het die Engelse nou skoon geveeg. Jou buurman mag jij nie besoek nie, maar hoe wil jij ook met 'n paar ou esels en 'n klompie donkies, waar jij gewoon was te vlieg o'er die grond! Die Engelse kon hulle ook maar saamgevat het. So spijt ek daarom het van ‚Witvoet‘ en ‚Kolbe‘, ons twee getrouwe karpêrde; reken hoeveel jare het hulle ons gedien.”

„En hoe word hul nie nou mishandel nie, die arme goed!” val tant Annie in, „en misskien word hulle nog doodgeskiet, die stomme diere! Ons lewe in 'n verskriklike tijd!”

„En hier sit ons,” begin weer Oom Willem, „afgesnij van die wereld. Die enigste koerant wat ons gekrij het, is nou ook gestop. Al wat jij hoor is ongunstig o'er die Boere. Hulle verloor altijd. Verder honderd stories en leu'ens, d'is al wat jij krij! Ek het maar al te reg gevoel in die begin! Nou ken ons ook al die druk van die oorlog, en waar moet dit alles heen? Maar ons mag nie kla'e nie, moeder, want ons is nog gespaar. God regeer en bowe alles, die Here se wil moet geskied!”

„Ja, vader, dit lijk waarlik of ons nou die laaste der dage belewe, so's die Bijbel sê: ‚oorloge en gerugte van oorloge.‘ Broers staan op te'en broers, kinders te'en hul ouders en wat nog die end daarvan sal wees?”

Bij hierdie woorde is haar stem sag geworde, sij set haar naaigoed in haar skoot neer, haal haar sakdoek uit en droog 'n traan weg. „Dit gaan op 'n mens se senuwe. En reken, dit is nou al veel meer als 'n jaar dat Bettie geen taal of tijding van Piet gekrij het nie. Dit is ook ver niet om dit uit haar kop te praat, sij glo vas dat Piet dood is. Wat die kind al uitgestaan het, en ek met haar!”

Die krijgswet was al enige tijd geproklameer in die middellande en noordelike gedeeltes van die Kaap Kolonie, en nou in die begin van 1901 is feitelik die hele K.K. onder die militaire bestuur gekom. Dit was 'n tijd van autokratiese regering, waarin volmag in alles gegee was aan mense, meestal onervare en in die re'el bitter onsimpatiek te'eno'er die land se inwoners, mense dikwels met weinig praktiese sin, wat geen rekening hou met die land se besondere omstandighede nie, mense skielik in 'n gesaghebbende posisie gekom deur die draai van die wonderlike oorlogswiel en wat deur die toepassing van strenge, buitengewone maatregels op alle plekke en op alle stande sonder onderskeid van maatskappelijke posisie of eer ontsettend veel verbittering en onnodige haat verwek het. Die enigste onderskeiding werd verkreeg deur die maastaf van die veel verdraaide en bijna onherkenbaar omgewerkte begrip „loyaliteit”.

„Loyaal” of „disloyaal”, dit was die skeidingslijn, en naar die opinie van gesaghebbende heertjies met ploertagtige siele werd in een kraal gejaag en met een hors-sweep uitgewiks, honde en skape, lammertjies en wolwe, duiwe-onskuld en reinaert-gesigte! Maar bowe alles was dit 'n tijd van geweldenaarj, waar niks ontsien werd, familie-bande of tradisie, selfs nie die wit hare van 'n grijsaard nie. Tijd toen die woord van een man wet was, onherroepelike, onverbiddelike wet, sonder gelegenheid tot appèl aan die beskuldigde, tijd van veroordeling en straf dikwels sonder verhoor, sonder bewijs, sonder vermelding van oorsaak, tijd van willekeur en militaire kleinsieligheid!

Terwijl Oom Willem en Tant Annie so bij mekaar sit gesels op 'n warme Januarie namiddag van die jaar 1901, bij

mekaar in die mees volkome harmonie, waar die een se woorde die ander sijn kon gewees hê, is Bettie alleen in haar kamer. Sij het eers probeer lees, maar soals dikwels gebeur, word haar gedagte weggelei van die boek naar haarself. Altijd nog was haar die voorreg ontseg, ooit 'n woord van Piet te verneem. Wie beskryf haar siele-lijdning die eerste tij'e van die oorlog. Sij het agteruit gegaan en bleek geword eers. Maar, soals o'eral en altijd, sij het gewoon geword aan die toestand en die spanning is o'ergegaan tot 'n sagte gematigdheid. Intussen het sij haar vroeger frisheid van kleur herkrij, en die harde lesse van 'n beproefde het ook sij met sukses geleer. So set sij nou haar boek neer en begin uit die skrijflaai enige briewe van Piet uitsoek. Sij maak dit met voldoening ope en lees dit in stille mijmering en met die gevoeligheid van 'n tere vrouwe-hart. Dit is van die briewe wat hij nog uit Europa aan haar geskrijwe het. Sij kon so 'n endjie lees, dit dan weer neerset en gewillig verplaats sij sig dan in die stemminge, waarin sij dit ontvang het. Hoe daar 'n skjnsel van innige voldoening o'er haar heerlike wange kom, veroorsaak deur herinnering aan lang vervloge genot en hoe haar sagte oge opflikker in stille veréring van die man, aan wie sij so geheg is.

Dit is 'n vervelige namiddag, een van die dage waarin die noordweste wind in woeste, wilde togte heendreun o'er die lande. In die voormiddag al het die wolke aangeswel, dikker en dikker, regte, veelbelowende donderwolke. Maar nog voor hul die heerlike waterstrome kon laat neerstort, waarnaar elke bossie hijg en die veetjies smag, het die westewind opgekrom — die hoopbederwer van die Karrooouer — en so's 'n wrede furie wat daar 'n helse behage in skep, die segenbringende krag te verstoor, vlieg hij tussen die wolke in en skeur hul uiteen met dreunend en druisend gebaar. Wild klop hij hulle uiteen, die swaargepakte wolkemassa's, so's 'n ge oefende hanteerder van 'n sweep 'n digte klomp vee, totdat hul uitgedun heelseil, een-een wegsmeltend onder sijn verskroeiende asem en die lug weer vrij neerblouw in die hittige sonstrale. En als hij so invaar onder die wolke, die reuse-harlakijn, die skroeiend-hete lugte-reisiger, en met sijn windhande so o'er die

grond en verdorde bossies heenskuur, dan warrel hij op ijslike stofberge, waar hij die lug o'erlaai met warrelstowwe en sandhope, alsof duisend mense-hande met die magtige swaaie van swaar skopgrawe mekaar sand in die oge strooi. Op gaan dit in die lug tot die lage dunner word en verylieg. Uit die verte ruk dit nou aan, 'n geweldige stofdeining hoog als 'n berg aangroeiend met dreunende rukke tot dit heenwoel met duiwelse krag o'er die huis. En als die wind so geweldig ruk, dan is dit of daar o'er Bettie kom 'n geheimsinnige huiwering. Net so wreed en meedogenloos als die stofstorm daar buite heenbruis, so het die omstandighede ook met haar lewe gespeel! Sou daar dan nie een brief van Piet deurgekom het nie? En is sijn totale stilswijge nie maar 'n al te gewisse teken van sijn dood nie? En hoewel sijn sig al soveel duisend maal voorgeneem het om nie maar blindweg skiet te gee aan sulk soort gepeins nie, tog is sijn weer ongemerk daarin geraak, sonder haar moeder te hoor inkom bij die deur. Eerst toen Tant Annie begin praat en haar aankondig dat daar 'n Boere-kommando aangerij kom, flikker sijn op.

„Wat sê Ma?” antwoord sijn en vlieg die kamer uit met 'n warreling van gemengde gevoel. Die volgende minuut staan hulle al drie op die stoep — die ou mense enigszins somber, Bettie met allerhande vaag soort van hoop, dat daar dié slag tog een of ander mag bij wees wat van Dr. Marais iets afweet. Bij Oom Willem baar die aankomende kommando besorgdheid, want daar kan alleen moeilikheid uit gebore word. Help kan hij hulle tog nie, terwyl hul te'woordigheid hem onder grote verantwoordelijkheid bring te'eno'er die Engelse. Ver Bettie is die Boere hartelik welkom, want, afgesien van die feit dat haar liefste sijn lot ingewerp het met die swakkere partij, al haar simpatieë lê aan dié kant. Al die veerkrag van haar nationaal gevoel is deur die oorlog in volle beweging gekom, en niks is daar sterker bij haar gewees als die wens om positief iets te mag meedoen aan die strijd nie. Maar hoe kon sijn haar ouders verlaat? Onmogelik ver haar om uit te gaan als verpleegster! En so is dit haar ernstige gebed geword, dat sijn op welke wijze dit God behaag, 'n aandeel mog krij aan

die oorlog. En als sij niks kan meedoen, dan wou sij meelij met haar volk.

Onvoorsiene omstandighede sou haar wense tog vervul, haar wense om self iets te mag doen aan of in die oorlog, maar op heel ander manier als sij gemeend had. Maar nou, terwijl die voorste ruiters nabij die huis al rij langs die tuinmuur, is daar een groot gedagte bij Bettie: Als daar tog maar tiding mag wees van Piet. 'n Kommando van ongeveer 'n 600 man, onder die beroemde rebel-kommandant Bester, rij die plaas in en begin afsa'el. Bester en 'n paar van sijn staf kom naar die huis. Na bekendstelling nooi Oom Willem ver hulle in en onder die koffie drink val daar een en ander woord o'er rebelle, waaruit die Boere duidelik kan merk dat Oom Willem uit beginsel te'en die rebellie is, dog daaro'er word voorlopig nie verder gepraat nie. Daarvoor is Bester se belangstelling in Bettie van die eerste minuut te ernstig. Haar lieflike verskijning het al dadelik bij eerste oogopslag wonderlike indrukke op hem gemaak. Van sijn vertrouwelikheid en belangstelling in haar sou Bettie gebruik maak.

„Was u van die begin af in die oorlog, Kommandant?” begin sij.

„Van die begin af, mej. Du Pré, ek was bij in die meeste groot veldslage en na die val van Pretoria is ek op mijn eige voete gekom. Met 'n handjie-vol manne is ek die kolonie ingekom en u sien self, ons sal nie maklik uit die pad gaan ver 'n Engelse kolom nie!”

Die laaste woorde word met 'n enigins hoge toon geuit.

„Maar als u soveel van die oorlog gesien het, Kommandant, en van die begin af bij was, dan het u tog seker 'n Dr. Marais te'engekom, wat bij die ambulansie aangesluit het?” vraag Bettie met huiwering en sonder 'n sagte blos te kan verhoede. Dit sou die man van mense- en wereldkennis nie ontgaan nie en met eens krij Bester suspisie dat hier veel meer als gewone belangstelling in die spel is. Hij denk ver 'n ogenblik na, ja wel, hij herinner sig nog goed 'n Dr. Marais, 'n jong man, wat sig in die begin van die oorlog knap onderskei het, maar van wie later verteld is dat hij aan koors-

siekte dood is. Maar hij sou Bettie nie dadelik met alles wat hij weet bekend stel nie. Sag glimlaggend en met 'n sarkasiese trek om sijn mond seg hij :

„Mej. Du Pré, neem mij nie kwalik nie, maar is hij familie van u of.....?”

„Nee, maar u moet nie so vra nie, Kommandant, weet u iets van hem, leef hij nog?”

En half spelend sê Bester :

„Ek kan nie help om te denk, dat daar iets agter steek nie, mej. Du Pré? Sal u nie eers mijn vraag beantwoord nie?”

Dood nuwsgierig en gespan op 'n antwoord sê Bettie :

„Ag, hij is 'n goeie bekende Kommandant!”

Intussen het Bester 'n verloofring aan haar vinger opgemerk en twee bij twee geset. Nou het hij genoeg. Hij weet nou welke verhouding tussen die twee bestaan.

„Wel, mej. du Pré, dit is nie reg van mij om u so lang op 'n antwoord te laat wag nie, maar mijn antwoord sal teleurstellend wees. Ek het die man nooit ontmoet nie en alleen van hem verneem. En of hij nog leef, hoe sal ek dit kan weet? Ek vrees ook dat mijn manne dit nie sal weet nie, want hulle is meestal Kolonialers, en Dr. Marais is seker diep in die Vrijstaat of Transvaal. Maar ek het verneem dat hij goeie werk gedaan het. Maar dit is lang gelede, dit is in die begin van die oorlog gewees.”

Bettie haar teleurstelling is groot. Bij Bester kom daar allerhande gedagtes op. En hoeseer hij probeer hul te onderdruk, hij begin besef dat hij dood verliefd is, dat bij sijn kriegsplanne daar 'n nuwe gedagte-stroming in sijn siel gekom is, 'n faktor wat sterk en geweldig kon worde. Verder het hij die sleutel, waarmee hij onmiddellike toegang tot Bettie sou verkrij.

Daar buite is dit nou 'n wemeling en gewoel. Die manne sit of staan bij mekaar in klompies. Partij maak vuur op, andere rook, nog andere is besig die pêrde te versorge. Daartoe dien vooral 'n menigte hawergerwe, wat hulle met toestemming van Oom Willem uit die solder geneem het. Sommige

pêrde lijk beetjie afgemat, maar o'er die algemeen in goeie kondisie. Die meeste manne is betreklik jong en in volmaak opgeruimde stemming. Manne, meestal rebelle, wat ver die grootste deel met geen vooruitsig nie die wisselvallige oorlogswerk op sig geneem het, wat die hartstog van hul eige bloed te hulpe te snel, nie kon weerstaan nie. Val hul in die hand van die vijand, dan is daar geen wet of mag wat hul lewe kan beskerm nie. Maar daarbij manne met die koele trek van onbekommerdheid o'er die gelaat, manne, wat die een dag uit die ander dag in lewe geduldig en gelukkig — gelukkig als hul voedsel en kleding het, geduldig te midde van die selfopgelegde ontberinge, wat 'n ongelijke oorlog meebrenge. Gehard op die moeilike weg van lijdning in strijd, waaghalsig en onverskillig geworde deur die aard en besondere gang van die oorlog, waar elke klompie en dikwels elke man ver sigself moet staan, op goed geluk af vooruit siende, omdat dit onmogelik is terug te keer. So gaan hulle elke dag hul koers strijdend en vlugtend, liefst nog in die Kolonie, waar volop voorraad en vriendelikheid te krij is. Van a'end sou Kommandant Bester en 'n paar van sijn staf in die huis eet en slaap. Aan tafel sit die Kommandant naas Bettie en bewijs haar alle mogelike opmerkzaamheid, so seer, dat hij ver niemand anders oog of oor skijn te hê nie. Kommandant Bester is 'n sterk geboude man met swart haar en kaalgeskore ken, 'n man van ongeveer 35 jaar so op die oog.

„Kommandant,” sê eindelijk Oom Willem, „is dit nou meeste Vrijstaatse en Transvaalse burgers wat onder u veg?”

„Nee, Oom, daar is maar 'n paar bij, ons is bijna almal rebelle!”

„So, ek is verwonderd dit te hoor!”

„Ja, Oom, bijna almal wat hier aan tafel sit is Kolonialers!” merk een van die veldkornette op en Oom Willem kijk hulle vragend aan.

„Wel, vriende,” sê Oom Willem, „ek is nie alleen verwonderd nie, maar ook teleurgesteld.”

„Waarom dan, Oom?” vraag Bester.

„Kijk, neem mij nie kwalik nie, maar ek voel nou een-

maal 'n beetje seer o'er die rebellie. Ek kan mij nie daarmee verenig nie. Dit is nie alleen te'en Gods gebod nie, maar so's die oorlog nou gedraai het, 'n hopelose iets. Ons pêrde is gekommandeer en van 'n algemene opstand in die Kolonie kan daar geen sprake wees nie."

„Wel, ek weet, Oom, u krij uw berigte alleen van Engelse kant, maar is u so seker dat u goeie informasie het o'er die Boere se sterkte en o'erwinninge?" antwoord Bester.

„Daar is waarheid in wat u sê. 'n Mens moet so voorsigtig wees wat jij glo, want volgens die berigte wen die Engelse altijd."

„Nou sien, daar het u dit. Ek wens, ek kon u saam neem met ons ver 'n tijd, dan sal uw oge oopgaan. Dit gebeur honderd maal dat ons 'n koerant in die hande krij waar ijslike leu'ens o'er mijself in staan. Als ons 'n hoop van hulle doodgeskiet het, dan heet dit : een of twee gewond. Als bij ons een of twee manne gewond is, dan hoor jij : swaar verlies. Dit is belaggelik, die leu'ens wat die mense te hoor krij. En dit is 'n goeie politiek van die Engelse, want op die manier denk die mense dat die strijd al o'er is en dat dit hopeloos is om aan te sluit."

„Maar meen u te sê, Kommandant, dat die Boere nog kans het om te wen, nou dat die Engelse telegraaf en trein in hande het?"

„Oom, mense wat praat van o'ergee en ophou, moet lafhartig wees."

Oom Willem het die steek gevoel en gevat gee hij een terug :

„Ja, bij mense wat te'en hul owerheid opstaan, is daar geen ander uitweg als aanhou nie."

„Oom, als ek u nie deur reputasie ken nie, ek sou waaragtig twijfel of u 'n Afrikaner is."

„Ek is 'n Afrikaner wat mijn oge nie wil sluit ver die foute van mijn eige mense nie. Kijk, als die hele Kolonie als een man opgestaan het in die begin, dan sou ek dit ook verkeernd beskouw hê, maar dan sou dit waarde gehad hê. Maar nou, wat help dat 'n paar duisend man aansluit?"

Dit was te veel ver die ander manne. Hulle begin hul afkeuring nou openlik te kenne te gee en die stelling verdedig, dat 'n Afrikaner bij sijn volk moet staan en nie mag vra of hij 'n Kolonialer is of wat ook nie.

„Goed,” antwoord Oom Willem, nadat hulle uitgepraat het, „maar 'n Afrikaner kan tog bij sijn nasie staan, sonder om hem so bloot te stel en vooral sonder om hem te besondig te'en God. Niemand sal mij van engelsgesindheid beskuldig nie, want almal weet dat ek vrijwillig gegee het van mijn goed, baing goed om die Boere te help.. Mijn ernstige gebed en mijn diepste medegevoel is ver die Boere. Maar ek mag mij nie te'en mijn gewete besondig nie, en ek blij daarbij, ons het nie die reg te'en ons owerheid op te staan nie.”

„Ons respekteer uw opinie, Oom,” antwoord Bester, „want ons merk dat dit bij u 'n diepe o'ertuiging is. Maar die kwessie bij ons is eenvoudig dit. Elke beetjie wat ons kan bijdra „maak die Boere sterker en die kanse ver uiteindelijke o'erwinning beter. Ons dwing niemand met ons te gaan nie. Wil 'n man uit eige drang meekom, hij is welkom, maar als hij eenmaal gekies het, dan moet hij weet, dan is daar van omkeer geen sprake nie, dan dood of wen. En verder weet ons dat dit 'n eer is om ver jou land en nasie te sterwe.”

Hoewel daar geen bitterheid in die gesprek gemeng was nie, tog het daar 'n onaangename indruk agtergeblij, want in werklike simpatie met hulle kan Oom Willem tog nooit wees nie. Aan die ander kant het die manne gevoel dat sijn hart reg is en dat hij in laaste instansie 'n besliste Afrikaner is, en dit was genoeg. Maar onwillekeurig moes daar botsing ontstaan, waar 'n streng bijbelse wereldbeskouwing in direkte aanraking kom met 'n beslis en o'erwegend nationale opvatting. Oom Willem beskou die rebellie bloot van die Bijbelse standpunt; Bester en sijn manne word gedrijf alleen deur nasionale o'erweginge.

Na die ete gaan die geselskap naar die voorkamer. Daar word musiek gemaak en Bettie sing die volgende lied met diep gevoel. Dit is die welbekende „Slaaplied”, met sijn troostende stemming en stille berusting. Ver Bettie het die woorde 'n

eige, 'n diepe betekenis. Sij sing die lied dikwels als haar hart opbeuring nodig het en nou set sij haar ganse siel daarin. Haar stem is nie dié van die geofende kunstenaress nie, eensins, eer swak, maar oneindig patheties kon dit klink, waar sij liedjies van hierdie soort op haar eige manier probeer vertolk. Die vreemdelinge luister met buitengewone aandag en dit kon Bester onmogelik onopgemerk voorbijgaan, dat die skone, bloeiende kind met haar eenvoudig musiek van a'end besig is om die grondtoon van haar lewensgeskiedenis te vertel. Die begeleiding is sag, sodat haar stem duidelik uitrijs in haar teerheid :

„Slaap, Liefste, slaap, die daglig kwijn ver in die west gesus,
Stil sak die skaduws neder en fluister soete rus.

Al is die wereld wreed, Lief,
Wreed ver jou en mij,
Slaap en die hemelse Trooster
Sal jou van leed bevrij.
Liefste, ek ken jou droefheid,
Ek weet waarom jij lij,
Waar alle aardse vreugde
Vergaan is, weggeskei.
Daar is 'n God van meelij,
Hij sal jou wieg en sus;
Laat aan hem o'er jou kommer
En rus, mijn Liefste, rus."

Nadat die ander gaan slaap het, blij Bester en Bettie nog agter. Hij is beslote haar te vertel wat hij van Dr. Marais verneem het, maar hoe dit gedaan, sonder haar diep te skok?

„Mej. Du Pré, ek het nog iets met u te praat," sê hij op verontskuldigende toon, „daar is iets wat ek u van mid-dag verswig het, omdat ek uw gevoel nie wou seer maak nie." Dit is natuurlik genoeg om bij Bettie dadelik die ergste voorstellinge in die lewe te roep. Aangedaan kijk sij hem ernstig aan als een wat wil praat, maar nie kan nie. „U is verloofd aan Dr. Marais, nie waar nie?"

„Ek dag dat u dit wis, Kommandant,” antwoord sij met selfvertrouwe. „Maar laat hoor, als u belief, seg mij die waarheid. Liewer die akeligste waarheid als die gedurige onsekerheid, waarin ek verkeer. Leef Dr. Marais?”

„Nog vroeg in die oorlog het ek gehoor van 'n seker Dr. Marais, wat aan koorssiekte dood is. Dit is al. Ek weet niks van die omstandighede nie. Dit kan ook helemal 'n vals gerugte wees.”

Bij die woorde sak Bettie terug te'en die klavier met harde snikke. Intussen bekijk Bester wat een of twee tree van haar verwijderd staan, haar met diepe, ernstige oge. En sijn hele siel, sijn ganse gevoel gaan uit tot haar, wat hij nou harts-togtelik bemin so's sij daar voor hem leun, die lieflike, slanke gestalte en golwend sij hare, en 'n sterke begeerte kom daar o'er hem om haar in sijn arme stijf vas te druk, haar te troos, al haar tranes weg te kus. Onwillekeurig skuif hij nader so's een wat voorsigtig 'n verbode akker betree. Hoe rijk sou hij wees met sulk 'n besit, seker die skoonste en reinste kind in Afrika, denk hij. 'n Paar minute is voorbij gegaan, die eerste skok is enigins bedaar, haar hoofd rus nog in haar arm. Sag-gies leg Bester sijn linkerhand op haar skou'er. Sij tree 'n weinig terug, selfbewus.

„Ek het geweet, ek sou u pijn aandoen Mej., want al is dit nou 'n ander Dr. Marais, wat heel moeglik die geval kan wees, 'n mens is maar geneigd om nare gedagtes te koester.”

„Dit is maar hij..... dit is maar hij..... daarom het ek ook nog geen tijding ontvang van dat hij weg is nie,” antwoord sij in gebroke woorde, en alsof sij moed vat:—„het u dan van meer als een Dr. Marais gehoor?”

„Nee, mej., maar daar kan net so goed meer als een Dr. Marais bij die Boere wees. Dit is heel toevallig dat ek van die een gehoor het.”

„Ver mij is daar geen vreugde meer nie — ek het dit al die tijd gevoel, dat daar iets ernstigs gebeur het.”

Bettie is naar siel en ligaam geskok, want ver haar is daar nou veel meer sekerheid in die vaag berig als ver Bester. En als Piet weg is..... wel, wat blij daar dan nog o'er?

„Mej. Du Pré, dit is nie reg te'eno'er u self om u so o'er te gee aan die droefheid nie. Uw eige gestel sal daaronder lij, en u mag dit nie doen nie, tensij u sekerheid het. Om dié sekerheid te verkrij, kan ek u help. Ek sal verneem waar ek met ander kommando's in aanraking kom, of iemand van die geval weet, en heel moegelik kom ek weer hier uit.”

„Dit is goed van u, Kommandant, hoewel ek seker is daarvan. Ag, die vreeslike nag, waarin ons lewe.....”

„Ja, dit is 'n ruwe tijd, 'n mens is van niks seker nie. Maar ek sal u raai om tog nie op gerugtes te gaan nie, want hoeveel maal het ons nie al gehoor dat iemand doodgeskiet is en op 'n goeie dag kom dit uit dat dit bloot 'n fout met die naam was of so iets. Misskien is dit onnodig dat u nou juis die naaste gedagtes moet voed. En als dit so moet wees, als die gerugte waarheid is, probeer dit dan dra bij die gedagte dat daar duisende ander vrouwe is wat dieselfde en nog erger beproewinge moet deurmaak.”

„O, ek sou geknak wees ver die lewe.”

„Nee, u sal dit seker te bowe kom. Na die donker daag die lig weer, skijn die sonnetjie weer mooi, en..... dit gebeur nog al..... bij die graf van die beweende word somtijds 'n nuwe verbond gesluit!”

Bij dié woorde vaar daar 'n kille huiwering deur haar lede want sij is skerp genoeg om die wenk op te vang en met 'n wonderlike blik half weemoed, half veragting, se sij:

„Kommandant, welke taal waag u te gebruik? Met hem is ek ook begrawe! Laat mij gaan, ek moet alleen wees!”

Met dié woorde verlaat sij die voorkamer. Bester is totaal verslage, want so 'n sterke, kragtige houding het hij nie verwag nie. Ver 'n tijdje blij hij so staan als aan die grond genagel, onbeslis of hij haar sou agterna gaan en om ekskuus vra. Hij, wat geoefen is om so gouw jij jou hand kan draai 'n plan te maak en aan sijn manne die vereiste bevel te gee, hij, Bester, die gevreesde kommandant wat ver niks stuit en in niks moeilikheid sien nie, wat sou dit wees dat hij so maklik uit die veld geslaan word deur 'n onskuldige meisie?

Die nag het Bettie niks en Bester min geslaap. Hij had

bitter spijt van sijn taklosigheid, dat hij haar gevoel so moes seer maak deur 'n onvoorsigtige aanspeling. En deur die duister heen van die nag straal hul hem toe, haar skitterende hemelblouwe oge. Wat sou hij *opoffer om die skat te kan besit!* Maar intussen, treurig genoeg, hang alle sukses ver hem af van die dood van Dr. Marais. Als haar minnaar dood is, dan is sijn pad skoon, maar leef hij, so is daar weinig vooruitsig, hoewel hij selfs dan nie die strijd sou opgee nie. Want die vrouw is beweeglik, 'n kind van die gevoel, en Bettie sal anders word. Haar te win, haar te besit, met haar verenig te wees, daaraan sou hij voortaan al sijn kragte opoffer, dit sou worde sijn onmiddellike strewe en ideaal.

HOOFDSTUK VI.

DIE SWART KRUIS.

Die volgende oggend vroeg, nog voor dagbreek, was daar al 'n roering onder die manne en in korte tijd was hulle weg. Die omtrek was goed verken en geen Engelse kolom was in die nabijheid nie. Bester had 'n bepaalde plan, hij wou 'n oostelike rigting in om 'n ander kommando te ontmoet. Toen hulle wegrij van die plaas het hij nog 'n slag omgekyk met die besluit om so gouw als moegelik weer daar uit te kom, begerig om met die skone kind nader kennis te maak. Hij het 'n ander mens gevoel na die ontmoeting, want nog nooit had vrouwe-liefde sijn skijnbaar onverskillige hart geraak nie. Ook nog nooit had hij geglo aan die mag van die liefde nie. En wat hem 'n des te vaster besluit laat neem het om alles te waag aan die onderneming, was die gevoel van superioriteit en die begeerte om haar te win wat so'n afkeer van hem moes krij. Haar parmantige houding — en hij moes erken die enige paslike ver 'n vrouw onder dergelike omstandighede — sou sijn moet opgee en sijn sou moet buig onder sijn wil. Dit sou wel 'n taaie strijd worde, en als haar minnaar ongedeerd uit die oorlog terugkom sou sijn kanse wel gering wees, ja, en dit sê sijn gewete hem duidelik, dan sou sijn onderneming 'n bouse daad worde! Maar eenmaal het hij lief gekrij, eenmaal in sijn lewe het hij leer voel die o'erweldigende drang van die hartstog, die gloeiende knelling van grote liefde, en niks mog hij ontsien om aan sijn siel die gewenste rus te besorge nie.

O'er die rande in die ooste kom die morgeson uit in 'n see van rooi, en sijn eerste strale meld reeds deur hul prikkeling die hete gloed van die groeiende dag, en sover als die ruiters gaan sirkel daar 'n stofwolk op o'er die vaal en verdorde bossies. Dit sou heet worde vandag, want daar ver

o'er die suid-westelike bulte lê 'n soort van misbank, laag en deinserig, ver en stil. Die stofstorm van gister sou herhaal worde — die eentonige lied van die Karroo-veld in 'n droge somer!

Volgens krijgswet bepaling moes binne 'n seker aantal ure, naar gelang van afstand, rapport van 'n besoek van die Boere aan die kommandant van die dorp gemaak worde. Servaas, die bijwoner en halwe kneg bij Oom Willem, was vroeg al uitgegaan om die veeposte te besoek, die vee te tel en bestellings met die wagters te maak. Deur onvoorsiene moeilikhede opgehou, het dit heel laat in die dag geworde toen hij thuis kom, want die afstande moes afgeloop word in plaas van rij so's die gewoonte vroeger was. Toen hij thuis kom was dit al te laat om die rapport bijtijds weg te krij met 'n paar armsalige esels. Daarop het Oom Willem besluit om die volgende dag vroeg, self te gaan om die oponthoud duidelik te maak. Toen op die tweede oggend die vaal daglig aanslaan o'er die velde, skamerig nog en spaarsaam met sijn skoonheid, als 'n maagd wat haar gedagte laat raai sonder 'n woord te sê, toen sijn lieflike lag helderder uitblink te'en die kliprande en sijn morgegroet begin versprei, kuier Oom Willem al ver weg in die vlakte met die twee eseltjies, langsaam en eentonig deur die stofsand. Dit is verniet dat hij die pijts onder hulle insteek, die vervelige tok-tok van die kar blij maar aanhou. Wat 'n wereld van gedagte daar deur die grijsaard se hoofd speel in die vroege morge! In welk 'n toestand is ons arm land en ons mense, denk hij! Verarmd en van hul besittinge beroof, kan jij maar sê, en daarbij nog staan duisende met die wapen in die hand te'en hul regering en met welk vooruitsig? 'n Rebel kan met die dood gestraf word en hoe sal Engeland ver hulle kan vrijskelde wat haar soveel moeite gee in die kritieke tijd? Aan die ander kant kan 'n mens dit ver baing van hulle nie kwalik neem nie — bloed is dikker als water. En hoeveel is nie daartoe aangespoor deur 'n kwalike behandeling nie? En dit is seker nie almal slegte mense daardie nie, nee integendeel die meeste lijk manne wat deurdronge is van nationale gevoel,

manne waarop ons nasie trots behoort te wees. En sulke innemende, welopgevoede mense so's Bester en sijn kommando het seker nie met 'n kwaad gewete die wapen opgeneem nie. Hulle het ook 'n o'ertuiging en van hul kant gesien 'n goeie. Want baing van hulle het ook vrouwe en kinders, en sal hulle dan sonder o'ertuiging en oorsaak somaar so in die blinde alles prijs gee? Dit is goed om 'n ding van al die kante te bekijk. En tog het hulle nie die reg aan hulle kant nie. Dit is daarom bitter swaar om aldag die regte koers te hou, en al moet 'n mens hulle veroordeel, per slot van rekening is hulle Afrikaners, ons eige mense, ons bloed. Bloed is dikker als water..... En als God nie uitkomste gee nie? Maar gelukkig onse Vader weet tot hoe lang. God het seker 'n doel met ons volk, en totdat die doel bereik is, sal ons nog beproef worde — Hij kastij wie Hij lief het..... en ons het seker Sijn straf verdien deur ons sonde.....

In gedagte voor sig uitsiende het Oom Willem half dromerig geword en nie gemerk dat die esels op 'n stap geraak is nie. Vinnig ruk hij die leisels op, raps die diere o'er die blaaie en skowwe tot hulle dan weer op 'n gematigde draffie kom. Ja en dit is ook 'n vrug van die oorlog, denk hij verder, met die oog op die twee lamlendige diere. Sijn lewe lang het hij met vet en goeie pêrde gerij. Wie kon ooit droom dat hij op sijn ou dag so'n gesukkel moet deurmaak. Ja, die Heer het hem gesegen sijn lewe deur. Hij het hem voorspoed gegee en hij het altijd volop gehad. Sal 'n mens die goeie ontvang en nie die kwade nie? En tog: hij is bevoorreg bowe andere. Hij het nog sijn plaas, sijn huis en bowenal sijn huisgenote. Ander se huise is verbrand, en huisgenote omgekom. Ja, die Heere is tog nog baing goed ver hem.....

Bijna middag bereik Oom W. eers die dorp. Voor 'n mens die eerste vaal huisies van Steenburg voorbij kom is daar 'n laagtetjie. Op die knoppie staan 'n tent langes die pad. Toen die kar aankom stap daar 'n man pad-toe, 'n man in khaki met 'n geweer, een van die Distriks Berede Mag.

„Halt!” roep hij die ou man parmantig toe. Die kar hou stil.

„Waar kom jij vandaan?” vraag die snuiter van 'n jong seun in khaki.

„Van Rietfontein,” sê Oom Willem kortaf.

„Het jij 'n ‚permit’?”

„Nee, maar ek gaan die Kommandant sien.”

„Goed. Passeer,” brom die seun in khaki en kijk die sukkel-karretjie agterna met die soort van gevoel wat 'n auto-kratiese koning krij als hij een van sijn nederige onderdane toegang verskaf tot sijn hof. Want sijne is 'n gewigtige werk! Hij tog hou in sijn hand die sleutels van die dorp Steenburg, en alleen aan wie die vrijbrief het van die Grootvors daarbinne, met sijn merkteken daaraan, of wie hij geskik ag toe te tree tot die beskernde grondgebied, verleen hij sijn almagtige woord „passeer.”

„So, so, kan jij nou meer!” sê Oom W. hoofdskuddend tot sigself, „dit is mos niemand anders als die seun van Piet Vermeulen, uitgeknip sijn Pa! Treurig, treurig als dit so gaan!” en ver die eerste maal kom daar 'n gevoel van verbittering o'er die ou man. „Als dit verkeerd is om 'n rebel te wees, dan is dit 'n *gemene* daad als 'n Afrikaner die wapens te'en sijn eige bloed opneem. En so 'n klein snuiter wat nog nie droog is agter sijn ore nie, hij sal ver mij kommandeer?” mompel Oom W. so voor sig uit ontevrede en verontwaardigd. Dit is die eerste maal sedert die verklaring van krijgswet, dat Oom Willem op Steenburg kom. Tog is daar vandag heel weinig buitengewoons op te merk, want die Distriktsmag is uitgegaan op 'n verkenningstog, terwijl 'n aanrukkende Engelse kolom nog nie gearriveer is nie. En dit moet vandag nog veel stiller wees als gewoonlik, waar feitelik alle kommunikasie met die distrikt afgesnij en handel tot 'n nietigheid afgedruk is. Met moeite slinger die esels die enigszins stowwerige hoofdstraat langs tot bij die kommandants kantoor. Eers deur 'n groterige vertrek, waar 'n klerk sit skrywe en dan in die klein kamer waar Kapitein Hunt se hoofdvesting is en vanwaar uitgaan al die groot bevels op ontsagwekkend blouw papier tot verskrikking van almal in die gebied waar-o'er sijn mag strek. Voor sijn tafel, o'erlaai met papiere en

forme, sit Kommandant Hunt, 'n man van middelbare leeftyd met 'n tamelik breeë gesig en ligte, kort geknipte snorbaard. Verder is sijn gesig kaal geskeer. Op sijn hoofd, want hij is pas in die kantoor gekom, is 'n vaal militaire muts plat van bô, met 'n blink rand van voor wat danig laag o'er 'n paar blouw oge afgedruk is. So sit hij met die gevoel van militaire gerustheid op sijn stoel, gewoon aan sijn magwoord en karig met praat gedurende die diens-ure. Kaptein Hunt is pas uit Engeland aangekom om 'n maklike possie hier in ons land te kom beklee. Sijn hele opvoeding en lewensbeskouwing is berekend om hem met veragting op elke Afrikaanse boer te laat neersien. Met geen kennis of begrip van die Afrikaanse boer, wat bij hem alleen als 'n soort lager wese kon gelde, is hij gewoon almal o'er een kam te skeer en sover hul nie genege was als britse onderdane die wapens aktief op te neem te'en die vijand nie, het hij maar een indeling: disloyale of verraaiers of ongewenste of hoe die terme ook al mag heet. Ieder, nie-britse persoon of iedereen wat nie te'en die Boere openlik kant gekies het en dit met dade bewijs nie, kon hij alleen met agterdog bejegen. Die blote verskijning dus van Oom Willem, met sijn eenvoudige drag en typies lang baard, 'n beetjie minder verwild als hij die voorreg had in Engeland op spotprentjies te sien, is dan ook al genoeg om hem met tegesin te vervul en sijn houding met eens meer kort-af en onvriendelik te maak als anders. En hoe kan 'n mens 'n ander handelwijse verwag van 'n man wat geen sympathie het met die mense nie, altans die grootste gedeelte van die mense o'er wie hij gestel is; 'n man wat vas geglo het dat hulle regtig so sleg en onbetrouwbaar is als hij die gelegenheid had elders te verneem en tegelijkertijd 'n man met volmag, wat die eer van sijn koningin moet hooghou, en alleen aan sijn militaire meerdere enig rekenskap verskuldig is? Sijn beskouwing was eensydig en sijn foute in die eerste plaas uit onkunde gebore.

Eerbiedig haal Oom Willem sijn hoed af, toen hij inkom.
„Goei morge, Kommandant,” sê hij beleefd.

Die Kommandant kijk hem aan met 'n deurvorsende en agterdogtige blik. „Wie is jij?” vraag hij stuurs.

„Du Pré, ek woon op Rietfontein.”

„Wat? Praat duideliker!” klink dit. Inderdaad kon Oom W. harder gepraat het.

„Du Pré, ek woon op Rietfontein.”

Toen hij dit moes herhaal nes 'n skooljonge wat sijn les opsê en deur 'n knorrige meester toegebrul word, voel Oom W. verskrikkelik verontwaardig — hij 'n ge-eerde man deur die hele distrik, met die bewustheid van sijn eigenwaarde, hij word aangespreek als 'n kind wat kom les opsê! Kaptein Hunt pluk die kaart van die distrik voor sig en soek tot hij „Rietfontein” krij.

„Rietfontein! Wel, wat wil jij hê?” vra hij.

„Ek kom net kennis gee dat daar Boere was op mijn plaas; hulle is eergister a'end daar gekom en gister oggend vroeg weg, maar tot mijn spijt kon ek nie.....”

„Wat, en jij verskijn nou eers met die rapport?” val kaptein Hunt hem driftig in die rede. „Weet jij wat die wet is op hierdie punt?”

Ja, kommandant, ek weet dat ek laat is, maar juis daarom is ek self.....”

„So, jij weet wat die wet is, weet jij ook wat die straf is, die welverdiende straf, als mijn bevele nie stiptelik uitgevoer word nie?”

„Ek weet nie of ek strafbaar is in uw oog nie, misskien wel, maar ek glo, u sou anders oordeel, als u mijn uitleg van die oponthoud aangehoor het.”

„Pragtig!” gil Hunt spotagtig uit, „wat sou jou uitleg aan nuws kan bring? Julle is almal eners, almal geslepe in die kuns van haarfijne uitleggings te gee. O, ek ken julle al te goed, oue man!”

„Kommandant, wil u daarmee te kenne gee dat u mijn woorde in twijfel sou trek, dat ek hier gekom is om u 'n onwaarheid te vertel?” vra Oom W. verontwaardigd maar met sagte beslistheid.

„Ek wil nie juis sê, 'n ronde onwaarheid nie.”

„Kommandant, ek is vandag 71 jaar oud, mijn hare is wit geworde in hierdie distrik, ek is bekend bij oud en jong, en

daarvoor kan ek God dank, dat ek nog nooit iemand 'n leu'en vertel het nie. U sê, u ken ons almal. Ek weet nie wie die 'almal' is nie, maar dan het u tog seker geen kennis van mij nie!"

„Ag ja, dit is so, maar dan is jii seker 'n uitsondering! Dit is mij dan 'n plesier om met jou kennis te maak," klink die sarkastiese antwoord. Ver 'n ogenblik bekijk Hunt hem twijfelend, wat hij sal aanvang met sijn prooi. „Wel, laat ons hoor, waarom is die rapport nie bii tijds hier nie?"

Hierop verhaal Oom Willem hem met die grootste nouwkeurigheid die hele storie. Hij druk op die feit dat daar 'n gebrek aan rijgoed is, waarvoor hij waarlik nie aansprakelik gehou kan worde nie. Verder dat dit hem 'n groot opoffering is, 'n man van sijn jare, om die ver end in die kokende son met twee dooi goed af te rij, waar hij 'n plaasvervanger kon gestuur hê! Maar dat hij dit gedaan het om alle moeilikheid te voorkom, in die mening dat sijn woord en uitleg bevredigend sou wees. Maar dit is te vergeefs, die Kommandant kan hem nie onskuldig vinde nie. Terugkomend op dieselfde punt elke keer, hou Kommandant Hunt vol dat Oom W. skuldig is aan disloyaliteit. Hij tel sijn klein bamboes stokkie wat hij gewoon is mee op straat te loop of uit te rij, senuwagtig op, haal sijn muts af en tik ernstig met die geel stokkie op die tafel. „Maar waarom kon jii gister nie self rapport maak toen jii sien dat jou man nie bii tijds sou terugkom van die veld nie? Waarom kan jii vandag doen wat gister konsuins onmogelik was?"

„Ek weet nie hoe ek u sal duidelik maak dat ek met mijn swak en sieklike ligaam tog nie naar die veld kon loop om alleen die esels te soek wat mij moet vervoer nie. En hoe kon ek die vorige a'end geweet het hoe lang die Boere op mijn plaas sou blij? Als ek alles van te vore geweet het, kon ek voorsorg gemaak het. Maar ek het baing spijt en het seker nie gemeen om ontrouw te wees aan uw bevele nie. Maar ek kon nie denk dat dit so'n groot kwaad sou afgee nie. Ek vra ekskuus."'

„Wel" eindig Kapt. Hunt, met 'n gevoel van triomf, „dit

blyk dat jij jou plig te'eno'er jou wettige owerheid versuim het. En dit, meneer Du Pré, is 'n seer ernstige saak te'en jou ! Dat die rebel van 'n Bester op jou plaas was het ek geweet voor jij gekom is. Jij het mij niks nuws gebreng nie. Maar ek eis van julle absolute loyaliteit, want julle is britse onderdane. Dit pas julle om dankbaar te wees dat Haar Majesteit haar troepe, julle en jul goed beskerm te'en die vijand. Jij kan 'n „permit" krij om ongehinderd naar huis te gaan, maar dit moet jij onthou, jij is voortaan gemerk en ek sal ver jou fijn oplet !"

Oom Willem het vandag 'n harde les geleer. Hij het leer insien hoe duur die prijs is wat hij moet betaal ver die voorreg van britse onderdaan te wees en tegelykertijd Afrikaner. Hij het verder geleer hoe swaar dit is om in jou eige land, in jou eige distrik als 'n volslage vreemdeling beskou te worde. Maar wat hem die meeste gegrief het, hem wat twee dage te vore met Bester en sijn manne geargumenteer het op gevaar af van misverstaan te worde, hem bij wie die vervulling van sijn burgerlike pligte 'n heilige saak was, en vooral hem bij wie nog nooit bedrog gevonde is nie, wat hem in sijn siel seer gemaak het, was, dat sijn woord in twyfel getrek werd deur Kapt. Hunt, dat hij gewantrouw word. Die steek was al te diep om helemaal te genees.

„Is dit dan 'n Engelsman se manier?" sê hij halfluid, toen hij wegrij.

'n Hele end buitekant die dorp kom daar 'n aertig man aangerij — dit is die Distriksmag. Hulle kom nou terug van hul verkenningsstog. Op Rietfontein se grond het hulle ou Adonis bij die skaap gekrij. Hij wou eers wegkruip uit vrees, toen hij merk dat hulle sijn koers uitsak.

„Pas jij baas Willem se skaap op?" het die voorman, 'n Hollandssprekende Afrikaner, Piet Vermeulen, en bekend in die omtrek, gevra.

„Ja, baas," het Adonis geantwoord.

„Het jij die menigte Boere gesien wat eergister hier op die plaas was?"

„Ja, baas."

„Was die oubaas baing vriendelik?”

„Ek weet nie, baas, maar hulle het 'n groot klomp skaap afgekeer uit die trop om te slag.”

„So! Hier is 'n stukkie geld ver jou. Kijk, als jij merk dat hier Boere kom en dat die oubaas vriendelik is met hulle en jij spring nie dadelik dorp-toe om te vertel nie, dan skiet ons jou so's 'n hond, jij hoor, nê?” was die laaste woorde van die voorman toen hulle wegrij.

Hulle laat Oom Willem stil hou, kijk sijn vrijbrief deur en laat hem voorbij. Oom Willem kijk hulle een ver een vlak en skerp in die gesig toen hij voorbij gaan, almal manne van die dorp in khaki, in die diens van die Engelse.

Toen die son laag gesak was en die skaduws van die esels langer en langer rek o'er die pad en skaapbossies, sit Oom Willem droewig te moede nog en mijmer half hoorbaar: „Sou die Engelse wil hê dat ons op dié manier ons loyaliteit moet bewijs? Dit is daarom vreeslik..... Afrikaner te'en Afrikaner..... Een huis dat tegen zichzelf verdeeld is kan niet bestaan.” Die dag nog het Kommandant Hunt met sijn eighand 'n swart kruis agter Oom Willem se naam gemaak in die register boek.

HOOFDSTUK VII.

DONKER WOLKE.

Die nag waarin Bettie die onderhoud met Bester skielik afgebreek het, was ver haar die begin van 'n tydperk van nuwe worsteling. Hoe verpletterend was haar die tijding! En dit sou haar pijn geensins versag nie, die omstandigheid dat Bester se informasie alleen op hoor sê berus, en dat dit op sigself genome nog geen sekerheid verskaf, dat die betrokke persoon haar minnaar was nie. Wakend, sugtend, biddend, so het sij die slepende dage en die traag-skrijdende ure van die nag deurgebrengh. En wat ver uitsigte en hoop had sij toen? Wag, geduldig wag, rondrijwe op die vloed van onsekerheid, totdat eendag per geluk of ongeluk sekere informasie sou opdaag. Wat is 'n vrou haar posisie tog erbarmlik, dag sij. Als sij 'n man was wat vrij kon beweeg en die kans had te waag, dan sou sij geen dag langer daar sit nie, sij sou stilletjies wegraak, te voet loop als dit al was, haar lewe daaraan waag, sij sou sorg, dat sij ergens bij die Boere te lande kom, sij sou Piet soek... en, als hij waarlik dood was, sijn graf met haar tranen bevochtig! Arme kind, sij had geen die minste idee van die vrugteloosheid van so'n poging nie, al was Piet se graf werklik ergens te vinde. O, hoe had sij vooruitgesien naar die Boere se koms daardie middag! Als 'n moeder wat met heilige teerheid haar kindjie aan die bors druk, so had sij die mooie hoop gekoester dat hulle haar onrus en spanning sou oplos, en toen.....? Toen eers is die bitterheid van die slegste verwagting met bijna geen straaltjie van hoop in haar gekwelde siel gekom. Bij tij'e bijna seker van Piet se dood en tog nie helemaal hopeloos nie, getroos onder die lotsbepaling van 'n liefhebbende Vader in die sagter oomblikke en dan weer opstandig en murmurierend in haar siel, onwillig om te buig en radeloos. Ver maande en maande was dit

die belangrikste motiewe wat haar siel beweeg het. Maar daarbij het nog ander dinge gekom, wat haar aandag bij rukke tog kon besighou. En hoe kon dit anders? In die begin het sij 'n sterk gevoel van afkeer ondervind te 'en Bester, omdat hij dit gewaag had so'n vreemde aanspeling te maak in die ogenblik, waar haar siel op sijn gevoeligste was. Hoe is dit mogelijk, dag sij, dat 'n man met skijnbaar so goeie opvoeding so iets kan doen? Is dit 'n gemene, gevoellose trek in sijn karakter? Misskien was dit wel nie so erg bedoel nie? En tog, waarom sou hij so iets sê, als daar nie iets anders agter skuil nie? Maar aan die ander kant is hij enigins te verskoon, want hij is gewoon aan dood en akeligheid en hij kan nie so gevoelig wees o'er sulke dinge nie. Na so'n redenering gebeur dit dan dat sij sigself bewus word en half skaam o'er haarself begin vra, waarom dit juis haar gedagte moet besighou! Wat sou dit wees dat die gebeurtenis so dikwels weer voor haar gees moet kom! Nee wat, dit is net omdat die omstandigheid van so buitengewone aard is. Als Piet dood is, sou sij ook dood wees ver die wereld! Maar daarmee sou die saak nie afgedaan wees nie. Onwillekeurig moes sij verlangend naar die terugkeer van Komdt. Bester uitkijk, want hij had haar belowe alle mogelike informasie omtrent Piet in te win. Alleen in dié sin, in soverre hij haar tot diens kon wees in belang van Piet, sover en sover alleen sou Bester ver haar iets beteken.

Lange maande is voorbij gegaan, eentonig en pijnlijk, nou en dan 'n engelse patroljie, eenmaal 'n engelse kolom, af en toe 'n klompie Boere en dan verder..... stil. Intussen was Oom Willem 'n geruime tijd lijdende aan koorssiekte. Nagte en nagte het Bettie bij sijn bed gewaak. Sou die Here haar roep om haar siek vader op te pas, en mog sij daarom geen deel hê aan die oorlog nie? Sou dit haar roeping en werk worde, beskeie en stil, waar sij so hoge aspirasies had? Eindelik is haar vader hersteld geworde, maar nie helemaal nie. Hij sou nooit weer worde wat hij was nie. Ma'er, béwerig en swakkerig, so het hij geblij. Ver meer als 'n jaar het Bettie haar voete nie van die plaas geset nie. 's Namiddags laat gaan sij gewoonlik 'n eindjie uitloop. En so gebeur dit op 'n mooi

Oktober namiddag, toen die plantage als 'n ware lushof begin oplewe, en die veldlug weer magtig en rijk begin worde van die soete geure van die a'endblommetjies, wat in die dalende son uitblink tussen die plat skuifklippies, dat Bettie uitklim te'en die rand langs die huis. 'n Paar duisend tree weg sien sij duidelik 'n gewapende mag aankom. Sou dit Engelse wees of Boere? Hulle rij op 'n stap, sodat die westewindjie 'n fijn stofwolkie opwaai. Die lope van die gewere glinster in die son nes 'n towering van blitse in wit skjinsel wat kom en verdwyn in 'n oogwenk. Nader gekom kan 'n mens duideliker onderskeie.

„D'is Boere”, sê Bettie hard-op en met voldoening tot sigself. Sij loop haastig huis-toe om die tjdning mee te deel.

Andermaal is Bester se kommando in die nabijheid van Rietfontein uitgekom en hij sou van elke gelegenheid gebruik maak om met Bettie in nader kennismaking te geraak. Alleen die Kommandant, vergesel van 'n 20 man, kom aangerij naar die plaas. Die ander deel van die kommando blij ver-af, omdat daar vandag geen tjd is hier te vertoef nie. Hij bereik sijn doel. Hij ontmoet Bettie alleen in die sitkamer.

„Ek kan u nie sê, mej. Du Pré, hoe blij ek is, u weer te sien nie,” begin hij met 'n galante glimlag.

„Dit is aangenaam te weet, Kommandant, dat u nog voorspoedig is in die strijd,” antwoord Bettie, sonder sijn kompliment direk terug te betaal.

„Ek verseker u, dit was moeilik van middag hier voorbij te kom, dit is beetjie uit die pad — die Engelse is nie ver agter nie — maar ek wou u so graag weer sien, ek wou, al kos dit ook wat!” hervat hij op 'n toon wat aan die fijn-voelende Bettie nie kon ontgaan en wat haar 'n klaar bewijs is van sijn liefde.

Onder voorwendsel dat sij niks daarvan begriip nie, vra sij: „Maar dan het u seker goeie tjdning aan mij te breng. Wat het u verneem van Dr. Marais?”

En met eens kom daar nes 'n wolk o'er sijn gesig, sijn woorde vloei langamer en swaarder als van een wat skielik

gehinder word in 'n aangenaam gesprek deur 'n kwellende herinnering.

„Dit is waar, ja, ek het u dit belowe! Wel, ek weet niks meer nie.”

„Maar het u dan nie rondgevra nie? Is daar dan niemand in die wij'e wereld wat iets van hem afweet nie? Ag, Kommandant, dit is so bitter, so bitter.....”

En toen besef hij dit opnieuw hoe vol haar hart is, hoe sij ten volle beheers word van een gedagte alleen. Sij merk nie eens sijn komplimente nie, sij sien hem nie eens raak waar dit geld haar minnaar, haar geliefde nie. Dit is mooi als 'n vrouw so getrouw, so loyaal is, dit moet hij erken. En terwyl sijn bewondering stijg, voel hij hoe hartstogteliker ook sijn liefde word. Die gemoedelikheid, waarin Bettie verval is, kom haar heel goed te pas, want daardeur word aan Bester alle mogelijkheid afgesnij om op dié tere grond ander voetspore te leg. En die les, vroeger geleer, sou hij vandag nie veronagtsaam nie.

„U moet verstaan, mej. Du Pré, dat ons kommando's maar heel selde met mekaar in aanraking kom. En vooral in die laaste tijd is daar geen kans om met 'n groot klomp mense o'er die Kolonie se grens te kom nie. Die strijd word ver ons baing swaar gemaak. Dit is die rede dat ek u vandag nog geen verder informasie kan verskaf nie. Maar als u misskien eendag die ergste mog verneem, probeer dan daarte'en te strij. Als dit so moet kom, dan moet u daarin berus. En u het ook 'n plig te'eno'er uself, te'eno'er uw persoon. U sal vergaan, uw senuwe sal ondermijn worde als u so toegee aan die verdriet. Probeer moed vat en vertrou dat alles sal regkom.”

Met hierdie woorde groet hij haar en verlaat die huis.

Bester het so te sê geen woorde met Oom Willem gewissel nie en sijn haastige besoek kon nie anders als bedenkinge en vrage bij die ou man opwek nie. Dit is al te snaaks dat die Kommandant 'n gesprek voer met Bettie alleen en dan die huis dadelik verlaat, sonder van die ander notisie te neem. Wat skuil daar agter? Met sulke gedagtes sê hij aan Bettie: „Mijn kind, dit is daarom nie pluis vandag nie. Ek weet nie wat

te denk van die gebeurtenis nie! Kan jij mij sê wat dit beteken?"

„Kijk, Pa weet mos dat die Kommandant belowe het om mij te vertel als hij iets verneem van Piet."

„En wat is dit van Piet? Leef hij?"

„Nee Pa, hulle het nog niks verder uitgevinde nie," antwoord sij bedruk.

„Ag, mijn kind, ek het dit net nou ver Ma gesê, ek voel so ongelukkig. Dit kan nie al wees nie, daar was iets vreemds en snaaks in die man se hele houding. Dit breng allerhande kwellinge in mijn gedagte."

Hoewel sij net so denk als haar vader, en van middag juis die beste gelegenheid had om volle versekerdheid van Bester se motiewe te krij, hou sij sig tog onkundig.

„Maar wat denk Pa dan?"

„Kind, het jij niks opgemerk in die man nie? Lijk dit nie of hij 'n oog op jou het nie? Het hij niks gesê naar die kant toe nie?"

Bettie bloos, onseker wat te antwoord. Dit sou voorbarig wees aan haar Pa te vertel wat sij denk van die haastige besoek; te verswiig wat sij meen te weet, sou niks minder als 'n leu'en wees nie.

„Pa, hij het nie juis iets gesê nie."

„Maar 'n mens hoef nie altijd iets te sê nie."

„Al sou dit nou ook wees, waarom is Pa dan so besorgd daaro'er? Denk Pa dan ooit dat daar iemand tussen Piet en mij sal kom?"

„Nee, dit sal ek nooit glo van mijn kind nie. Maar ek kijk verder, kind. Als Bester sijn besoeke herhaal, dan kan daar groot moeilikheid uit voortspruit. En so's dit nou is, ek moet al weer rapporteer. Ons posisie word al te swaar. Nee, nee, uit hierdie dinge kan geen goed gebore word nie. Jij weet dat die Engelse maar altijd op die loer lê om Kommandant Bester te vang. Als hij weer hier kom, sal ek hom reguit sê... Vandag se ding lijk nie mooi nie."

Met die laaste woorde het Oom Willem beswaard en bekommerd weggestap. Die dieper insig van Oom Willem het

aan sijn dogter ontbreek. Maar ook haar siel was beswaard, hoewel om ander oorsake. Nog altijd niks van Piet nie! En die oorlog duur voort met geen uitsig op vrede nie. Dan tree weer lewendig voor haar gees die gebeurtenis van die dag, en lewendiger word die sterke mannelikheid van Bester, sijn helder oge en krag, sijn aantrekkelikheid. Als hij haar waarlik lief het, dan sal hij weerkom. En hij is nie iemand wat sal huiwer 'n verklaring te maak nie en dan sou sijn hem vra om nooit weer met die doel daarheen te kom nie. Sij is mos sterk genoeg, sijn het Piet te lief om aan enig ander man te denk. En nadat Bettie dié besluit geneem het, verlang sijn half dat hij gouw weer sijn verskijning mog maak. Want sijn wou nie die oorsaak van moeilikhede worde nie. Te meer sien sijn nou vooruit naar die dag bij die o'erweging, dat juis Bester 'n onbetrouwbare man kon wees met sijn informasie aangaande Piet.

.....

Kommandant Bester was 'n gebore leider en seker een van die knapste Boer kommandante. Hij was die Christiaan de Wet van die Kaap Kolonie en sijn naam was wijd en sijd onder die Engelse bekend. Van verskillende kante het daar gedurig Engelse kolomme geopereer om hem te vang of in te sluit, maar keer op keer wis hij deur te breek of deur fijne taktiek hul berekeninge te verijdel. Dit is duidelik dat alle kragte saam gespan het om die rebel-hoofdman, wat so'n bekoring kon uitoeffen op die bevolking, so gouw mogelijk tot 'n val te bring. En dit is ewe goed verstaanbaar dat alle persone, wat geheime konneksies met so 'n gevreesde en verwenste mens het, op die ongenadigste manier sou getsraf worde.

Bester se tweede ontmoeting met Bettie het hem o'ertuig van sijn onblusbare liefdegloed ver haar. Skaars was hij weg, of hij had spijt dat hij haar nie alles gesê had nie, sonder inagneming van die gevolge. Maar wat nie gebeur is nie, sou seker geskiede die eerste maal dat hij nou weer die kans sou krij. Mog sijn krijgsgeluk hem gouw weer daarlangs lei!

Amper 'n maand na die gesketste voorval maak Komman-

dant Bester weer die draai nabij Rietfontein. Dit was wel 'n gevaarlike onderneming, waar daardie streek nou besaaid was met Engelse, maar hij had die volste vertrouwe in sijn manne en in sigself bowenal, terwijl hij kon staat maak op sijn beproefde verkenners. Vandag mag hij die kans nie laat voorbij gaan nie, dit kan die laaste maal wees dat hij in Bettie haar bereik kan kom. Ongeveer 'n kwartier te pèrd van Rietfontein laat hij die kommando afsa'el agter 'n dekkende rand. In die weste is die son al laag gesink en skuil gegaan agter 'n massiewe wolkeberg, blouw uitrijsend te'en die hemel. Bô op rus sulke dik, ronde knoppe op mekaar gepak en ineengegroeid, reusegedaantes immer veranderend en groeiend en gelerig verlig deur die sterwende son — volheid en rijkdom van vorm toweragtig uitgebeeld te'en 'n vleklose hemel. Kort — kort bewe daar 'n geweldige skudding in die ontsagwekkende, donderdragende massa's als die weerligte bô uitslaan in wonder-skone prag. Ek kan dit wel waag, die weer sal net nou hier wees, denk Bester. Met 'n paar manne rij hij tot dig bij die plaas, laat hulle daar wag tot hij sou terug kom en in die valende skemerdonker stap hij alleen naar die huis. Niemand het hem sien aankom nie, behalwe Bettie, wat op die stoep sit en die vrees-wekkende skoonheid van die naderende stormweer aanskouw. Sij skrik en spring op bij sijn onverwagte verskijning.

„Sst! mej. Du Pré, laat niemand weet dat ek hier is nie. Laat ons dadelik naar die sitkamer gaan, ek wil u ver vijf minute alleen sien. Ek moet dadelik weer weg, dit is gevaarlik ver mij hier.”

Swijgend gaan hulle die sitkamer binne, die deur word effe aangestoot en die kêrs aangesteek.

„Sê eers, wat beteken dit dat u alleen hier aangestap kom?” vra Bettie verwonderd en beangs.

„Ontstel u nie, mijn manne is nie ver nie bij die Rooi Rand. Ek wil met u praat. Mijn koms het net met u te doen.”

„Brenge u tijding, Kommandant?” klink dit ontsteld.

„Geen tijding van die soort wat u verwag nie. Maar iets anders, 'n soort tijding wat ver mij duisendmaal meer wêrd

is. Verstaat u dit dan nie? Kan u dit dan nie aan mij sien nie? Hoor u dit dan nie in mijn stem nie? Og, kan u dit dan nie merk aan mijn warme asem nie? Ek moes u dit bij mijn laaste besoek al gesê het, maar ek wou uw gevoel nie 'n tweede maal seer maak nie. Nou hou ek dit nie langer nie. Nou moet alle konsiderasie pad gee, waar ek u bekend maak met die sterkste drang van mijn siel. Ek het u lief, ontsettend lief — ek het geen rus gehad dag of nag van ek u die eerste maal ontmoet het, nee, nooit rus gehad nie.”

Bij hierdie woorde strek hij sijn hand smekend uit naar hare, maar sijn wijk terug verward, verwonderd en tegeliker-tijd jammer ver die groot, sterk man, wat sigself nie kan beheers nie te'eno'er iemand soveel jonger in jare.”

„Kommandant Bester, hoe durf u so praat met mij? U weet goed dat ek u nie mag aanhoor nie. Waarom kom u mijn swaar vererger?”

„Ag, ek weet nie of ek verkeerd of reg doen nie. Ek weet net dat ek die swaar las nie alleen kan dra nie — u moet dit weet. Nog nooit het ek trek gehad ver 'n vrou, nooit het ek geglo aan liefde nie, maar van ek u gesien het..... O, dit is vreeslik, so 'n vuur in jou siel te voel brande en dit nie aan iemand te mag sê nie.”

Sijn growwe stem is teer geworde en Bettie begin innig medelijde te krij met hem en met kalmte en selfbeheersing sê sijn: „Ek voel jammer, baing jammer ver u, maar ek mag nie verder met u hiero'er praat nie. U ken mijn posisie goed genoeg.”

„Ja, dit is waar. Waarom moet ek so ongelukkig wees? Maar ek kan dit nie help nie! Dit is o'er mij gekom niet eens, geweldig. Sê mij, mej., als uw vrees waar word, sal u dan mijn eige wil worde?”

Bettie skrik bij die woorde. Smekend staan hij voor haar, 'n mooi en sterk man, bereid alles op te offer, en sijn, hoewel met medelijde vervuld, volkome bewus van haar plig, sijn verloof en getrouw aan 'n man van wie sijn nie eens weet of hij nog lewe nie. Twee mense, twee siele bij mekaar en tog so streng geskei deur die dure besef van plig en eer. Hartstogte-

like liefde en medelijde, toegewijdheid en jammer, tevergeefs mekaar ontmoetend — galbittere tragiese oogenblik in die lewe.

„Ek vra u, so goed te wees, nie met mij meer te praat nie — u maak mij vreeslik seer.”

„Hoe kan ek anders? Ek wat mijn gedagte en hart op u geset het! O, hoe sal ek hier weggaan van a'end — sal ek dan geen hoop mag hê nie? U praat nie, u verstaan nie dat ek u wil besit, uw skoon ligaam, uw mooie siel.....”

Onder die laaste woorde word voetstappe gehoor in die voorhuis naar die sitkamer se kant toe. Terwijl Bester en Bettie besig was met die ernstige gesprek, met oog en oor net ver hulself, is daar 'n klomp Engelse aangekom. Die offisier het verneem naar Boere, waarop Oom Willem ewe onskuldig geantwoord het dat hij die dag niemand opgemerk had. Daarop het hij die offisier ingenooi en is nou juis besig hem naar die sitkamer te bring waar lig is. Toevallig het Bester in 'n voordelige posisie gestaan. Die deur word wijd oopgedruk en die offisier stap in, met Oom Willem 'n tree agter. In 'n oogwenk besef Bester die posisie en sijn gewone te'enwoordigheid van gees blij hem ook nou in die kritieke tijdstip bij. Want welk 'n onverwagte triomf sou dit nie wees als die Engelse hem so maklik, en in sulke omstandighede sou vang nie? Hij sou dus alles waag om te ontsnap. Hij ruk sijn rewolwer uit, leg aan op die verbouwereerde offisier en sê met gedempte stem „Hande op!”

Die offisier gehoorsaam.

„Als jij 'n woord praat of 'n lid verroer, dan is jij dood!” sê Bester terwijl hij op hem toeloop, die rewolwer altijd naar sijn hoofd hou en voorsigtig met sijn linkerhand die offisier se rewolwer uit die sakkie losknoop. Gelukkig is Bester goed bekend met die huis en die grond om die huis. Hij sluit die voordeur toe om dadelik kommunikasie met die manne buite af te snij, beveel die offisier om voor hem uit te stap tot bij die kombuis. Hij maak die kombuisdeur voorsigtig ope, buite is dit donker en stormagtig. Met een sprong ruk hij die deur agter sig toe en kies die kliprand wat dadelik bij die agter-

deur al begin. Toen die offisier bij sijn manne kom, wat bij die voordeur gewag het, was Bester 'n goeie end weg. Tog set hul hem agterna en skiet blindweg in die donker. Bester is helemaal veilig in die kliprand waar hij al hoger en hoger klim en nu en dan 'n skot los, met die gevolg dat hij 'n khaki ernstig wond. Die hele agtervolging het 'n paar minute geduur. Die swaargewonde man word in die huis gedra. Tant Annie en Bettie, half siek van ontsteltenis, verpleeg die ernstige ko'elwond deur die linkerskou'er. Hoewel daar 'n kolom gela'er is nie meer dan 'n half uur van Rietfontein nie, tog wou die patroljie geen minuut langer vertoef nie. Die gewonde word op 'n pèrd gehelp en toen volg die swaarste van alles. Die offisier is natuurlik woedend op Oom Willem, en die verraderlike Boere in die algemeen, en aan sijn roekelose taal geoordeel kan Oom Willem 'n bittere behandeling verwag.

„Mnr. Du Pré,” begin hij, „jij is 'n gemeen verraaiër. Jou verdiende loon sal jij krij! Binne twee minute moet jij klaar wees om saam te gaan dorp toe als mijn prisoner.”

„Ek is onskuldig, Kaptein,” antwoord Oom Willem beslis.

„So is julle almal en altijd, en tog gebeur sulke dinge!”

„Ek besweer u, ek het niks geweet daarvan, dat 'n vreemde man in mijn huis was nie.”

Sijn vrouw en dogter is bijna beswijk onder die skokke van die a'end — Tant Annie in trane, Bettie diep geroer, half stom. Sij het effe opsj gestaan tot nou toe, maar onskuldig kan sij haar vader nie laat beledig nie en met trotse selfgevoel sê sij tege die offisier: „Kaptein, jij beskuldig mijn vader puur verniet. Ek is die enigste in die huis wat geweet het van die vreemde man. Niemand kan daarvoor nie. Mijn vader is onskuldig.”

Met 'n kwetsende Mephisto-lag antwoord die offisier: „Jij het mooi geleer om jou Pa na te praat, nê? Die skelm wat gevlug is, is seker jou vrijer nê? Mnr. Du Pré, groet jou mense, die tijd is om.”

Toen Bettie merk dat haar Pa moet gaan, bijt sij die

offisier tege onder trane : „Ek het meer ridderlikheid verwag te'eno'er 'n dame van 'n Engelse offisier.”

„Dit kom daarop aan hoe 'n mens dit opvat,” brul hij haar toe. Wie sal beskrywe die gewaarwordinge van die familie Du Pré, wat nou uiteengeskeur moet worde onder sulke akelige omstandighede?

Oom Willem is nog enigszins kalm en hou sig in, waar die twee vrouwe onder die diepste aandoening hul trane nie kan bedwing nie. Tant Annie leun aan sijn bors, Bettie kniel te'en sijn arm. „Mijn kind, mijn kind,” sê Oom Willem met 'n stem waarin aandoening en verwijt tegelyk te herken is, „wat ek gevrees het, is gebeur. Kon jij mij dan nie dadelik gesê het dat hij hier was nie? Bettie, jij het hem tog nie aangemoedig nie?”

„Ag, Pa, ek kan dit nie help nie, ek is net so onskuldig als Pa,” snik Bettie.

Twee khakis kom nou in op bevel, om hem aan vrouw en kind te ontruk. Toen hij uitgaan bij die deur sê Tant Annie diepbedroef : „Hij met sijn sieklike ligaaam in die duister nag en re'en, hoe vreeslik tog !”

Buitekant word hij op 'n pêrd geset, 'n wag van vier gewapende manne rij aan al kante van hem, so word die reis naar die dorp aanvaard. Hulle rij eers bij die Engelse kolom aan, om die gewonde man onder behoorlike verpleging te bestel. Oom Willem, diep geskok en weemoedig o'er die skielike en verpletterende gebeurtenis, praat geen enkel woord nie, waar hij net die hoefslage van die pêrde hoor in die nat sand en waterdammetjies so onder die re'en deur. Bô in die lug hang 'n afgrijselike weer. Swaarbelade wolkbanke, swart en grimmig, voortgedrewe langsaam en onmerkbaar deur 'n sterk westewind, vorm 'n geweldige dak laag in die lug, alsof dit elk ogenblik kan neerbons op die aarde en verpletter mense en diere. En dan met eens wikkkel-wakkkel dit neer uit die swart wolke in langgerekte kettingligte van blouw en geel of 'n vuurdragende hand daar in die donker skrywe bewerig en vinnig, 'n taal onleesbaar en onverstaanbaar — onnamaakbare tekeninge vluktig en skoon geskep om weer te verdwyn

in 'n oogwenk — grootse tekenkuns wat van verre alleen mag bewonder worde en met ontsag! En dan die vreeslike kraakdreuning wat gouw verrol in die ope veld, opgevolg deur sagte buitjes wat als 'n vreedsame veronskuldiging ver voorbijgegane wreedheid, neerruis o'er die patroljie en 'n onskuldige grijsaard in kwelling en kommer.

HOOFDSTUK VIII.

VERRAAD.

Dit was 'n vreeslike nag ver die twee vrouwe alleen in die groot woonhuis van Rietfontein. Daarbuite blits en donder dit onophoudelik, en spat sware re'endruppels, of jij met ertjies saai, hard te'en die vensterruite van die woonhuis, waar moeder en dogter troostelos en beangs bij mekaar hulp seek. Dit was hulle of die natuur selfs geen sympathie en gevoel ver hul leed had nie. Bettie kon dit alles nog verdra, was nog jong en haar senuwe was gestaal deur harde ondervinding, maar Tant Annie? Tant Annie was al oud en sover als sij kon terugdenk, was sij en Oom Willem nooit van mekaar af nie. Hul lang getrouwe lewe is daarheen gevloei als 'n vreedsame, gelijkmattige stroom — 'n stil en rustige lewe waar hul altijd, altijd kon saamgeniet en ook saamlij, 'n lewe sonder skokkende gebeurtenisse, gesegend en vol tevredenheid! Saam die a'end — en morgegebed doen, dit was so 'n ingegroeide gewoonte, so 'n stuk van hul bestaan, so'n diep-innige behoefte, dat die vernietiging hiervan alleen als die grootste omwenteling moes voorkom en die oorsaak wees van onbeskryflike weemoed. En sij had 'n slegte voorgevoel alsof die gevangening van haar oue man die ergste gevolge sou hê. En van a'end sou daar geen gewone a'end-gebed wees nie. Met eens en onverwag losgeskeur van mekaar en sij alleen met Bettie, met die naaste gedagtes o'er die toekoms..... hoe sou haar senuwe dit alles deurstaan?

Maar Bettie haar pijn was van 'n andere soort. Bij haar was dit 'n galbitter verdriet! Hoe onskuldig sij ook aan die hele saak mog wees, dit is tog indirek deur haar gekom! O'er haar tog is Bester daarheen gekom! Als sij nie daar was dan sou dit alles nie gebeur het nie! Maar die ergste was seker die trek van verwijt in haar vader se woorde, als sou hij meen dat sij Bester aangemoedig het ook maar in die minste. O,

hoe kon haar vader so iets gaan denk? Haar selfgevoel was gekwes en haar hart bitter seer.

„Ag Ma, wat kan ons doen om Pa te help? O, ek wil enig iets opoffer om hem vrij te maak!” roep sij angstig en onder trane uit, terwyl sij haar moeder haar arm vasvat.

„Ons kan niks doen nie, mijn kind, ons is alleen en d'is nag,” klink 'n treurige stem.

„Ma, ons gaan albei in dorp toe morge, ons sal Pa vrij maak, ons *sal*, Ma, ons *moet*.”

„Jij vergeet, mijn kind, dat ons nie ons voete van die plaas af mag set nie, *d'is* juis die akeligste.”

Maar Bettie was nie tevrede nie. Daar moes iets gedaan word, en dit was *haar* plig. En tog, wat kan 'n hulpelose, swakke vrouw in so 'n donker nag nogal uitrig? En weer breek daar 'n donderslag los, geweldig of dit nabij die huis neerslaan. Tant Annie spring op uit die stoel als een wat uit 'n nare droom ontwaak.

„Dit is so vreeslik,” sê sij snikkend. Maar bij Bettie was daar verwarde denkbeelde. Als sij 'n man was, sij sou agterna loop om haar Pa te help. Maar naar wie sou sij nou gaan om raad? Maar wag, daar kom met eens die beeld van Kommandant Bester voor haar gees. Sou Bester nie iets kan doen om haar Pa te red nie? Ja, hij is die man, hij sal doen wat in zijn vermoge is, al is dit dan alleen om harentwil! Hij is 'n man, en hij is sterk, en hij is die enigste tot wie sij sig kan wende in die akelige ogenblik. Sij sal aan hem skrywe.

„Ma, ek het nou 'n plan” sê sij hard op, „ek gaan aan Kommandant Bester skrywe om hierheen te kom, hij *kan* en *sal* iets doen.”

„Doen dit liewer nie, kind, hoe sal jij ver hem laat weet? Dit is gevaarlik.”

Maar Bettie was nou eenmaal besield met die idee, en in die uur van nood en vrouwelike hulpeloosheid, sonder na te denk o'er die mogelike gevolge van so'n daad, neem sij die toevlug tot die man wat sij sterk ag en in staat om verandering te bring in die noodlottige posisie. Haastig grijp sij die pen en skrywe:

„Seergeagte Kommandant Bester,

Ons is radeloos en in ellende. Pa is als gevangene van ons weggeneem en ons weet nie wat gebeur met hem nie. Maar u ken hem en u *weet* dat hij onskuldig is, dat hij geen stuk kwaad gedaan het nie. Tot u wend ek mij, bij u soek ek hulp, u kan iets ver hem doen—ek weet nie wat of hoe nie, maar u kan, u is 'n sterke man. Kom dadelik, als dit moegelik is, naar Rietfontein. Ons weet nie wat anders van ons sal worde nie.

Met hoogagting,

BETTIE DU PRE."

„Mijn kind, waar wil jij heen?" sê Tant Annie, toen Bettie aan die knop van die voordeur-slot vat.

„Ma, ek gaan die brief ver Servaas gee, hij sal dit wegbreng, Ma, hij *sal*, van nag nog," was die angstige en opgewonde antwoord.

Servaas se huis was 'n goeie 200 tree van die plaashuis af. Buitekant was die storm nou voorbij. Die lug was nog nie helemaal leeg nie, maar so naar die westekant blink die sterretjies so's lieflike ogies wat geen verdriet ken nie. In haar haas o'er die nat sand merk sij nie die waterdammetjies op nie, wat lê blink hier en daar o'er die ongelijke werf. Uit die een in die ander trap sij onverskillig, al haastiger om bij Servaas te kom, terwyl die windjie verfrissend te'en haar klopende voorhoofd waai. Sij hoor nie die drome-wekkende musiek van duisende en duisende paddetjies nie, heengalmend in die duistere nag — 'n wiegeleid van fluwelig-sagte klanke wat dankbaar opstijg naar Bowe, saam met die volle en rijke geure van deurnatte gronde en bossies. Sij weet alleen dat sij naar Servaas gaan om sijn hulp in te roep, om hem te bid, die brief te besorge. Als sij in 'n kalmer stemming was en kon nadenk o'er die mogelike gevolge van so'n onderneming, als sij kon redeneer, oorsake en gevolg te'en mekaar afweeg, sij sou bang worde en die brief dadelik opseur. Maar in dié toestand was sij nou nie, waar sij , gehoorsaam als 'n angstige

kind aan die eerste ingewing, en hoopvol vasklemmend aan die enigste bereikbare strooihalmpie, met 'n soort van ogenblikkelike bevrediging 'n plan probeer uitvoer, wat sij en sij alleen voor verantwoordelik is. En daarbij het nog gekom die beseft dat sij nie meer passief sit aankijk hoe die omstandighede om haar heenwoel nie, maar dat sij self in die draaikolk van gebeurtenisse begin meedans. Was dit dan nie altijd haar ernstige versugting nie? En nou is dit alles werklik so gekom sonder haar toedoen. Heel anders het sij sig so iets voorgestel. Hier word sij gedrijf, onweerstaanbaar voortbeweeg tot handeling en onder sulke droewe omstandighede.

Maar Bettie was nie die enigste daar op die werf in die donker nie. Stilletjies en skelm-skelm beweeg daar 'n swart figuur al agter haar aan. Aan die manier waarop hij voortgaan, loop-loop, staan-staan, kan 'n mens al te makkelik merk dat daar meer als belangstelling in die spel is, dat daar 'n kwade bedoeling agter skuil. Adonis is al die tyd nog in die diens van meneer Du Pré gewees, maar sedert die dag dat die khakis hem 'n ko'el belof het als hij nie nouwkeurig sou rapporteer o'er die loyaliteit van Rietfontein se mense nie, het hij al meer en meer belangstelling in die saak gekrij, te meer daar die soort van rol hem geldelik nie onverskillig was nie. Dit het reeds sover gekom dat dit Adonis, aangespoordeur 'n bekende, Swart Jan, wat al bij die Engelse in diens was, nie veel kon skeel of hij sijn betrekking als skaapwagter sou moet opgee nie. Hij het dan van tyd tot tyd informasiegegee aan patroljies wat daar mog aankom, en die saak is hem al aannemeliker voorgekom. En Servaas het 'n tyd gelede ou Adonis op enigsins brutale wijze toegespreek, en dit vooral het Adonis voortgehelp om in die gevaarlike en verraderlike rigting te drijwe. „Als ek die Duusman maar kan betrap,” het hij ver sigself gesê. En so is dit gekom dat bij die hotnot naas gewinsug ook wraakgevoel ontstaan en voortgewoeker het. Hij weet goed dat die ou baas weggenem is en so's 'n wakker plaashond het hij al die heel a'end rondgedwaal om te kijk wat aangaan. En nou dat die klein noi naar Servaas se huis gaan, nou is dit sijn kans! „Van a'end is dit mijn.

beurt, Duusman!" mompel hij binnensmonds terwijl hij sag-gies agter die huis om kruip, so's 'n kat wat 'n muis wil betrek.

Uit Servaas se eetkamer val daar 'n dun strepie lig tussen kosijn en vensterblindings deur naar buite. Hij hou sijn asem op en luister.

„Ag, Servaas," begin Bettie, „ek weet, dit is 'n groot opoffering — ek vra veel van jou. Maar doen dit tog — doen dit om Pa entwil!"

Bij dié woorde loer Adonis bij die skrefie in. Bettie staan voor Servaas, nabij die venster met die brief in haar hand, smekend en met betraande oge. Hij kan alles goed hoor en 'n deel van haar gesig beken, waar die lamplig helder op haar val.

„Ver Oom Willem, ja, ver Oom Willem — wat sou 'n mens nie ver *hom* wil doen nie! Maar hoe en waar sal ek hulle krij? En in so'n donker nag — 'n mens kom al te maklik in die Engelse se hande — d'is bijna verniet om so iets te probeer en daarby gevaarlik."

„Als jij dadelik gaan, Servaas, dan sal jij hulle seker krij. Kommandant Bester het mij gesê, dat hulle te'en die Rooi Rand aan gelager is; hulle is seker nog daar, die Boere sal nooit vannag verder gaan nie. Servaas, jij weet nie, hoe 'n plesier jij mij sal doen nie. D'is miskien in jou hande om ver Pa te red. Neem die brief en gee dit in die Kommandant se hande. Servaas, jij mag nie weiger in so'n ogenblik nie." En sij kijk hem aan met grote oge, ernstig en smekend, terwijl hij nie durf opsien nie maar aaneen voor sig uitstaar te'en die donkerbruin tafelpote aan, onbeslis. Kan hij gehoorsaam waar hij en sijn familie so seer in gevaar gesteld word? En hij denk aan sijn vrouw en kindertjies, sonder sijn beskerming als die plan mag misluk. *Mag* hij weiger om 'n onselfsugtige daad te doen ver die eer en die veiligheid van Oom Willem? Toen hij niks gehad het nie, het Oom Willem hem opgeneem en gegee brood en dak en liefde. En toen sijn vrouw weke lang tussen dood en lewe hier gelê het, toen het Bettie en Tant Annie nagte deur, bekommerd en diensvaardig, hier bij haar bed sit waak.

O, hij het soveel liefde ontvang van die Du Pré's en nou dat die beurt aan hem kom, nou dat hulle hulpeloos is..... mag hij nou weiger?

„Mej. Du Pré,” begin hij eindelijk, „ek is nie bang ver mij self nie, ek is nie 'n lafaard nie, dit sal niemand van Servaas ooit sê nie, maar dit is net mijn vrouwtjie en kindertjies. Jij weet, d'is tien te'e een dat ek in die hand kom. Kort voor dit donker geword het was ek nog daar agter die Skurwe Rand, en wat sien ek? Die vlakke, die bossies, dit lewe van duisende khakis so naar Vaaldam se kant toe. Die hele wereld is van a'end vol van hulle. Mag! ek het lus gekrij om so onder hulle in te saai met die ko'el! So waar! Als ek nie vrouw en kinders gehad het nie, ek sluit so seker bij die Boere aan. Maar nou sal dit daarom te treurig wees als hulle mij vannag vang sonder dat ek 'n kans gehad het om eers 'n klomp dood te skiet! Ek het baing da'e al so gewens dat ek bij die Boere kan wees!”

„Dan is dit met jou net so's met mij, Servaas. O, ek wil ponde gee om bij die Boere ambulansie te kom. Net ek kan nie. Ek moet thuis blij en al die naarheid aanhoor. Maar nou, Servaas, kan ek o'er die dinge nie denk of praat nie. Mijn gemoed is te vol o'er arme Pa — ag, wat sal daar tog van worde! Maar jij moet ons help, jij sal, jij sal ons bijstaan in die nood. Kom, sê mij dat jij sal, belooft mij dit nou. O, asseblief, Servaas, help mij tog.....”

Wie kan die vurige pleit van 'n skone jonkvrouw weerstaan? Sou Servaas die onbeskaamdheid hê om te weiger waar sij, half snikkend en met gevouwe hande, sijn hulp, die enigste waartoe sij sig kan wende, inroep? Wat staan hem te doen?

En, aangemoedig deur die vertrouwe wat sij in hem stel, kijk hij haar vas in die oge. In sijn oog is 'n helderheid als van een wat 'n o'erwinning behaal het, in sijn stem die vastigheid van 'n held.

„Ek was nie seker wat ek sou doen nie. Maar nou weet ek wat ek moet doen, wat mijn plig is. Om jou Pa entwil sal ek dit doen. Jou Pa het mij geneem toen geen ander mij

'n plek wou gee nie, en jou Pa het van mij 'n man gemaak. Ek sal hem bewijs dat ek dit wêrd was."

„En jij sal mij belooft om die brief in die hande van Kommandant Bester te gee of dit anders naar mij terug te breng?"

„Ek het jou mijn erewoord gegee!"

„Dankie, Servaas, dankie! O, mog ons plan goed afloop. Ek sal nie slaap nie, ek sal wag, en als die honde blaf sal ek weet dat jij aan kom is. O, ek dank jou." sê Bettie hartstogtelik terwyl sij sijn hand met albei hare warm en erkentelik druk.

Adonis kon elke woord hoor en sien hoe Bettie die brief aan Servaas gee. Hoe het sijn hart geswel van vreugde, dat hij 'n goeie kans had om die Duusman vas te trek, en hij het sijn hoofd in voldoening geskud.

Agter 'n klip, vanwaar hij mooi die deur van die huis kan sien, blij hij nou sit op die wag. Meer als 'n uur het hij gewag, want dit het Servaas moeite gekos om sijn vrouw te o'ertuig dat hij nie anders kon nie. Solang Bettie in die huis was, het sij geen woord gepraat nie, maar sodra sij weg was, is haar tong los geword.

„Is jij mal, Servaas," begin Janetta, bijtend en skerp, „d'is mos nou gek mens se werk om so iets te wil doen. Jij laat jou ook maklik 'n gat in die kop praat van so 'n bog kind so's Bettie. Ek sê jou, jij sal nie gaan nie — ek sal daar tog 'n stok voor steek!"

Toen, na die parmantige uitdaging daar geen antwoord kom nie, maar alleen 'n blik van ontevredenheid en plooië in Servaas se voorhoofd, begin sij opnieuw. „Here! man, ek kan mij so versondig o'er jou. Jij sê kastig dat jij ontsien o'er jou vrouw en kinders, maar jij is te *sleg*, jij is te *swak* om nee te sê. Jij sal 'n gek wees om dit te doen. Hoe kan jij so iets gaan belowe? Sê mij, wat krij jij misskien daarvoor?"

„Magtig, vrouw, om jou daarom so te hoor uitvaar! Sou jij nie dieselfde gedaan het in mijn plek nie? Moet 'n mens dan net ver jouself lewe?"

„Nee, maar watter duiwel drijwe jou nou om so 'n gek ding te doen. Kijk hoor, wat ek jou sê, jii sal jou verdriet te'enkóm.”

„Janetta,” begin Servaas weer bedaar, „onthou jii nog hoe jii hier siek gelê het, bij die dood, te swak om te praat? Wie het toen hier gesit bij jou, dag en nag, sonder om te vra wat hulle daarvoor sou krij? Wie het ver jou kos gebreng en jou kinders se klere gelap, wat anders nakend moes loop? Wie het ver ons met ope arme aangeneem toen ons niks meer als 'n bondel plunjies gehad het nie? Is dit nou die dankie wat die Du Pré's van jou krij?”

„Hoor weet jii wat? Jii het altijd alles ver ander mense o'er — jii sal jou bij mijn siel uittrek ver 'n ander Daarom het jii ook niks, daarom blij jii ook so arm so's Job. Maar als *ek* iets nodig het, als *ek* iets vra, dan is daar duisend stories. Ver mij het jii niks o'er nie, maar ver ander sal jii deur die vuur loop!”

En toen vloei die trane, trane van opgewondenheid en bitterheid. Maar Servaas ken hulle goed, daardie trane. Hulle sou hem nie beweeg nie. Sij ruk die kamerdeur oop en smijt dit te'en die muur, boos. Die woeste lawaai laat die klein kindjie wakker skrik, wat 'n ma'er deuntjie begin huil, louter hoge keelnote. Toen die eerste vlaag van kwaaiigheid bedaar was, staan Servaas op van sijn stoel en stap naar die hoederak. Janetta merk dit, sijn tree driftig in die voorhuis net toen hij aan die deur se knop vat.

„Jii kan dit o'er jou hart krij om te gaan? Nou kan 'n mens sien hoe veel jii ver mij omgee,” klink dit hem te'en, verwijtend.

„Ek het eenmaal mijn woord gegee, vrouw, en ek sal gaan,” is die woorde wat Adonis duidelik ver Servaas hoor sê, toen die deur oopgaan. En toen val die huisdeur dig. Koes-koes volg Adonis hem nog 'n end tot waar hij die groot rand begin klim.

„So, d'is nou ver genoeg,” sê hij voldaan, „nou weet ek genoeg.”

Met besliste stap sukkel Servaas nou uit te'en die rand.

Hier en daar struikel hij te'en 'n klip in die donker, maar hij weet sijn koers, hij ken elke duim grond van die plaas. Bô op rus hij 'n minuut, want hij het kort-aseem gekrij. 'n Geurige luggie gesels aanhoudend 'n eentonige onduidelike taaltjie om sijn ore. Ver naar die ooste rijs daar 'n reuseberg van traag wegtrekkende swart wolke, als onwillig om langer voortgejaag te worde deur die geel lig-toweringe wat die swart massa's tot sneeuwitte heuwel-rondinge ombéwe. Verkwik en moedig stap hij verder. Bij die Rooi Rand krij hij goen Boere meer nie, maar na 'n beetje daar rondgesoek te hê ontdek hij diep pêrde-spore in die nat grond. Dan is hulle eers na die re'en voort en seker ook om hulle droog te rij, en dan sal hulle ook wel nie te ver gaan nie. En met die gedagte besluit hij om die spoor te volg wat na die re'en heel maklik is. Nie te ver geloop nie, of 'n drie-kwart maan kom hem help, sodat hij nou vinnig kan voortgaan. Maar hoe verder hij gaan, hoe meer lijk dit vir hem of die Boere 'n lang toggie onderneem het, maar hoe sterker word ook sijn begeerte om aan te hou, al kom hij ook morge thuis, solang hij maar sijn plig gedaan het. Toen dit dag word en toen hij merk dat dit 'n hopelose poging is, besluit hij om te draai huistoe, ontevrede en moeg.

.....

Intussen is Adonis 'n te'eno'ergestelde rigting ingeslaan, dorptoe. Gehardloop het hij die grootste deel van die pad, dat die tong uithang. Hij het sijn vuil werk verrig en is dadelik in diens getree bij die Engelse.

„Dit is knap van jou, mijn jong,” het die bevelvoerende offisier van die Berede Mag gesê, „jij sal saamgaan met ons naar die plaas.”

„Toen hulle op Rietfontein aankom, vroeg in die voormiddag, is dit doodstil. Ook die skape wat nog in die kraal staan is verwonderd dat die hek nie oopgegooi word vandag nie. Hulle staan 'n vaste bank voor die kraalhek, met die voorpote bô te'en die hekpaal trappend so's hul o'er mekaar klouter om uit te kom.

Bettie en Tant Annie word aangesê dat hulle gevangene is en dadelik sal weggevoer word. Hulle sal op 'n kar gelaai en vooruit gestuur word, terwyl 'n deel van die Berede Mag sal dop hou wanneer Servaas aanland. Die twee vrouwmense gedraag sig dapper na die eerste vlaag van skrik voorbij is, dog sonder nog die toedrag van sake te verstaan. Buite gekom merk Bettie ver Adonis op, nie meer Rietfontein se skaapwagter nie. Hij durf haar nie in die oge kijk nie en skuld-bewus blij hij al agter langes. En toen begriip sij-

„Skaam jou, Adonis, skaam jou,” is al wat sij kan uitkrij.

... ..

Bij Servaas se aankoms word hij gevang en die bewuste brief in besit geneem. „Jou skelm, is dit jou werk?” brul hem Kaptein Vermeulen tege. Verbitterd kijk hem Servaas in die gesig. Ver 'n ogenblik staan hul daar te'eno'er mekaar, Vermeulen en Servaas, goeie bekende van vroeger, maar nou geswore vijande, en kijk mekaar aan, sprakeloos. En toen begin Servaas se lippe te béwe van woede.

„Seker nie 'n slegter werk als jou'e nie, jij met jou khaki-pak, sies!”

„O, jij mag wens om so'n drag te dra, d'is die koning sijn, sien jij?” is die uitdagende antwoord, terwyl Vermeulen in trots met sijn regterhand op sijn bors slaan en laat volg: „Sulke rebelle so's jij, is nie wêrd om die uniform te dra nie.”

„Rebel noem jij mij, maar wat is jij anders als 'n lage verraaiër! Die see kan jou skande nie afwas nie, en dit ver 'n paar shillings! O, jij is 'n slegte Afrikaner, nie wêrd om die naam te dra nie. Ek sou mij dood skaam als ek jij was. Wag maar, die wiel draai weer, julle soort sal nie baas blij nie.”

„Jij sal boet ver jou parmantigheid, sê ek jou, so's hond sal jij moet loop Steenburg toe.”

„Ag, mijn man kan nooit loop nie, hij is dood moeg,” breek Janetta los, wat 'n paar tree af staan, onder tranen. „Servaas waarom het jij tog nie ver mij geluister nie?”

„Groet jou vrouw, jij moet gaan,” beveel Vermeulen.

Servaas soen sijn vrouw en kinders, en onder die groet sê Janetta ver hem saggies: „Servaas, dit is Adonis se werk die, kijk daar staan hij.”

Toen merk hij Adonis ver die eerste maal op.

„Jou swarte duiwel, d’is om ek jou bek nie ingestamp het nie.”

Kort daarna sukkel Servaas voort op ’n gedwonge stapdruffie tussen die ruiters, vernederd en woedend.

... ..

Na die vertrek van die manskappe is dit doodstil op die plaas. Voor die stoep sit Servaas se twee kindertjies, wat nog nie groot genoeg is om ’n besef te hê van die toestand nie, en bou modderhuisies met die nat kleigrond, en o’er hulle glij die sonstrale van ’n koninklike somermiddag beskermend en segenend. O’er die onderdeur kom die afgebroke snikke van ’n moeder in vertwijfeling.



HOOFDSTUK IX.

STRAF.

Na omtrent een-derde van die pad so voortgesukkel te hê, kan Servaas dit nie langer so volhou nie. Van gister a'end af is hij nog altijd op die been en sijn kragte begin nou sterk afneem. O'er sijn voorhoofd hang 'n bleke afgematheid; groot pèrels sweet rol gedurig langs sijn slape af. Eindelijk sak hij meer op die grond, in die middel van die pad, als bewijs van sijn volkome uitgeputheid.

„Nou kan ek nie meer nie!” sê hij met 'n sterke sug.

„Kom, jij moet loop!” brul Vermeulen.

„Nee, nou kan julle mij gerus doodskiet, al bars dit ook, nou loop ek nie 'n tree verder nie.”

„Laat hem 'n beetje rus,” sê Vermeulen te'en sijn manskap, „hij sal net nou weer reg kom.”

Maar na 'n paar minute verseg Servaas eers reg om op te staan. Hij lê daar in die pad so's een wat dood is.

„Tel hem op Jan se pèrd, kerels, en laat hem agter op sit. Jan is mos lig.”

Jan is die seun van Kapt. Vermeulen, wat saam met sijn vader van die begin af al gehoor gegee het aan die oproep om diens te doen onder die Engelse, dieselfde klein bog van 'n seun wat ver Oom Willem een dag, daar bij die ingang van die dorp, voorgekeer het. Toen die patroljie in Steenburg aanlande, tamelik laat in die namiddag, word Servaas dadelik voor Kommandant Hunt gebreng om sig te verantwoorde. Ook Tant Annie en Bettie, wat intussen al iets gesmaak het van die donker tronk-kamertjie, word gehaal. Toen Bettie en haar moeder in die kommandants-kantoor, dieselfde beknopte kamer waar ons Oom Willem eenmaal sien rapport maak het, intree, kijk Hunt hulle onverskillig aan. Bettie haar oge was rooi gehuil, maar tog kon hij nie help om nog 'n slag haar wese te deurskouw; daar was so iets statigs en superieurs in die Boere-

meisie. En toen sig beheersend, begin hij rondkrap en lees in die papier bundels wat daar voor hem op die tafel rondgesaai lê, alsof hij dringende en belangrike werk te doen het. Met eens gaan die deur oop en word Oom Willem deur 'n khaki ingelei. Dit is die tweede maal dat die grijsaard voor die kommandant verskijn. Van morge egter kon hulle nie vorder nie. Oom Willem het eenvoudig volgehou dat hij onskuldig was en nie die minste kennis had van die aanwesigheid van 'n boer in sijn huis nie. Hunt het na dié verklaring sijn skou'ers opgetrek.

„D'is baing snaaks!” het hij ongelowig gesê en die ou man laat verstaan, dat daar 'n lelike beskuldiging te'en hem ingebrenge was. En dit trots die waarskuwing dat hij geen simpatie moet betoon met die vijand nie. En so met al die skijn van skuld te'en hem, met geen vooruitsigte op 'n genadige behandeling, met die voorgevoel van nog leliker dinge, met die besef van vernedering en van groeiende ontevredenheid en bitterheid te'en die wettige autoriteite, en eindelijk, swaarste van alles, met die pijnlike bewustheid van die loskeuring van huiselike bande, het hulle hem op 'n wenk van Hunt naar sijn eensame kamertjie in die tronk gelei. En daar het hij die hele dag gesit aan sigselwe o'ergelate, in eentonigweemoedig gepeins. En dan is dit sover gekom, was sijn gedagte, en sonder sijn toedoen, sonder 'n skaduw van skuld. Hij in die tronk, hij wat in volstreckte eerlikheid altijd gehandel het, wat met 'n vrij gewete voor God kan verklaar, dat hij nooit in die minste disloyaal was nie; hij wat sijn lewenswandel gedurig ingerig het in o'ereenstemming met die voorskrifte van die Bijbel; hij wat, als hij iets gedaan het, te'en sijn eige mense is gegaan uit o'ertuiging, dat dit Gods wil nie was, dat ons moes opstaan te'en ons regering nie; hij wat sig selfs bloot gestel het aan die wantrouwe van sijn medelandgenote..... en hij, juis hij in die tronk! Of wil die Here die nasie straf ook in hem? Moes hij miskien lij omdat andere verkeerd gedaan het? Als dit so was, dan sou hij buig, dan sou hij die vernedering gewillig dra, maar dit kon hij nog lang nie insien nie. Met sulke gedagtes is Oom Willem ingesluimer,

omdat hij tamelik moeg was van al die buitengewone vermoeienis.

'n Harde klop aan die deur van 'n tronk-dienaar het hem laat wakker word. Dit werd hem aangesê dat hij dadelik weer voor die Kommandant moes verskijn. Die gedagte dat hem weer gelegenheid sou gegee worde om sijn saak te bepleit, was welkom. Maar nou dat hij bij sijn intree in die kantoor ver Bettie, sijn vrouw en Servaas opmerk, onverwag, met die uitdrukking van kommer op hul gesigte, nou met eens ruk daar 'n skok deur sijn ligaaam, o'ertuig dat daar iets gebeur het. Trane kom daar in Tant Annie haar oge, maar nòg sij, nòg Oom Willem is instaat met mekaar 'n woord te wissel, so vreemd en ongehoord kom hulle die situasie voor. Die kantoor-deur word toegemaak. Reg voor Hunt anderkant die tafel staan die vier beskuldigde, en eenkant Kaptein Vermeulen en Adonis, eersgenoemde om te ageer als getuige en tolk tegelijk. Alvorens die ondersoek te begin, laat Kommandant Hunt sijn oge nog 'n keer weie o'er die persoon van Bettie, en 'n gevoel van jammerte kom o'er hem dat hij so 'n mooie meisie moet vervolg. „Al te jammer dat sij 'n Boere-meisie moet wees, eigelik te lief daarvoor,” sê hij ver sigself. Hij neem 'n ope brief wat voor hem lê, buig o'er die tafel en gee dit in Bettie haar hande.

„Mej. Du Pré, is dit jou handskrif daardie?” sê Hunt met 'n aangematigde stemverheffing op sijn offisier-Engels, terwijn hij haar skerp deurkijk.

Wetende dat die opgevoede jonge Afrikaner goed Engels ken, ag Hunt dit nie nodig om voorlopig van die tolk se dienstegebruik te maak nie. Bettie haar lig-rooi wange, waar gesonde lewensbloed in woel, slaan nou skielik om tot 'n donkerder kleur. Toen zij ingekom is, het die aanwesigheid van Servaas haar al o'ertuig dat hij op een of ander manier in moeilikheid geraak is, maar nog het sij die hoop gevoed dat hij die brief òf weggesteek òf vernietig het. Dit kan dus geen geringe skok bij haar teweegbreng nie, die vertoning van dieselfde brief, wat sij gister a'end geskrijwe het en waarop haar hoop gebou was. Sij besef nou dat 'n onselfsugtige plan sigself en andere in nog groter ellende kan dompel als dié waaruit sij haar vader

wou red. Na die brief goed beskou te hê, kijk sij op naar Hunt met 'n ope en selfbewuste blik: „Ja, d'is mijn handskrif,” antwoord sij, sonder die minste huiwering.

„Weet jij, dat geheime korrespondensie met die vijand niks minder is als hoogverraad is nie, en dat dit met die dood gestraf kan word?”

„Dit hang van die omstandighede af, Kommandant,” is die onverskrokke antwoord van Bettie, wat haar nie deur 'n Engelse offisier sal laat o'erbluf nie.

„Juis, mej., en nou het jij die gelegenheid om die omstandighede op te helder, wat so'n brief mogelijk maak. Jij skryf 'n brief wat geheime konneksies laat veronderstel aan 'n berugte rebelkommandant. Jij roep sijn hulp in, die vijand se hulp, om jou vader te kom red. Dit op sigself is dinge van 'n dood-ernstige aard. Waarom doen jij dit?”

Bettie was al klaar om 'n openhartige antwoord te gee, om die ronde waarheid te vertel en haar eerlike bedoelinge bloot te lê, toen daar als 'n blitsstraal 'n gedagte deur haar hoofd skiet, dat die waarheid dié slag noodlottig sou worde vir haar vader. Sij blij stil, haar oge voor sig op die tafel gevestig, ernstige, vernuftige blouw oge. Oom Willem kon genoeg Engels verstaan om die gesprek te volg; sijn oge hang in angstige spanning aan Bettie. Wat sal sij sê? Of sal sij weiger 'n antwoord te gee? Openbaar sij die regte toedrag van sake, dan moet dit duidelik word dat die Boer wat gistera'end uit haar Pa se huis gevlug het, niemand anders is als Kommandant Bester nie. En die feit dat hij, alleen, verwijderd van sijn manskappe, in die a'end bij hulle aan huis was, sou groter suspisie op haar vader werp en sijn saak vererger. Om haar Pa entwil kan sij nie die waarheid vertel, dit sou sij nooit onderneem nie. Als sij weiger 'n antwoord te gee, dan sou sij onder 'n geregtigde verdag kom van geheime betrekkinge aan te knoop met die vijand, en dit kan ver haar die ernstigste gevolge hê. Die dood sou selfs nie uitgeslote wees nie. Wat nou gedaan? Nee, maar sij voel dat sij, wat ook die gevolge mag wees en hoe verkeerdelyk sij ook beskuldig mag worde, moet opoffer ver die veiligheid van haar griese vader.

„Mej. Du Pré, ek versoek jou mij te sê waarom jij hierdie brief geskrywe het,” is die dringende en gebiedende antwoord van Hunt.

„Ek weiger om jou hierop te antwoord,” is haar besliste woorde.

Verwonderd en verergd val Hunt terug in sy stoel, want sy 'n ferme, uitdagende houding het hy van 'n Boere-meisie nie verwag nie.

„Weet jy, mej., dat jy jou saak veel erger maak deur so iets te weiger? Weet jy, dat jy daardeur feitlik jouself veroordeel en bewijs dat daar iets agter skuil wat ernstig te 'en jou sou getuig?”

„Dit mag hoogstens meer suspisie op my werp, maar myn weigering bewijs nog niks te 'en my nie. 'n Mens mag ook redes hê ver jou weigering?”

Die dappere houding van Bettie en haar onverskrokenheid het die Kommandant gouw genoeg o'ertuig dat hy hier met karakter en sterke wil te doen het. En daarbij het die betowerende invloed van haar mooie gestalte gekom om haar mijle hoog in die agting van die Engelsman te laat stijg. Hy sou probeer om langs 'n omweg agter haar geheime te kom.

„Mej. Du Pré, jy sê in die brief dat Kommandant Bester weet dat jou vader onskuldig is. Hoe is dit dan dat die Boer-kommandant so goed bekend is met die mense van Rietfontein? Want dit lei ek immers af uit jou brief.”

„Ek denk, dit is 'n onnodige vraag. Die Kommandant van Steenburg weet seker van alles wat gebeur in die distrik, van elke beweging van die Boere ten minste! Dit sal hem dus nie onbekend wees dat Komdt. Bester verskeie male met sy kommando op Rietfontein gewees het nie.”

„Nie sleg geantwoord nie. Maar dit is nog lang nie die antwoord wat jy mij verskuldig is nie.”

„Dit is moeilik om uit te vinde wat ver antwoord jou juis sou bevredig.”

„Ek sal dit duideliker maak. Om te weet of jou vader skuldig of onskuldig is in 'n gegewe geval, moet daar tog

intiemer betrekkinge bestaan als dié wat bloot toevallige besoeke kan laat ontstaan. Mogelik vat jij nou mijn bedoeling beter."

„Wel, die enigste kwessie hier is tog seker die punt van loyaliteit. Nou is dit maklik te verstaan dat Komdt. Bester en mijn vader o'er die kwessie gepraat het. En niemand weet beter als Komdt. Bester, dat mijn vader altijd te'en die rebelle-gewees het, dat hij selfs gevaar geloop het om deur die Afrikaners gewantrou te worde. Dikwels het hij skerp uitgevaar te'en die rebelle, en altijd gesê dat 'n mens nie te'en jou wet-tige owerheid mag opstaan nie. Komdt. Bester sou dus nooit glo dat Pa disloyaal kan wees nie... en hij was dit ook nie. Het ek dan nie rede gehad om aan Komdt. Bester te skrijwe dat hij weet dat Pa onskuldig is nie?"

„Wel, sonder dat jij mij in die minste o'ertuig van jou Pa se onskuld, moet ek sê, dat hij nergens 'n beter advokaat als jij sou krij om sijn hopelose saak te bepleit nie."

„Ek wis nie dat ek besig was om te pleit nie. Ek dag dat ek alleen besig was om die waarheid te sê, in antwoord op jou vrage. En dit is die minste wat 'n kind kan doen ver haar vader, wat op sijn ou-dag onskuldig so's 'n gemene skelm naar die tronk gesleep word."

Hier begin Hunt sijn ewewig verloor. Die gevatheid van Bettie het hem pijnlik aangedaan en hij meen nou dat dit tijd word om sijn autoriteit te laat gelde.

„Natuurlik, jou Pa is onskuldig, jij is onskuldig, julle almal is onskuldig. Julle is vreeslik loyaal daarbij. En tog, kijk wat gebeur daar? Alles bewijs dat julle met die vijand kop in een mus is! Waar 'n mens jou rug draai, is verraad. Ons grootste vijande is nie die vegtende Boere nie. O nee, als dit al was, dan was daar vandag geen oorlog meer nie. Maar ons eigenlike vijande, d'is mense so's julle is! Die Engelse oorlogstaktiek is te sag en te menslik, ons beskern julle nog bo'enop en wat krij ons daarvoor? Als ons die verraaiers van die begin af voor die voet so's honde doodgeskiet het, en die ander gedwing het om saam te veg te'en die vijand, dan sou dié gelol op 'n end gewees en die Koloniale Afrikaners alleen

'n verskuldigde plig gedaan het! Maar ons is te sag en edelmoedig, en julle is nie so 'n humane regering wêrd nie."

Die verregaande beskuldiging van Hunt werd woord verwoord deur Vermeulen vertaal.

Oom Willem kan dit nie so stilswijgend aanhoor nie, maar bedaar en onderdanig en beskeie is sijn stem.

„Kommandant, u het natuurlik die reg en die mag om te sê wat u wil. Ons moet stil bly, want ons is uw gevangene. Maar dit is baing hard om sulke beskuldiging aan te hoor, waar net die skijn van skuld te'en 'n mens is. Mijn erewoord..."

„Stil! Dis nou genoeg!" val Hunt hem in die rede met 'n gebiedende handbeweging.

„En meneer Vermaak", terwyl hij sig tot Servaas wende, „het jij iets te sê tot verklaring van jou gedrag? Of is jij ook onskuldig?"

„Ja, dit is nou so," begon Servaas huiwerig, „ek het daardie brief bij mij gehad. Maar wat ek gedaan het, was nie om kwaad te doen nie, ek wou alleen ver mej. Du Pré help."

„Help, sê jij? Om wat te doen?"

„Sij het mij gevra om die brief weg te bring!"

„Waarheen?"

„Naar Komdt. Bester toe. Maar ek wou nie eers nie, sij het aangehou — en ek kon dit nie weiger nie."

„Weet jij, dat jij verraad gepleeg het?"

„Nee, ek was alleen begaan om Mnr. Du Pré te help."

„Wonderlik, jij onderneem om jou lewe in gevaar te stel ver 'n ander. Jij moet baing getrouw wees aan Mnr. Du Pré!"

Hunt sit so 'n ogenblikkie na te denk en draai sig toen om naar Vermeulen.

„Vra ver Adonis of Mnr. Vermaak dadelik gereed was om te gaan en of hij eers huiwerig was, so's hij vertel."

Vermeulen praat met Adonis. Die hotnot se oge straal van geluk, nou dat sijn opinie ook gevra word.

„Ja, dit moet ek daarom sê, die baas was eers te'e, maar die kleinnoi het baing mooi gepraat!" sê Adonis en toen kijk hij weer voor sig, beskaamd om sijn gemene werk. Servaas se kijkers rol op hem met brandende woede. Wat moet hij nog

meer belewe? Dit hotnot se woorde word onvoorwaardelik ver waar aangeneem, maar sijne in twijfel getrek. En al die bitterheid van sijn siel wel op tot bô in sijn keel. Als dit nie deur die ellendige swartmaker was nie, dan is die moeilikheid seker nie gekom nie. O, als hij hem tog kon beet pak en in mekaar frommel met sijn twee sterke hande! Wat sou dit 'n genot wees om sijn wraak te koel!

„Wel,” begin Hunt, „ek weet nou genoeg om 'n oordeel te kan vel. Dit blyk dat julle skuldig is aan verraad, en.....”

„Ekskuseer mij, Kommandant,” val hem Bettie in die rede, „dit is alleen nog die skijn, daar is nog niks bewijs nie, dit is.....”

„Mej. Du Pré, ek verbied jou 'n woord verder te praat!” brul Hunt driftig. „Ek is nou aan die woord, en als ek praat, moet almal swijg! Ek kommandeer hier en almal moet mij gehoorsaam. Mijn woord is hier wet, verstaan jii dit?”

Daar is 'n klein pause na die driftige uitval. Trots is op sijn gesig, waar hij die hulpelose aankijk met 'n bose triomflag. Hij is opgestaan en leun met sijn regterhand op die tafel. O'er sijn ganse gelaat swewe daar 'n ondubbelsinnige uitdrukking van leedvermaak, van eiegeregtigheid en eiewaan als van een wat wil sê: ek maak selde 'n fout, en als ek dit maak, dan is dit ook niks, en niemand sal mij ongestraf aandurf nie.

„Ek kan julle alleen sê, dat al die omstandighede naar 'n ernstige misdaad wijs, die vreeslikste sonde in tijd van oorlog, hoogverraad. Ons goeie saak het al genoeg skade gelij deur dergelike dinge, en ek verseker julle, alleen 'n behoorlike straf lijk mij in staat om julle medelandgenote 'n skrik op die lijf te jaag. Julle kan nou gaan naar die veilige bergplekke, van waar julle gekom is.”

„Maar een woord nog, Kommandant,” sê Bettie met dringende stem, „als daar dan gestraf moet word, straf mij — ek is die skuldige. Alles is deur mijn skuld gekom. Mijn vader, moeder en mnr. Vermaak het geen stukkie skuld nie.”

„Toe maar, mej., ek weet wat ek doen.”

„En dan,” vervolg Bettie, „op een voorwaarde gaan ek terug naar die tronk: dat ons behoorlik versorg word. Mijn

vader is oud en mijn moeder. Dit is 'n skandaal die vuil hokke waar fatsoenlike mense in gestop word!"

„Ek sal daarnaar laat kijk!" sê Hunt, terwyl die deur oopgaan en 'n paar khakis intree om die gevangene naar hul onderskeie kamertjies te lei.

... ..

Ver Komdt. Hunt was dit duidelik, dat Tant Annie moeilik 'n aktiewe rol kon gespeel hê in die geheimsinnige saak, wat sijn aandag al heel dag besig gehou het. Bij die ou man en sijn dogter, en meer bij laasgenoemde, moes die sleutel tot die geheim gesoek worde. Tog was dit goed dat hulle almal afsonderlik in hegtenis gehou word om alle kommunikasie tot verdere saamknoeiing te verhinder. Maar die indruk wat Bettie op sijn siel gemaak het, wou hem maar nie verlaat nie. Hij is op sijn pêrd 'n end gaan rij buitekant die dorp. Die son was aan ondergaan in die weste, van waar sulke treurende strale heengestrooi word o'er die rande en vaalskemerende bossies, droef-kwijnende goud-tinte van 'n sterwende somerdag. Hij laat sijn pêrd stap om sijn gedagtes meer te konsentreer. Terwyl hij so voor sig langs die pêrd se nek voorbij in die sandpad sit kijk, staan daar gedurig voor sijn gees die imposante figuur van die moedige Boere-meisie met haar sterke en besliste karakter. En wat haar so 'n vaste plek in sijn siel gegee het, is die geheim wat daar agter die hele geval skuil. Wat kon dit dan wees? Wat sou haar beweeg het om so dapper te weiger 'n verklaring te maak? Sou sijn 'n geheim besit wat die moeilikheid sou vererger? Wat sou hij wil gee om dit uit te vinde. Haar weigering sal haar en haar mense tog straf en ongemak genoeg besorge, dit weet sijn al te goed. Sit daar groot verraad agter, eige voordeel, liefde of edelmoedigheid? Wat kan hij doen om nader informasie te krij? Wat 'n wonderlike betowering daar van haar persoon op hem uitgaan! Hij kan bijna nie verstaan hoe hij, die koele, beredeneerdheid self, so sijn ewewig kan verloor nie. 'n Gedagte lag hem toe, verlokkelik maar enigsins gevaarlik, hij sal 'n private onderhoud met haar verkrij en probeer om op haar gevoel te werk.

Dieselfde a'end nog gaan Bettie haar kamerdeur ope en stap Komdt. Hunt binne.

„Jij sal mij dit vergewe, mej. Du Pré, dat ek hier met jou kom praat. Maar ek verseker jou dat dit in jou belang is en daar is sake wat nie uitstel lij nie.”

Na 'n vlaag van verbasing o'er die wonderlike gedrag van die Kommandant, herwin Bettie haar selfbewustheid.

„Ek moet sê, ek vind dit beetje snaaks, dat jij mij *nou* kom spreek, hier in die vuil hok, waar 'n mens stik bij gebrek aan suiwer lug! Dit sou interessant wees te verneem die oorsaak van jou skielike belangstelling!” is die skerp en sarkastiese antwoord, wat duidelik aankondig dat sij nie van plan is sig gevange te gee nie.

„Kijk, dit is seker onaangenaam ver mij om jou op so 'n manier te behandel, maar als ambtenaar moet ek mijn plig doen, solang jij weiger 'n bevredigende uitleg te gee van jou suspisieuse gedrag.”

„O nee, Kommandant, jij hoef nie bij mij aan te kom met vleitaal nie. Ons Boere-meisies laat ons nie met vleireij vang nie. En dan is dit mij tog te wonderlik, dat jij so bekommerd is o'er mij. Dit is glad nie nodig nie. Daar is mijn vader en moeder, oud en swak, voel jou gewete nie seer o'er die behandeling wat jij hulle gee nie? Ek is jong en sterk, ek sal nie siek word nie. En dit is mij 'n voorreg, ek is trots daarop dat ek kan lij, onskuldig lij, ver mijn arm volk. Wat is mijn ongerief in vergelijking met die duisende arme vrouwe en kinders, wat daar elke dag wegsterwe in die kampe — arme, hulpelose vrouwe, wat julle onskuldig en te'en hulle wil daarheen gesleep het? Krij liever ver hulle jammer, als jij dan so gevoelig is ver vrouwe, gebruik jou invloed om hulle te red, dan sal jij 'n beter werk doen als jou te bekommer o'er mij.”

Onder die praat het Bettie 'n trotse, uitdagende houding aangeneem. Self gee sij *nou* nie om nie, *nou* dat dinge tog eenmaal so ver gegaan het, en wat haar vooral so geprikkel het, was die gemene behandeling wat haar onskuldige ouders ten deel geval het. Maar Hunt blij doodkoel onder dit alles.

„Jij verstaan die posisie nie, mej. Du Pré,” hervat hij met

taaie geduld, „ons doen 'n goeie werk deur die oprigting van die konsentrasie kampe. Ons wil die vrouwe juis beskerm en versorge, anders kom hulle tog om van honger. En als daar sterfgevalle voorkom, dan is dit te wijte aan die buitengewone omstandighede van die lewe daar. Dit is oorlog en dit gaan swaar om mense in so 'n tyd net so goed te behandel als anders. Maar natuurlik, in plaas van dank ver ons edel bedoelinge, wat krij ons?”

„Nee, Kommandant, ons weet genoeg om daardie uitleg aan te neem. Die meeste vrouwe sal wil weglou uit die kampe, als hul maar kan. Jij ken die Afrikaanse vrouwe nog nie, dit kan 'n mens aan jou praat hoor!”

„Wel, dit is 'n punt waar verskil van opinie o'er kan bestaan, maar dit sou goed wees als die vijand ons goeie bedoelinge wil insien.”

„Goeie bedoelinge of nie, maar intussen sterwe daar duisende, dit is die punt.”

Ver Hunt is die gesprek sover hoogs onaangenaam gewees, hij sal dit dadelik 'n wending gee.

„Wel, ek wou nie eienlik o'er daardie dinge kom praat nie. Daar kan ek of jij niks aan doen nie. Ek wou alleen aan jou duidelik maak dat jij besig is, jouself en jou ouders te straf deur 'n verklaring te weiger. Die suspisie alleen is sterk genoeg om julle lewe baie ongelukkig te maak, miskien sien jij self nie wat daar alles uit kan kom nie. Jou ouders is swak en oud. Waarom wou jij nie 'n bevredigende antwoord gee nie?”

„Kommandant, als jij met mij o'er dié ding wil praat, dan als jou blief nie alleen nie, laat kom mij dan met die ander naar die kantoor. Ek weiger te enemaal jou hiero'er te antwoord.”

„Dit was in jou belang dat ek gekom het, dit spijt mij...”, sê Hunt, toe hij die deur toetrek.

Toen hij uit is, staan sij 'n rukkie na te denk.

„Wat kan tog sijn gedagte en bedoeling gewees het?” sê sij half hard.

Sij strek sig uit op haar bedjie, moeg van denke, inspanning en opwinding, vol kwelling en ongerustheid, maar tog

bevredig dat sij 'n daad van onselfsugtigheid kon doen, dat sij eige veiligheid kon opoffer in die hoop om dié van haar vader eindelijk te kan verseker. En ver die eerste maal vandag kom die besef bij haar op, dat sij nou inderdaad besig is haar offer te bring, haar deel aan die oorlog bij te draag, waarom sij so gebid het en waarnaar sij so verlang het, dat sij nou eers begin meelij met haar volk. Die besef bring haar tot berusting. Wat is haar ongerief vergeleke bij die lijdning van die arme vrouwe in die kampe? En uit haar siel stijg daar 'n dankbare sug tot God, in wie sij vertrouw en wat geen haar van haar hoofd sal laat val sonder Sijn wil nie. En rustiger als sij sig ooit kon verbeel hê, sluimer sij in.

.....

Nadat Hunt teruggekeer is van Bettie, het hij beslis o'er die lot van die vier beskuldigde, onvoorwaardelik in sijn hande o'ergegee. Bij gebrek aan absolute bewijs sou hij 'n middelpad inslaan. Die twee manne sou hij wegstuur, ver weg. Dit is veiliger en die beste maatregel voorlopig. Als daar later meer getuigenis kan verkrij word, wat nie waarskijnlik lijk nie, dan kan hulle altijd nog harder gestraf word. Die oue vrouw lijk so onskadelik, daar kan dus geen gevaar in wees, haar vrij te stel op parole nie. Maar Bettie! sij verberg 'n geheim, sij moet fijn opgepas word. En daarbij is sij so geslepe en gevaarlik. Haar sou hij 'n tronkstraf laat deurstaan, wat haar parmantigheid en trots sal vermurwe, so's maalstene die koringkorrels. Eindelijk sal sij tog buig. Haar sterke wil sal ver sijne moet ingee.

.....

Die anderdag morge, toen die goeie ingesetene van Steenburg nog rustig slaap en die grijs-ligte skemerig van 'n eindelose somerdag als 'n skamerige laggie begin aanslaan o'er die Karroo-veld, kruie daar voort 'n kar, alkant met wagte beset, voort op die pad naar die treinspoor. Oom Willem en Servaas word weggebring naar Port Alfred. Hulle had 'n paar minute tijd om klaar te maak ver die reis. Hulle mog niemand groet nie. Te vergeefs vraag hul waarheen dit nou gaan? Die wagte wend voor volslage onkunde.

„Ek sal dit nie kan deurstaan nie, Servaas, ek voel siek,“ sê Oom Willem langzaam, gebroke, terwijl sijn bleke lippe béwe en sijn lede ril onder die eerste aanvalle van 'n gedugte kou'e koors. Waarom alles op so 'n geheimsinnige manier moes gedaan worde, dit kon niemand sê nie, alleen dit was so die gewoonte in die dage. Maar ver Oom Willem was dit swaar, baing swaar, want o'er sijn hart het daar gehang 'n wolk van somberheid, 'n donker wolk, swart so's die skaduwe van die Dood.

HOOFDSTUK X.

BIJ GENERAAL DE WET.

D'is kort na son-onder. In een van die Vrijstaatse vlaktes met groen-wuivende grasdeininge en onregelmatige groepe van koppies, waar die besembos en oleenhout tussen die donkerbruin klippe 'n mooi agtergrond vorm ver die oog om op te rus, beweeg 'n kommando van 600 tot 700 man. In die sag aangroeiende skemering lijk die manne se gesigte vaal en bleek. Op 'n stappie gaan dit nou, waar hulle twee dage aaneen gevlug het. Ook in die nag mog hulle nie lang rus nie. Hier en daar hoor jij een of ander burger iets mompel. Ver die o'erige is dit doodstil, behalwe die sagte tred van die pêrde o'er die gras, 'n dowwe dreuning sig vermengend met die krakende geskud van die ruiters in die sa'el.

Partij burgers sit letterlik en slaap van vermoedheid. Min geëet en sonder slaap twee dage, al vegtend en vlugtend, in die ongerustheid veroorsaak deur die groeiende vijandelike magte, wat nou van alle kante die ringmuur sluit. 'n Gesuis in die hoofde van die meeste, die effek van min slaap en afmatting, en 'n onverskilligheid bij sommige, wat sig bijna sal laat doodskiet, so deur die slaap al. Om die weste hang nog so 'n gélerige skijnsel, terwyl o'er die ooste, laag, 'n brede donkerblouwe lugstreep op die veld rus so's 'n pragtige reuse-sjerp, kunstvol vervloeiend eers in oranje en hoger op 'n ijler geel, wat te'en die luggewelwe in vaal-blouw uitswewe. En nog gaan dit vorentoe, die stille stoet van boere-ruiters, geduldig volgend die een rij agter die ander, of dit nou eenmaal so moet wees. Snel verbleek die oranje-pêrse lugvelde tot een grote saamvloeiing van rustige, sagte blouw... als 'n heilige gebed, waar 'n nouweliks hoorbaar gefluisterde „amen" segenend o'er heenwieg, als 'n skone awendgesang, waarvan die laaste klanke hemelwaarts swewe op donsig-skemerende wieke.

Toen heet dit „afsa'el” uit die mond van Generaal De Wet bij die aankoms langes 'n lang rand. „Afsa'el”, klink dit deur die rye, „afsa'el” tot ver agteruit en rondom. Geen blijer kommando-woord nie. In 'n omsientjies-tijd is die welkom bevel uitgevoer. So op sij staan 'n paar staf-offisiere en gesels met Generaal De Wet. Onder hulle bevind sig ook Dr. Marais. Deur sijn mediese bekwaamheid is hij onmisbaar, deur sijn onvermoeide ijwer en getrouwheid een van De Wet se steunpilare en vertrouwdes geword.

„Dit lijk of ons vannag dalk weer sal moet deurveg, Generaal?” sê hij.

„Als dit moet wees, waarom nie? Donker maan!” is die antwoord, kort-af, van De Wet, wat daar ver wegstyk, nadenkend.

„Nog altijd 'n beetje geluk aan ons kant. En van een ding kan u seker wees, die manne wat nou onder u veg is gedetermineerd”, sê Dr. Marais.

„D'is daarom jammer dat ons nie op die manier van die begin af oorlog gemaak het nie,” merk een van die ander op, „want ons rig nou meer uit met tien man als vroeger met honderd.”

„O, maar d'is nie die Engelse wat ons nek breek nie. D'is tog maar ons eige mense, die gemene verraaiers en lafharte. Mag! ek het nie geweet dat ons nasie so sleg is nie;” sê Dr. Marais met veragting.

„Die swaarste wond is dié, wat jou vriend jou gee”, sê De Wet betekenisvol, terwyl hij sijn hoofd effe wegdraai en bedenkelijk skud. Onder sijn bree-rand hoed uit loer twee wakere oge o'er die dromende velde, maar kalm, sonder die spanning waarin hij verkeer te verrai.

„Ja, d'is ons ongeluk — ons eige bloed! Wie sou dit gesê het, toen ons die oorlog begin het? Waar is die groot bekke nou? Die danige helde, wat wil groot praat solang daar geen eigenlike gevaar is nie? Nou het ons die dapperheid nodig. Om van die skurke nie te praat nie, wat dit o'er hul hart kan krij om die Engelse te help ver 'n paar shillings per dag. Maar een troos, hulle het hul loon weg en die nageslag sal hulle ver-

vloek!" klink dit driftig uit die mond van dieselfde offisier, wat net nou ook gepraat het, 'n jong man van dertig jaar, wat die bitterheid van sijn siel nie langer kan inhou nie.

Bij hierdie woorde haal die Generaal 'n brief uit sijn sak en gee dit aan Dr. Marais.

„Dê, dokter, lees dit — lees dit maar hard als u nog kan sien.”

In die skemer-a'end moet hij sijn kijk om die vreemde skrif te beken.

*Konsentrasie Kamp,
Bethulie.*

Seergeagte Generaal De Wet,

Ons wat hier opgesluit sit en bewaak word erger als diewe, weet baing min van wat aangaan. Maar ons hoor tog genoeg van die stories wat die Engelse versprei om gal bitter te word.

Dit word gesê dat ons, vrouwe, die moed opgee omdat so menigte van ons dag na dag sterwe, dat ons vrede begeer te'en elke prijs. Dit is ongegrond. Daar is 'n paar in hierdie kamp wat so denk, maar hulle is gemerk en word als verraaiers beskou. Dit is die gesindheid van die grote meerderheid hier, dat onse burgers moet veg tot die bitter einde. Die lijdung is onbeskryflik, maar ons sal uithou en opoffer nog baing lang solang ons ons onafhankelikheid kan verkrij. Ons sien op u wat met uw heldedade die wereld verbaas en smeek die segen van die Allerhoogste af op uw dapper volharding. Gaan voort, want ons saak is reg en God sal ons nie verlaat nie. Die prijs wat ons betaal het, is te groot om nou o'er te gee. Ons sal uithou solang ons manne sal veg. Ek verswiig mijn naam ver veiligheid, omdat ek nie weet of die brief u ooit sal bereik nie.

'n Lijderes ver die Vaderland."

„Hoe lijk dit ver julle, kêrels, dit is die taal van die swakke vrouw!" sê die Generaal, toen Dr. Marais bij die end kom.

„Generaal ons moet die brief voorlees aan die hele kommando. So 'n taal sal die lafhartigste beskaamd maak en aan-

spoor," antwoord Dr. Marais en gee die brief terug. Terwijl Dr. Marais nog praat kom die verkenners aan die Generaal hul berigte bring.

„Hoe is die posisie?" vraag Generaal De Wet.

„Dit is toe, Generaal, toe, en sover als ons kon sien, kom gedurig versterkings aan," sê Du Plooy, 'n wakker jong man wat ons vroeger leer ken het, en wat deur die invloed van Dr. Marais tot 'n waaghals en onvermoeide verkenners omgetower is.

Die verontrustende tijding lewer hij egter af met 'n kalmte of dit 'n dood alledaagse gebeurtenis is. Inderdaad is dit geen buitengewoon iets die laaste maande gewees nie, waar die wereld in kampe van blokhuse afgeperk is en waar omheen sware kolomme opereer met 'n onuitputtelike gedetermineerdheid om die groot veggeneraal van die Boere in die reuse-netwerk van bewegende lijne toe te wikkel. De Wet se gevangenneming sou die Boere magte so knak, sou hul moed en veglus so uitdoof, dat daarop spoedig sou moet volg die laaste stuiptrekkinge van hopeloos rondswervende Boereklompies.

„Hoe lijk dit Braakpoort se kant uit?" vra De Wet, wat elke duim grond ken, sonder 'n beweging van verwondering te maak.

„Braakpoort se kant uit het ons net stoffies sien trek, maar dit was nie meer moeglik om die posisie duidelik te beken nie, Generaal!"

„D'is goed, Du Plooy", is die enige antwoord. De Wet denk 'n ogenblik na, en toen wenk hij een van sijn staf.

„Breng die staf bij mekaar, dadelik!" beveel hij. Op dieselfde ogenblik rijs daar ten hemel uit die lager, op 'n afstand, die sware en indrukwekkende klanke van 'n mannekoor, als 'n magtige gebed waar berusting in ruis, geheimsinnig die duisternis deurbewend, 'n lied van bemoediging en vertrouwe:

„Ruwe stormen mogen woeden,
 Alles om mij heen zij nacht,
 God, mijn God zal mij behoeden,
 God houdt voor mijn heil de wacht.

Moet ik lang zijn hulp verbeiden
 Zijne liefde blijft mij leiden :
 Door een nacht, hoe zwart, hoe dicht,
 Voert hij mij in 't eeuwig licht."

Onder die sing haal die Generaal en die omstanders hul hoede eerbiedig af en doodstil blij hul staan als in eenstemmig gebed. Ver 'n ogenblik kom daar o'er hulle die betowering van die heerlike klanke en woorde, nagevoel en meegebede, herinneringe wekkend van verre tijde, van saamsing met vrou en kind, met vriend en bloedverwant onder gewijde dak, in vrede en rus, van liefde en saligheid, 'n sagte stemming wat die wreedheid van die hede laat vergeet, maar ook die gedagte aan menselike nietigheid en swakheid wek. En die nagalme wat onder die pause's tussen die lijne verruis, klink hulle toe als die stem, als die antwoord van 'n Hemelse Vader wat beskerming en hulp toesege. En 'n wonderlike krag daal daar o'er hul, 'n vaste vertrouwe op goddelike leiding. En toen die laaste tone van die statige gesang wegsterwe, gaan hul moedig aan die werk — aan die onsekere taak van die nag.

... ..

In die daarop volgende kriegsraad word sag gepraat, maar beslis. Helder en duidelik set De Wet, die man wat als deur instink die regte koers sien in die uur van gevaar, sijn planne uiteen. Met fijne berekening van die lijne bepaal hij stuk voor stuk hoe die aanval sal geskiede. Die oue taktiek sal weer toegepas word: 'n skijn-aanval op 'n seker punt en dan deurbreek, elke man ver sigself, op 'n swakker beskermde stelling. Eers na 'n goeie rus word die ontsettende taak ondernome. Langsaam, saggies, stilletjies gaan dit nou voort, als voelend, die onsekerheid in. Daar voor val 'n skot, nog een, 'n paar gelijk, en dan 'n sarsie, 'n algemene vuurgeveg, kleingeweer blitse rondgestrooi op een punt tot dit weerlig, ver uit, langs die besette lijn — vuur, blitse en rook verswelg in die oneindige nag! Naar dié punt toe waar die Boere vandaan skiet beweeg nou vaste banke van die vijand

om hulle in te sluit, en so word 'n opening voorberei daar agter waar geen gevaar gevrees word nie. Daarheen jaag nou die Boere onder die genadige beskutting van die duister. Woestaan dit tussen die vijand deur, o'er hul heen als 'n donderstorm wat niks ontsien nie. Jaag-jaag skiet hulle nog, die deurbartende burgers, waar gekerm en vloeke, vuursterre en kruitdamp, dreunende hoefslag en woeste val, deureen woed en die nagtelike eensaamheid tot 'n helle-konsert omskep! En gouwer als hulle kon denk is die Boere vrij, anderkant uit! Hoeveel en wie geval is, wie kan dit bereken? Klompies-klompies kom hulle weer bijmekeer, dieselfde nag al, sommige die ander dag eers. En toen die dag breek, ver van die plek waar bloed gevloei het in nagtelike worsteling, word die verkenners uitgestuur naar alle kante om nuwe gevare te ontdek.....

Generaal De Wet het al enige tijd die plan gehad om sekere rapporte te stuur aan die vegtende kommando's in die Kaapkolonie. Hij laat die burgers bij mekeer roep.

„Burgers,” begin hij, „laat ons God dank dat ons van nag deurgebreek het sonder een man te verloor! Julle sien hoe die vijand rondom ons saampak, en dit sal altijd swaarder gaan, dit verseker ek julle. Maar ons het nou al genoeg deurgegaan om nie meer te skrik nie. Die dierbare grond waarop ons staan is nog ons eige. Die land wat ons voor strij is nog nie die vijand sijne nie. Die eer van die Afrikaanse nasie het ons hooggehou. Als ons aanhou, als ons ons plig doen so's manne, God sal ons nie verlaat nie. Denk aan die duisende burgers, wat so's ons alles waag. Want ons saak is heilig..... Ek wil ses vrijwilligers hê, liefs jong manne, om die kommando's in die Kaapkolonie te gaan ontmoet met rapporte.....”

Van alle kante word sijn woorde onderbreek deur geesdriftige aanbiedinge, veel meer als nodig is: „Ek, Generaal,” „Ek ook,” „Neem mij, asseblief,” so klink dit rond en rond.

„Ek dank julle,” vervolg De Wet, „ek sal ses kies. Maar julle moet weet, daar hang baing van julle af.”

Die betowering wat van die eenvoudige woorde van De

Wet op sijn kommando uitgaan was van 'n onbeskryflike aard. Op sijn versoek sou hulle enig iets onderneem.

Dr. Marais het dit alles stilswijgend staan aanhoor maar met 'n seer hart. Mooi was dit wel, die dapper jong manne te sien, wat gehard is in die ontberinge van 'n ongelijke worsteling. Bemoedigend was dit seker, die opofferingslus te aanskouw, die bereidheid, alle ogenblikke die lewe te waag, die trotserende helde-ijwer wat alles verag. En hoe verrukkend was dit hem, die warme harte-klop te voel van sijn jonge medelandgenote en te besef dat, trots die verraad en laagheid van 'n deel, daar in die nasie nog genoeg egte staal o'ergeskiet het. Weldadig ver sijn siel was dit alles, 'n soet druppel, 'n troos. In so'n atmosfeer van dapperheid en waagmoed kon hij nie anders als trots voel nie, moes sijn hart warm uitswel van vreugde dat sijn nasie pit het en murg. En tog, sijn hart was seer daardie ogenblik, want in gedagte was hij al lang meegegaan met die rapport-brengers Kolonie toe, waar sijn grootste skat agtergebly het. Toen die Generaal vrijwilligers gevra het, wou hij ook uitskree saam met dié ander, maar moes sig weer inhou, want hij wis dat sijn geneeskundige hulp onmisbaar was, hij wis dat die Generaal en die burgers hem nooit sou toelaat, afskeid te neem van die kommando nie, waar sijn lot nou eenmaal onafskeidelik met dié van die Boere saamgesnoer was! Sijn plig was dit, sijn tol wat hij moes betaal aan die nasie. Dié plig het hij sig self opgelê vrijwillig, en hij mog dit nie weer neerlê, voordat die nasie se lot beslis was nie. En dit was goed so, hij was dankbaar ver dié voorreg, iets te kan doen ver sijn vaderland, was dankbaar ver die agting en waardering wat hij bij die Boere geniet het. Nie dat hij in die minste onwillig was nie, maar na meer als twee jaar, 'n tydperk wat hem als 'n leeftyd voorgekom het, had hij so'n innige behoefte om Bettie weer te sien, of om tog maar van haar te hoor. Hoe graag sou hij nie wil meegaan Kolonie toe nie? Hoe 'n verrassing sou dit wees ver haar, 'n ogenblik van hoge vreugde, 'n klimax van reinste bevrediging ver hem, 'n voorval wat nooit sou vergeet worde nie, als hij op Rietfontein weer kon aanlande en

Bettie in haar skoonheid aanskouw! Maar nou kon hij daar nie aan denk nie, die werklikheid sluit alles uit en 'n droom moes dit blij, 'n vlugtige droom wat hij in sijn eige hart stilstil moes begrawe. In so 'n stemming was Dr. Marais toen die Generaal vrijwilligers uitnooi; sijn hart was seer, die strijdtoneel van verlange en plig. Maar niemand het dit opgemerk nie.

... ..

Dieselfde dag nou sou die patroljie van ses, hul grote en gevaarvolle reis onderneem. Voor hul vertrek neem Dr. Marais ver die jonge Du Plooy op sijn, omdat hij met hem onder vier oge wil praat. Du Plooy is aangestel tot hoofd van die klein kommandotjie, 'n pos wat hij met begerigheid en toewijding uit die hande van die Generaal ontvang het.

„Ek voel trots op jou, Du Plooy,” begin Dr. Marais, terwyl hij beleefd met sijn hand op die jong man klop, „jij is 'n man en 'n held geworde! Ek het gevrees ver jou daardie dag op die Rooiberge; als ek denk hoe jij toen gepraat het...”

„Maar dokter weet mos goed dat ons toen op moed-verloorse vlak was,” antwoord hij verontskuldigend en vrijmoedig, „daar was maar min daardie da'e wat vas gestaan het. Maar toen het ons nog nie geweet van swaar krij nie, toen was dit speuletjies! Ek moet dokter dank ver jou woorde van dié dag. Ek het daarom regtig skaam gevoel. Dokter, jij het van mij 'n man gemaak!” sê hij met erns in sijn oge.

„Jij laat mijn hart lekker krij, Du Plooy, om te denk dat ek jou tot 'n hulp was. Ek het maar mijn plig gedoen..... ek was self terneergeslage; wie het nie bekommerd gevoel daardie tijd nie? En kijk hoe mooi het ons uitgehou! Wie sou dit gedroom hê? En nou gaan ons wege uit mekaar, Du Plooy, en die kanse is dat julle nie weer bij ons uitkom nie. En tog benij ek jou posisie!”

Bij dié woorde kijk die jonge man hem vreemd en verwonderd aan o'er die onverwagte uitlating van Dr. Marais wat die verering van die hele kommando geniet.

„Jij hoef mij nie so verwonderd aan te kijk nie, ek meens wat ek sê, ek benij jou posisie, ek sou wat wil gee, als ek kon meegaan naar die Kolonie!”

„Hoe lijk dit dan ver mij nou met Dokter? Dit is mosbaing veiliger ver dokter om hier te blij?”

„Ja, mijn vriend, jij sal dit ook nie begriip sonder dat ek dit duidelik maak nie.”

In die verste verte kom dit nie in Du Plooy se gedagte, dat 'n liefdemotief daar agter kan sit nie, want Dr. Marais het sijn geheim sorgvuldig bewaar, al het hij waar mogelijk, so ver langes verneem naar Bettie haar omstandighede, gewoonlik sonder vrug.

„Ag dokter maak maar grappies,” sê hij glimlaggend.

„Du Plooy,” hervat Dr. Marais met meer erns, „kan jij 'n geheim hou?” en kijk hom stip in sijn oge.

„Denk dokter dan so swak van mij? Ek het nie verniet solang verkenner onder Generaal De Wet gewees nie,” sê hij met selfbewustheid en nadruk op die naam van De Wet.

„Goed dan, Du Plooy. Ek het jou hulp nodig, jij moet ver mij 'n diens bewijs, maar daarvoor moet ek jou in mijn vertrouwe neem, en jij moet mij jou erewoord, jou eed gee, dat jij dit sal *doen*, en als 'n geheim sal bewaar. Is jij daartoe bereid?”

„Als ek dit kan doen, dokter, als dit in mijn mag is.”

Ja, jij kan dit doen!”

„Dokter,” sê hij en griip Dr. Marais se hand, „so waar ek leef, ek sal dit doen!”

Daarop haal Dr. Marais 'n brief uit sijn sak geadresseerd aan Bettie en gee dit in die jong man se hande. Du Plooy lees die adres en glimlag.

„Nou verstaan ek waarom dokter so graag Kolonie toe wil gaan,” sê hij met 'n skelme trek om sijn mond, en toen ernstiger, „als ek dit maar *kan* doen, dokter.”

„Nee, mijn vriend, jij verstaan mij nie. Als jij dit aan die persoon self kan o'erhandig, so veel te beter. Maar wat ek van jou verlang is dit: jij gee dié drief aan een of ander kom-

mandant wat waarskynlik in daardie rigting sal gaan en vra hem in geheim om dit te besorge. Du Plooy, ek reken op jou."

... ..

Dage en weke nadat die ses man vertrek was, kom Dr. Marais se gedagte dikwels nog terug op die brief, baing male op een dag. Of dit ooit sijn bestemming sal bereik, is 'n vraag wat hij sig duisendmaal al gevra het. En als dit gebeur, hoe 'n vreugde sou dit nie ver Bettie wees nie? En waarom sou dit onmogelik wees? Du Plooy is 'n jong Afrikaner wat enig iets sal waag en nie maklik van sijn pad af sal gebreng word nie, en als Du Plooy sijn woord gegee het dan *kan* 'n mens daarop bouw. En menige nag als die ander al in diepe slaap geval is, dan lê Dr. Marais nog met sijn oge wijd ope, gevestig op die skitterende sterretjies en droom van die brief en sijn Beminde.

HOOFDSTUK XI.

PORT ALFRED.

Die reis van Steenburg naar Port Alfred was ontsettend vervelend en lang, om nie te praat van die ongerief, wat die twee gevangene moes deurstaan nie. Want van 'n geregelde treindiens kon daar geen sprake wees nie, waar die Boer-kommando's hul beste kragte inspan om die te'entpartij se lijne van kommunikasie te verbreek. Verniet dat blokhuise staan so's brandwagte so ver jii gaan langs die treinspoor, die Boere wis altijd weer deur ongehoorde lis nuwe methodes van vernieling uit te vinde. Vandaar die konsentrasie van so ontsaglik grote troepe-massa's al langs die lijn. Trots dit alles was die reise per spoor 'n waagstuk, voornamelik in die nag. Om die pijnlikheid van Oom Willem en Servaas se toestand te vererger, was daar bevel gegee dat hul oppassers hulle nooit alleen bij mekaar moes laat nie. O'er algemene sake kon hulle onmogelik nou praat, waar hulle harte so seer en diep gegrief was. O'er die gebeurtenisse te praat, wat met eens so 'n vrese-like verandering in hul lewe gebreng het, daartoe was daar die vrijmoedigheid nie, en al werd daar gedagtes gewissel, dit was alles bô-op. Die diepe smart, die kwelling en bekommerdheid, wat daar hul diepste siel vervul, het nie op die oppervlakte gekom nie. Dit alles sou voorlopig afgedruk word, al wou dit baing maal bô bij die keel uit, die verbittering en hartseer. Want die veragtelike wesens, hul oppassers, hul eige landgenote in khaki-drag, hulle mog nie weet hoe 'n sware beproewing en straf dit ver die twee manne was nie. Nee, hoeveel dit ook al mog kos, hulle moes dit nie sien nie. En onder bespreking van die dinge mog daar maar maklik 'n woordjie val wat te'en hulle sou tel. En so het die swijge gerus op die twee manne. En so was daar baing tijd om hul toestand te besef, om in te keer tot sigself. Ver Oom Willem was so 'n in

sigself versinke 'n gewone sielsverrigting, daartoe het ouderdom, beskawing en omstandighede meegewerk. Maar ver Servaas, wat gewoon was elke dag aan sijn plaaswerk en wie se gedagtes hoofdsakelik op die onmiddelike, stoffelike dinge gevestig was, ver Servaas was dit 'n nuwe, maar goeie en nuttige ondervinding. Op hem het dit vooral verontrustend gewerk, want so onder alles deur kom die gedagte aan vrou en kinders hem so gedug beetpak en agtervolg, dat hij werktuigelik opstaan van sijn sitplek so's een wat iets soek, maar nie weet wat nie. Hij sien sijn vrou op die groot plaas alleen; hij sien haar huil en soek naar hulp. Wel was die twee o'er-geblewe skaapwagters vertrouwbaar volk, maar sij was alleen... Wat kon haar nie alles o'erkom nie! Daar was sij nou o'ergegewe aan die genade van die Engelse... en 'n drif van toorngrijp hem aan, totdat hij besef dat hij tog niks kan doen nie. Dat hij haar die laaste a'end ook so onsag behandel het, was 'n ander oorsaak van onaangenaamheid, want al was sij skerp, hij moes erken dat hij haar lief had, en die liefde bloei deste sterker, naar mate dit onmogelik is om dit te betoon. So had verwijs en onrus gelijk o'er hem die owerhand. En wat daar van hem sou worde? Welke straf sou hem en Oom Willem tref? Misskien moes hulle nog o'er die see, wie weet waarheen? En die grootste spijt van alles was, dat hij nie maar bij die Boere aangesluit het nie, als hij dan tog moes in die hande kom en van vrou en kinders geskeie word.

Maar Oom Willem se smart was van 'n ander soort. In sijn smart was groter kalmte, maar meer diepte. Ook sijn siel was nie vreemd aan die verbittering wat Servaas ontroernie; ook in sijn hart het, sedert die eerste minagtende behandeling deur Hunt, die gevoel van gekrenkte eer en onreg die terrein verower en die koers van sijn oordeelvelling enigszins verander, sodat hij meer en meer simpatie begon te krij met rebelle, wat deur die dwang van gebeurtenisse in die oorlog gestoot was, en geleer het veel van die skuld op rekening van die Engelse onregvaardige en taktlose krijgswet-bestuur te plaats. En nadat aan hemself die onskuldig voor God en mens staan, aan hem, 'n oue man eerbaar en b6'enop nog nie hele-

maal herstel van 'n lang krankbed, nog sukkelende, die willekeur sijn skaamtelose hand geslaan het; nadat hij behandel is als die gewoonste misdadiger, weggestuur wie weet waarheen, en dit sonder 'n behoorlike teregstelling, veroordeel alleen op suspisie, sonder die voorregte van die godvergetenste onderdaan van die Koning, sonder die gelegenheid sijn saak voor te dra, weggeruk van dierbare sonder voorbereiding en sonder hul wete, nadat hij *dit* deurgegaan het, was daar genoeg bitterheid en wrok in sijn hart te'en die Engelse. Maar dit alles was slegs 'n ligte drukkies, veer-lig, nouwliks voelbaar vergeleke bij die geweldige las, wat als 'n berg op hem weeg, wat elke snaartjie van sijn gemoed met loodsware greep omknel, 'n onafwendbare gewig wat groei met die ure, so's 'n drag op die skou'ers groei bij elke verdere voetstap. Want sijn groter smart, die sekere voorgevoel van sijn naderende einde, was oneindig sterker als al die ander saam, het dit bij tijde vernietig so's 'n donderstorm die klankies en geluidjies van mense en vee o'erdreun! O, hij kon dit voel aan elke senuwtrekking, aan elke lippebewing, aan elke ademhaling, dat hij siek word, ernstig siek. Hij kon dit merk aan die snel toeneemende swakheid van sijn gestel, dat die vergif reeds deur sijn hele liggaam was. En hij wis dat die siekbed sijn sterfbed sou wees. Alleen sou hij sterwe, waar, wis hij nie, maar alleen... Die sorg van sijn vrouwe sou hij mis en van Bettie... ag! weggeskeur van sijn dierbaarste, en dit onder sulke pijnlike omstandighede, half ongelooflik of dit maar 'n droom kon wees — omstandighede wat soveel twyfel opwek, Bettie haar onverklaarbare gedrag, haar geheim, wat sijn straf skijn te vererger..... weggeskeur of liever weggesteel, sonder 'n afskeidswoord of 'n afskeidsgroet, sonder 'n opheldering van die wonderlike toedrag van sake, wat die laaste dage o'er hulle saamgepak het.....

Waarom sou God sijn weg so bitter maak op die end? Wat sou sijn sonde wees? Wat sou God wil bereik met hem of met sijn familie deur hulle van hem af te skei op die oënblik dat hij, 'n swakke grijsaard met die Dood in sijn lede, hulle bijstand die nodigste het?

So sit die ou man neergeboge en somber, en sommige ogenblikke voel dit hem of sijn verstand hem begewe onder die vloed van gedagte.

Die volgende ogenblik staan daar trane in sijn oge. Oom Willem se smart was diep, want hij wis dat hij nooit weer sou terugkeer nie.....

Port Alfred was destijds 'n geliefkoosde plekkie bij die militaire om ongewenste elemente heen te stuur. Daar kon hulle betrekkelijk vrij beweeg, hoewel onderworpe aan sekere beperkinge. Daarheen werd gestuur wat in die oge van die Engelse autoriteite als lastige pro-Boer mense verskijn het, sulke vooral wat sonder verraad te pleeg, op een of ander dag 'n onvoorsigtige woord geuit het, waardeur te grote simpatie met die vijand straal en waardeur die maatskappij met rebelieuse vergif kon besmet worde; verder ook sulke op wie alleen 'n algemene suspisie rus en wie se invloedrijke tegenwoordigheid 'n gevaarlike bron kon worde ver die bestendiging van anti-britse, of, wat toen dieselfde was, anti-militaire denkbeelde. Dit was 'n maklike manier om die pad skoon te maak en die lug te suiwer. Daar was hulle veilig geborge op die doodvervelige uithoekie langs die see-water, 'n uitgesogte verbaningsstasie.

Doodsiek kom Oom Willem op Port Alfred aan. Sijn gestel had nog nie weer sijn ewewig herwin na die lange siekbed nie en die ontberinge van die laaste dage het hem so blootgestel, die ou sukkelende ligaam so aangegrijp, dat dit nie meer mogelijk sou gewees hê, selfs met goeie mediese hulp, die terugkeer van die ou siekte te verhinder nie. 'n Hewige koors het hem beetgeneem, sijn temperatuur staan op 103. Hij word dadelik in die bed geleg en Servaas krij verlot van die autoriteite om die kranke op te pas. Na ondersoek skud die dokter sijn hoofd bedenkelijk en gee die gebruikelike bevel ver behandeling aan Servaas af. Droef duister die awend deur die ruite. Servaas sit voor die bed half biddend, half sugtend als in 'n droom. Bô die kombêrs uit leun te'en die kussing die grijs hare en bleek gelaat van die ou man met geslote oge. Sijn swaar ademhaling word telkens onderbroke deur 'n dra-

lerige gemaal van onverstaanbare woorde, lossies voortgebrag en uitgerek tot 'n sangerige gesleep van betekenisloos geluid. En so gaan hulle die eerste nag in te Port Alfred, weggewerp in 'n vreemde plek, sonder vriend of maag, die twee „parole“-mense van Rietfontein.

'n Week is voorbijgegaan, 'n volle en lange week van lijdning, waarin die kranke, in soverre hij nie gerus het nie, in 'n geregelde toestand van delirium verkeer het. Als 'n getrouwe hond wat sijn meester nie wil verlaat nie, het Servaas die kranke opgepas.

„D'is nie nodig, dokter, om hulp bij te krij nie, ek alleen wil hom oppas“, het hij gesê met beslistheid op 'n voorstel van die geneesheer, om 'n verpleegster te huur. Wat sal die huismense daarvan sê, het hij gedenk, als hulle hoor dat hij Oom Willem aan vreemde hande o'ergelaat het? Hoe sou hij dit o'er sijn hart kan krij om so iets te doen? Ver Oom Willem sou hij enig iets opoffer, al is dit dan alleen uit dankbaarheid te'eno'er die eigenaar van Rietfontein, wat hem 'n huis, 'n stukkie grond en selfs vee gegee het, wat hem gered en van die verkeerde pad afgebreng het. Wie is daar in die hele wereld wat ver hem goed was, behalwe Oom Willem? Wat hem in sijn armoede en verlatenheid liefde bewijs het, behalwe Oom Willem? Als hij geld nodig had, het Oom Willem dit ooit geweiger? Hoe graag sou sijn eige mense hem wil opgepas het, maar nou dit nie kon gebeur nie, sou hij alles doen in sijn vermoeg, al duur dit ook lang en al moes hij sonder slaap blij. Nee, nee, geen vreemde sou ver Oom Willem oppas nie.

Die dag na hul aankoms was dit bekend onder die menigte verbanne Boere, dat 'n ou man, 'n meneer Du Pré van Steenburg, wat baing invloed het in sijn distrik, ook naar Port Alfred gestuur was, maar dat hij doodsiek aan die koors lê. Losse besonderhede, half waarheid, half leu'en, omtrent die oorsaak van sijn verbanning het ook al dadelik aan versprei geraak. Die grootste belangstelling en simpatie werd bij die banneling-Afrikaners opgewek. Die geval was die voorwerp van algemeen gesprek ver 'n paar dage, en die huis waar Oom Willem lê, werd bestorm elke dag deur belangstellende, maar

trots herhaalde aanbiedinge van hulp, het Servaas volgehou dat hij en hij alleen die ou man wou oppas.

Dit is nabij sonsondergang. Op 'n stoel naas die enkele bedjie, waar die kranke skijnbaar slapend op rus, sit Servaas met sijn gesig naar die venster gedraai, in onbestemde gedagtes verlore, terwyl sijn oge heenweie o'er die skone uitsig daarvoor. Eers digbij die silwer streep van soetwater, wat die Kowie rivier onder die skaduw van die rand seewaarts dra, dan anderkant op die bosse, tot waar die see begin, en dan o'er die oneindige watere van die Indiese Oseaan, verder en verder o'er die re'elmatige seevlak tot waar rein hemelsblouw die donker golwe, ontvlug aan die gélerige skijnsel van sterwende sonstrale, met 'n reuseboog omspan. Daar rus sijn oge, op die see, op die wonderlike water, wat altijd dreun en altijd woel, wonderlik en altijd nieuw aan Servaas, wat, in die afgelege Karroo groot geworde, ver die eerste maal in sijn lewe kennis maak met die see se onuitputtelike weelde. Ure en ure kon hij so sit kijk en sijn oge laat gaan o'er die onafgeperkte wijdte. Dit was ver hem bijna net so's die eeuwige Karroo-vlaktes, maar sonder hul stilte, sonder hul klippe en dwerg-bossies eindeloos uitgestrek, sonder die bergies en koppies, wat daar tussen hulle en die blouw lug tree. En tog verplaats die see hem gedurig in gedagte naar sijn geboorte-grond. Daarom was die see ver hem so aantrekkelijk, so mooi...

Met eens word sijn gedagtes afgebreek deur 'n swaar en krakerige ademhaling van die sieke. Daar lê die grijsaard met 'n doodsbleek gelaat, waar die sweetdruppels so's pèrels o'er skitter. Grote, ronde oge staar Servaas aan met die inspanning van deliriese kwelling, met die uitdrukking van angs en woede tegelijk, so's die oge van een wat 'n hatelike gesig sien, wat deur 'n wrede vijand gepijnig word en sig wil wreek. Vinnig lig hij sijn hand op en wijs verwoedend naar Servaas. En onder die wakkeling van die mager, slappe hand, béwerig en koud van die Dood se grilligerige omklemming, kom dit o'er sijn droge lippe in onderbroke klanke :

„D'is julle.....! Ja, d'is julle.....! Wat het ek ver julle

gedaan? Khaki-gespuis.....! Wat is mijn sonde.....? Wat... wat.....? Waar is mijn huis, wat julle afgebrand het? Waar is mijn vrouw en kind? Toe! Gee mij ver hulle terug.....! Ja! Ja! En nou wil julle mij vermoor! mij doodskiet! Skiet als julle wil..... hier is mijn bors..... toe, skiet ver mij.....!"

Half hees het hij die laaste woorde geuit, toen Servaas sijn hand sag aanvat en dit probeer neerlê.

„Ag, moeder! Bettie..... waar is jou hand?" sê hij nog agterna met 'n smeekstem en toen val sijn oge dig, afgemat en uitgeput.

Servaas het geskrik toen hij die ijsig-klamme hand aaraak. So heeltemaal onverwag was dit wel nie, want volgens die geneesheer was daar min kans ver die lijder. En tog was dit skielik, verrassend, die sekere aankondiging van die naderende einde, wat daar so's 'n kou'e slang langsaam maar onverbiddelik langs arms en bene opkruip naar die middelpunte van sijn ligaam! Servaas lê dadelik sijn hand op die voorhoofd van Oom Willem; d'is koud! Hij bevoel sijn voete en bene, d'is koud. Beangs skud hij die lijder en roep die naam van sijn weldoener.

„Oom Willem! Oom Willem!"

Geen antwoord kom daar nie, geen teken van kennis of begrip, geen beweging o'er die verrimpelde wange, alleen die sware ademhaling gaan nog sijn geregelde gang. Ook die pols klop nog hard, maar onregelmstig. Andermaal leun Servaas o'er die sieke met sijn gesig dig bij, vat hem bij die skouders en roep weer: „Oom Willem! Oom Willem!" En daar gaan die grijsaard se oge ope. Hij kijk Servaas aan en dan weer rond in die kamer met 'n natuurlike blik, vragend en enigszins verward, maar so verskillend, so anders als al die tijd van sijn siekte! Of hij nou misskien bij sijn verstand sou wees!

„Ken Oom nog ver mij, d'is nou Servaas?"

„Ja, maar waar is ons dan Servaas? Wie se huis is hierdie?"

„Oom Willem weet mos, ons is nie meer op Steenburg nie, die Engelse het ons hierheen, naar Port Alfred gestuur. Kijk, daar is die seewater."

Met die laaste woorde lig hij die grijsaard se hoofd op, sodat hij duidelik die blouwe see kan sien.

„Ag ja, kijk, hoe kan ek dit nou vergeet! Ek het ook so lang geslaap. O, ek het so 'n vreeslike droom gehad, so 'n nare droom.”

„Wat was dit dan, Oom?”

„Ek droom, ek is in die tronk op Steenburg. Daar kom hulle mij haal, vier man met gewere; een daarvan was Piet Vermeulen.”

„Die la'e hond! En toen, Oom?”

„Hulle laat mij tussen in loop en lei mij straat af. Ek vra en vra wat hulle plan is, maar hulle blij doof. Hulle bring mij op laas.....”

Hier word dit ou man se stem so swak, dat hij moet ophou.

„Ek voel so koud en swak, Servaas.”

„Oom Willem moet liever nie praat nie.”

„Op laas bring hulle mij daar bij die kruitkoppie, en toen was daar met eens honderde van khakis..... en toen wou hulle mij doodskiet. Maar voor die skote nog val, kom mijn vrouw en Bettie aangeloop..... en toen word ek wakker..... Ek voel so benouwd, Servaas, laat mij reg-op sit.”

„Oom, jij is te swak!”

„Reg-op, Servaas, reg-op!” breng hij swaar uit en probeer sig self help. Servaas beur hem in die hoogte en pak 'n paar kussings als steunsel agter zijn rug.

„Jij het reg, ek is swak, Servaas. Voel mijn hand, hoe koud.”

Servaas neem die kou'e vingers in sijne, huiwerig.

„Sal ek gouw die dokter roep, Oom?”

Hoofdskuddend en stadig begin die grijsaard te antwoord.

„Nee, blij hier. Die dokter kan niks meer..... aan mij doen nie. Hou vas mijn hand; so ja! Voel jij, d'is die Dood. Hij het lang gewag, maar Hij ken zijn tijd.....”

Spraakloos en vol medelijde sit Servaas die pathetiese figuur voor hem te aanskouw.

„Mijn tijd is baing kort, ek gaan. Sê ver mijn vrouw en Bettie, hulle moet tevrede wees, want God sal nie 'n fout

maak nie. Sijn wil geskiede. Ek is tevrede en bereid om te gaan.....

„Maar Servaas, belooftog één ding. Moenie die vreeslike tijd, waarin ons nasie verkeer, vergeet nie. Julle mag nooit die tijd van marteling..... en..... wreedheid vergeet nie, want dit sal julle ondergang wees. O, vertel aan jou kinders en kindskinders al ons lijdning en vernedering, al ons swaar en bitter..... vergeet nie een nie. Vertel ver hulle van 'n ou swakke grijsaard, wat reg gedaan het, maar onreg..... gelij het. En als jij alles vertel het..... sê dan aan hulle: so het dit gelijk in die da'e, toen Mag Reg was.

O Servaas, vergeet..... nie..... vergeet nie.....! Ek kan nie..... meer nie. O God,..... wees.....mij..... sondaargenadig !”

Met hierdie woorde sak Oom Willem agter o'er sterwende. Sijn oge val toe en zijn ademhaling word vinnig langsamer en gaan o'er tot diepe snikke, wat swakker en swakker word en telkens langer wegblij. Nog eenmaal gaan die grote oge ope, val dan toe ver altijd.

Toen die skemer-donker in die kamer begin neersak, lê Servaas gekniel voor die bed, snikkende so's 'n klein kind. Daar buite ruis die geweldige see zijn plegtige dodeklag.

HOOFDSTUK XII.

GEVANG.

Die onverwagte dood van Willem Du Pré het so's 'n verwoestende donderslag op sijn twee huisgenote in die tronk, neergebons. Want, hoewel Kapt. Hunt al lang besluit het, Tant Annie vrij te stel op parole, tog het hij tien dage daarna, toen die telegrafiese berig van haar man se dood haar bereik, nog nie sijn plan uitgevoer nie, trots die voorspraak van dorps-ingesetene aan wie se wens hij nie dadelik wou voldoen nie. Ver arme Tant Aannie was dit 'n onbeskryflike beproewing. Toen gedurende sijn vorige siekte die gedagte aan sijn dood al genoeg was om haar te beangs en in trane te bring, welke voorregte had sij toen nie, waar sij hem kon verpleeg met eige liefdehand! Maar beroofd van haar lewensgesel op heimelike wijze onder die skokke van oorlogs- onheile, so sonder 'n afskeidsgroet, in so 'n toestand te vernem van sijn dood, dit was te veel ver haar swak sensuwe.

Op bevel van die geneesheer werd sij, half waansinnig en hysteries naar 'n private huis verwijder waar sij ernstig siek gelê het ver enige weke.

Ook op Bettie was die uitwerking van haar vader se dood geweldig. Want behalwe die vreeslike verlies van 'n trouwe vader van wie sij alleen liefde ontvang het, en 'n verlies op so 'n manier, 'n sterfbed onder vreemde mense, was daar in haar binnenste 'n angel wat gedurig seer maak. Dit was die pijnlike gedagte, dat in die laaste woorde wat hij te'en haar gepraat het daar so iets verwijtends was, en dan die akeligheid, dat sij nooit 'n kans had om met hem onder vier oge te praat nie. Want al sou Servaas hem duidelik gemaak hê dat haar doel met die brief aan Bester alleen was om sijn onskuld aan die dag te bring, kon daar nie 'n ver-

borge suspisie bij hem blij lewe hê nie dat sij tog, al was dit sonder opset, bijgedraag het om Bester tot meerdere intimiteit aan te moedig en op die wijze die ongeluk o'er die huis te bring?

Ja, die gedagte het haar gemartel, haar agtervolg uur na uur, so's 'n spook, en die vreselikste van alles: haar vader was dood, weg, ver altijd..... en geen kans sou daar ooit kom om hem weer te ontmoet en te o'ertuig van haar onskuld en onselfsugtige opoffering nie.

O, dit was 'n marteling, en tijd genoeg om die troosteloosheid van haar omstandighede te besef had sij wel. In die tronk met al sijn ongerief en eensaamheid, die dood van haar vader op so 'n tijdstip met al die gevolge wat dit noodsaakelik moes teweegbring, en bowenop nog die eeuwige onsekerheid aangaande haar minnaar — dit alles so saam het haar rijke stof tot nadenke, maar ook tot droefheid verskaf. Wat moes sij doen om die tijd te verdrijwe? Leesstof had sij wel, genoeg boeke wat deur goeie vriende in die dorp gestuur werd, maar daarvan kon sij soms ook so moeg word, dat sij uit pure ongeduld en sug tot verandering van program, die boek daar in die hoek kon smijt met 'n verwensing wat nie mooier klink omdat dit deur vrouwelippe geuit word nie. Deur bemiddeling van buite egter werd haar 'n guns toegestaan. Elke dag mog sij haar arme, kranke moeder gaan besoek, 'n uur lang, maar dit selfs nie sonder strenge militaire bewaking nie. So het dit 'n paar weke geduur. Ongemerkt het die benouwende en vreemde van die nuwe omgewing op die jonge afrikaanse maagd 'n nadelige invloed gehad; is haar die tronkstraf 'n beproewing geword. Sal sij aan Hunt nou sê wat haar doel was met die onskuldige brief. Nou kan aan haar vader tog geen onheil meer geskied nie, nee, Gode sij dank, hij is heengegaan naar die plek waar geen oorlog of strijd of tranen meer is nie. Ver wie en waarvoor lij sij dan nou nog? Maar als Hunt haar nou sou glo, denk sij, dan sou sij tog nog bloot staan aan die verdenking van geheime betrekkinge met die Boere, en dan mag hij haar verklaring met veragting van sig werp. Want waar sij hem so parmantig beveg het, mag sij

geen ligte behandeling verwag nie, en als jii 'n hond wil slaan kan jii maklik 'n stok krij. En als hij haar nie sou glo nie, o welk 'n kans sou hij dan hê om haar te verneder! En vooral die gedagte dat sij als 't ware 'n engelse offisier sou moet te voet val en bowenop nog vernederd worde, dit was te swaar ver haar hoge wil en trotse hart. Nee, denk Bettie, al duur die tronksitterij ook hoe lang, al moet sij ook vergaan, nooit in der eeuwigheid sal sij voor 'n engelse offisier gaan kruip nie. Na sulke gedagtes het Bettie die besluit geneem om geduldig haar lot af te wag, in die vertrouwe dat op een of ander manier daar 'n wending sou kom. En daarbij had sij die simpathie van al die opregte Afrikaners in Steenburg, wat haar van kos en lektuur op royale wijze voorsien. In eige oog sowel als in dié van 'n menigte andere het sij verskijn als 'n martelares ver land en volk. En die offer wat Bettie op die altaar van die vaderland geleg het was geen geringe nie.

Intussen het Kommandant Bester al werelde deurtrek met sijn onverskrokke bende, al tweemaal die distrik van Steenburg weer kruis en dwars deurswerwe, hier buitmakend, daar 'n botsing vermydend, naarmate die oorlogskanse hem meer of minder gunstig skijn. Met sijn vliegende kamerade het hij menigmaal wonderlike wapenfeite verrig, en deur gebruik te maak van die donker, telkens weer skoon pad gesoek. Want vijandelike kolomme was gedurig voor of agter hem. Met 'n taaie beslistheid om 'n einde te maak aan die gésel van die binnelande, het die Engelse hem agtervolg, die brutale Boer wat selfs nie skroom 'n magtige kolom met sijn 1000 man, goed gewapend en geoefend, aan te val nie, wat die leeuw durf trotseer van agter die klipkoppe uit en als die storm erg word dood gemaklik pad gee, wat patroljies o'errumpel en beroof. Bester met sijn listige planne en parmantigheid moes in die hand kom, ja selfs op sijn lewe was dit gemunt, waar kleurlinge in diens van Sijn Majesteit hul lewe moes prijsgee onder sijn hande!

Ook die ontmoeting met Du Plooy en sijn manne, wat

deur Generaal De Wet Kolonie-toe gestuur was, het plaas gehad. Du Plooy het woord gehou en Bester 'n dure eed laat sweer dat hij òf die brief sou vernietig òf in die hande van die betrokke meisie sou aflewer. Wat 'n moeilike taak was dit ver Bester. Hij kon nie anders als pijn ondervinde bij die gedagte dat Bettie *sijne* waarskynlik nie sou worde nie. En ver 'n ogenblik was dit ver hem 'n onaangename verrassing te verneem, dat Dr. Marais leef en veilig was. Want Bettie was nie van die soort wat ver 'n speletjie haar erewoord sou terugneem nie. En so sou hij moet bevorder wat sijn eige ongeluk sou wees. Maar eerlike mens wat hij was, hij had geen morele grond om die versoek te weiger nie. Hij wis dat Bettie in die tronk was en kon dus aan Du Plooy die hoopeloosheid van die gelukkige uitvoering van die plan laat sien.

„Dit is swaar om die belofte te doen, Du Plooy,” het Bester gesê, waarbij hij wel iets heel anders bedoel als Du Plooy verstaan het, „maar ek gee jou mijn erewoord, jij kan jou daarop verlaat: kan ek dit nie in haar hande afgee nie, dan sal ek dit vernietig.” Altijd bewus van sijn belofte het Bester die brief sedert in sijn binnesak bewaar so's 'n groot geheim. Hij was beslote uit te voer waartoe hij sig met sijn erewoord verplig het.

Op 'n warm Januarie middag bevind sig Bester se kommando weer in die distrik van Steenburg. Bester het nog altijd te'en die idee opgesien, die dorp wat gewoonlik deur 'n 200 man beskermd was, aan te val. Want bowedien is die natuurlike ligging van Steenburg baing gunstig ver verdediging, en waarom sou 'n mens ook maar een lewe nodeloos in gevaar stel. Maar sedert enige tijd het die gedagte al bij hem gerijp, die khakis daar 'n slag skrik te maak. Misskien kon dit hem nog geluk, sonder verlies die plek in te neem, en dan sou hij 'n man voel als hij die offer aan Bettie kon bring. Ongelukkig is Bester in die waan dat hij ver af is van die Engelse kolomme. Deur sijn spioene verwittig van 'n patrojie wat skjynbaar onbekommerd voortbeweeg, lê hulle nou en wag agter 'n rand. Kort daarna word die klompie, 'n afdelinkie

van een van die kolomme, met Adonis als gids, daar skrik maak en sonder 'n poging tot verset gevang. Van die dag dat Adonis verraaiers gespeel het is hij voortgegaan op die pad wat hem toen alleen ope toegeskijn het. Eindelik is hij verheue tot die belangrike pos van padwysers bij die vijandelike kolomme. Dit het dusverre baing goed gegaan en hij het gemeen dat dit altijd so sou gaan. Wat was dit 'n lekker lewe! Trots was hij op sijn khaki-drag en blink knope en sijn pêrd! Waar hij vroeger in die sonnebrand agter die skaapmoes staan, kon hij nou net so's baas Servaas o'er die veld rij. En daarbij goeie betaling. Solang dit so gaan, het hij gedenk, kan hulle maar oorlog maak. Die klompie rouwes gedadelik hul gewere en ammunisie o'er, wat verdeel word onder die manne. Die pêrde is natuurlik 'n welkome buit. Daaro'er word nog 'n beetje gestrij. En toen kom die treurige episode. Want die verwenste kleurling wat hier groot man speel onder die Engelse, wat seek hij hier? Wie gee ver hem reg te'en die witmense te veg? In dié da'e was daar geen pardon ver 'n swart vel nie, en daar was niks wat 'n boer se bloed gouwer kon laat kook als 'n inboorling te sien saamveg met die vijand nie.

Adonis word voor Bester gebreng ter verantwoording.

„Wat is jou naam?” vra Bester.

„Adonis, baas!” sê die bewardende jong.

„Wie gee jou die reg te'en ons te veg?”

„Ek het nie geveg nie, baas, ek wijs maar net die pad. Asseblief, baas, ek het nie geweet dat dit verkeerd is nie,” sê die arme Adonis, wat die erns van die situasie begin voel.

„Dit hoef jij mij nie wijs te maak nie, Adonis. Hoekom het jij 'n geweer bij jou?”

„Dié base het gesê, ek moet die geweer meeneem, baas, maar ek gebruik dit nie. Baas kan mij glo, ek kan hier doodval, baas, als ek lieg, ek het nog nooit 'n skoot geskiet nie.”

„Ek is baing jammer ver jou, Adonis, maar ons het net een manier om die volk te behandel wat ons so vang so's verjou.....” antwoord Bester met 'n seker gevoeligheid in sijn stem. Hij blij 'n minuut stil huiwerig om die oordeel uit te

spreek. Dit is 'n swart vel, denk hij, maar hij het ook sijn lewe lief.....

„Mijn jong, d'is hard om dit te sê, maar maak jou klaar... om te sterwe.”

Vreselik ontsteld val Adonis op sijn knieë en begin soebat..

„O ,mijn baas, genade asseblief, genade baas! O Adonis sal ver baas doen net wat baas wil hê! Maar spaar tog asseblief mijn lewe — ek het vrouw en kinders, baas.....” gaan dit voort onafgebroke, smeking en gebed tesame geuit onder hysteriese aandoening.

Dit is eenmaal 'n streng wet bij die Boere geword dat 'n meevegtende kleurling die ko'el moet krij. Als antwoord op die arme Adonis se soebat pak, op 'n wenk van Bester, twee sterk manne Adonis aan beide arme om hem te verwyder. Verniet dat hij probeer vastrap, verniet dat hij smeek, hulle beur hem vorentoe, half loop, half sleep, dat die stof uitslaar, waar die ongelukkige slagoffer met stuipagtige trekkinge lug gee aan sijn nood en angs, sodat vloeke gebed word en gebed vloeke.

„Kerels, ek voel in mijn hart jammer ver die hotnot, hij is tog ook 'n mens so's ons, maar..... dit kan nou eenvoudig nie anders nie,” sê Bester tot 'n paar van sijn staf gevoelvol, terwyl Adonis verwyder word.

Kort daarna kon 'n mens 'n geweer sarsie hoor. Langs die heuwel het hulle die arme Adonis begrawe, vlak, twee voet diep.

Na Adonis die doodstraf ondergaan het, iets wat ver die Boere net so onaangenaam als noodsaakelik was, word die khakis op vrije voete gestel en aan hul lot o'ergelaat. Dit is 'n beklagenswaardige aanblik om hulle so te sien die veld instap, vernederd, beroofd en onbekend met die omgewing.

„Loop in julle verstand en sorg dat ons julle nie weer in die hande krij nie,” sê een van die Boere bijna hatelik.

„Man, laat hulle tog in vrede gaan, die arme goed, d'is swaar genoeg om jou verdriet so te'en te kom en so's geskeerde

hamels die veld ingejaag te word!" antwoord sijn maat met 'n straal'tjie van simpatjie.

Dieselfde ogenblik kom 'n paar verkenners haastig aangeja. Dit word bekend dat 'n vinnig bewegende kolom nie ver agter is nie. Gewoon aan dié soort van tiding, begin die kommando op sijn tijd sig te beweeg, hoewel nou nie meer in die rigting van Steenburg nie. Maar ongelukkig, wat die ander verkenners ook toen eers uitvind, is daar reg naar hulle toe 'n tweede kolom in aantog. Die poging om tussen die twee kolomme naar een kant toe pad te gee, misluk na 'n half uur se rij, want met 'n brede swaai van die vijandelike vleugels is daar al die hele lijn beset. Bester en sijn manne sou die laaste wees om aan o'ergee te denk, waar die enigste redding vorentoe lê. Hoe dit sover gekom is, agtelootheid van die spioene, dit kan niemand nou weet nie, waar daar net een vraag is, wat almal besig hou, namliek, hoe moet hulle deurkom?

„Deurja! Deurja!" klink dit onder die manne, terwijl hulle koers neem naar die punt waar die deurtog die beste kans skijn te hê. Onversaag storm hulle reguit op die vijand af, wijd uit mekaar onder 'n hewige geweervuur. Agter hulle hang die stowwe so's vaal sluiers, traag om te verdwyn. Hier en daar sak 'n enkele neer. Hulle is nou onder die vijand in, waar dit onder 'n woeste lawaai handgemeen word: bajonette, geweerkolwe, rewolwerskote, vuissla'e, uitdaginge, vloeke.....

Die meeste Boere glijp deur, terwijl 'n dertigtal tot o'ergawe gedwing word. En die ongeluk wil dit so dat Bester ook een van die dertig moet wees. Altijd het hij tege sigself gesê, dat hij liever sou dood als o'ergee, omdat sijn krijgsmans-eer dit nie wou gedoog nie en ook omdat hij wis dat die Engelse dit op sijn lewe gemunt het.

Maar ag! vandag kon dit nie anders nie. Bijna was hij al deur die lijn, toen sijn pêrd 'n geweldige sijdellingse sprong maak, in 'n gat trap en neerslaan. Toen Bester wou opspring, was daar ses of ag soldate op sijn lijf. En toen hij merk dat dit onmogelik was te ontkom, ruk hij die brief aan Bettie uit sijn sak en skeur dit in duisend stukkies. Het hij nie belowe

om dit af te lewer of te vernietig nie? En daarbij was hij bang dat daar tog iets in kon staan wat Bettie in verdere moeilijkheid kon breng.

Die identiteit van die Boerkommandant is gouw genoeg openbaar. Tussen gewapende manne moet hij saam met zijn mede gevangene voetslaan Steenburg toe. Groot is die vreugde van a'end onder die militaire op Steenburg, dat die gevreesde en lastige Rebel agter die tralies sit, en daar is baing khakis in en rondom die dorp. En die blijste van almal is die hotelhou'er in die hoofdstraat..... Maar in zijn donker sel deurwaak 'n dapper Afrikaner die eensame nagtelike ure, treurend o'er zijn vernedering en teleurgesteld, en soor zijn gees wemel daar gedagtes, akelig en naar, pijnigend ver vlees en bloed.

HOOFDSTUK XII.

VONNIS.

Sedert die laaste bitter gesprek tussen Bettie en Kommandant Hunt is daar nooit weer 'n woord tussen hulle gewissel nie. Tog het daar in sijn siel allerhande vrage aangaande die sonderlinge boeremeisie opgekom, maar reeds ter wille van sijn posisie kon hij sig nie weer verneder, onoffisieel met haar o'er dinge te gaan praat nie. Als trouwe uitvoerder van die militaire planne, als ijwerige werker en waker ver die eer van Engeland, als onverbiddelike vijand van Bester, wat hem menig angstig en sure dag besorg en deur sijn onverwagte slingerbeweginge die skrik op die lijf gejaag het, is niemand van a'end so blij als Hunt, dat aan die heerskappij van die gevreesde rustverstoorder nou eindelijk 'n seker einde gekom is nie. Want wat so 'n kapitale vangs ook al ver 'n betekenis mag hê ver die verdere loop van die oorlog, dit is ten minste ver Hunt self in die eerste plaas 'n bron van grote verligting, want als daar nie 'n kolom op Steenburg gevestig is nie, word sijn posisie maar baing haggelik bij 'n naderende Boerekommando. En hij wou ook nie rus voordat hij nie die nuws aan Bettie gebreng het nie. Sij tog het daar alle belang bij, en vooral bied dit hem 'n gelegenheid, o'er haar te triomfeer. So word die deur van haar sel geopen en gevra of Komdt. Hunt haar kan spreek. Dadelik kom die sterk gevoel van afkeer bowe bij haar, gedagtig aan die laaste onderhoud, terwijl sijn tegelijkertijd baing verwonderd is o'er die versoek. Na 'n sekonde of wat sê sijn dat hij maar mag binnekom.

„Goeie na'end, mej., wees nie verwonderd o'er mijn skielike besoek nie, ek het heel wat nuws wat jou sal interesseer,” sê hij, terwijl Bettie hem op 'n afstand met trotse hoofdverheffing staan aankijk.

„Dit moet dan tog wonderlike nuws wees wat so 'n effek op Kommandant Hunt het”, sê Bettie met sarkasme.

„Nie so wonderlik nie,” begin hij ewe sarkasties, „want in oorlogstijd is niks wonderlik nie, maar sulke mooi dinge is daar gebeur, jij sal dit tog graag wil hoor,” terwijl 'n glimlag van voldoening o'er sijn gesig kom.

„Dit spreek van self,” antwoord Bettie, „dat wat ver jou mooi is, ver mij akelig moet wees; maar laat ons haer; ek glo geen tijding kan te erg wees na mijn vader se dood nie.”

„Jou vriend Bester is gevang van middag en saam met 'n hele klomp van sijn mederowers sit hij nou hier in dieselfde tronk. Daar was 'n tijd toen hij ons die lewe lastig gemaak het, maar..... elkeen krij sijn beurt.”

„Jij het dit reg uitgedruk, Kommandant Bester is mijn vriend, en 'n mens mag trots wees op so 'n vriend, want hij het meer gedaan als jij en al julle generaals saam. Maar natuurlik, baing honde is 'n haas se dood. Hoeveel honderdduisend man het julle gebruik om hem te vang?” vraag sij veragtelik.

„Dit kom daar nie op aan hoeveel mense ons nodig het of hoeveel dit kos of hoelang dit duur nie, maar een ding is seker, ons sal hulle almal vang! Engeland se mag en rijkdom is onuitputtelik; hoe klink dit ver jou?”

„Ja, ou profete is dood en die jonge eet brood. Wanneer is julle van plan die Boere te vang, nog in julle leeftijd? Wel seker o'er honderd jaar is baing mogelijk. Wat aangaan julle 'onuitputtelike' mag, daaraan krij 'n mens bijna lus om te glo, als 'n mens moet oordeel naar die duisende wat julle ver elke bagatel laat doodskiet. Hoewel dit ook 'n bewijs kan wees van iets anders.”

„Jij meen 'n bewijs van dapperheid, 'n bewijs dat ons troepe geen vrees ken nie, in die gevaar storm sonder te vra of te redeneer.”

„Presies. En sonder hul verstand te gebruik. *Dapperheid* noem jij dit? Ons het daar 'n ander naam voor. *Domheid* noem ons dit. Ik sal bewijs wat ek sê. Vertel eers, is die hele kommando van Komdt. Bester gevang? En hoe is dat gekom?”

„Doodeenoudig vasgekeer.”

„Hoeveel is gevang?”

„O, so 'n dertig of veertig!”

„Wel, als dit nou Engelse was, dan het daar seker nie een uitgekome nie. Dertig gevang uit 'n vijf honderd man! En dit noem jij 'n heldedaad, 'n ,wonderlike' iets!”

„Ja, dit is waar, ons het maar soveel gevang, die ander is ontvlug en neergeskiet. Want die Boere is geslepe in die kuns van wegvlug.”

„Arme Bester, jij is in wrede hande geval.”

„O,” sê Hunt, terwyl hij aan die deur vat om te gaan, „als ons nie so human en jammerhartig is nie, dan word hulle almal doodgeskiet, so's hulle nou hier in die tronk sit, die rebelle... almal verraaiers van hul owerheid... dit is wat hulle is.....” en stap weg.

„Van julle jammerhartigheid het ek elke dag genoeg bewijs”, klink dit skerp agterna, terwyl die deur toeval. „Mog ek jou nooit weer sien nie, wreedaard,” denk Bettie by sigself, terwyl haar gedagtes dadelik na die ongelukkige Bester keer, wat hier nabij haar agter die tralies sit. Diep teleurgesteld en ongerus o'er sijn lot aan die een kant, bekommerd o'er die Boere se kanse aan die ander kant, kon sijn sig van a'end nie bevrij van weemoedige gedagtes nie. En onder dit alles deur kom daar pijnigend en ontsenuwend Piet Marais se gestalte voor haar gees — haar minnaar, aan wie se gespaarde lewe sijn nog altijd blij geloof, flouw somtijds so's 'n mens glo aan 'n twijfelagtig verhaal; dan weer sterk en vas so's 'n kind glo aan die beskermende mag van sijn ouders.

Die volgende dag sou een van die belangrikste wees wat Steenburg gedurende die oorlog beleef het, swaar en drukkend, spannend, en ver Bester kritiek. Bij die handjievol opregte Afrikaners was daar 'n onuitgesproke maar innige medegevoel met die held, wat tussen die gretige tande van die leeuw moes deur. Gefluister werd dit in mekaar se ore, dood vorsigtig, en alleen daar waar mense mekaar se onwankelbare trouw onder beproewing leer ken het, dat dit met die Boer-

kommandant se kansse ellendig gesteld was. Vrees het in hul oge gestaan en teleurstelling o'er hul wange gestroom, want hulle wis, dat die Engelse oorlogswet wel degelik vat op hem had, en het genoeg gesien van die venijnigheid, waarmee selfs gesaghebbende sig o'er hem kon uitlaat. En welke mag was daar wat Bester kon verlos in 'n tijd, toen die mag van die sterkste wet was? Daarom lê daar vandag 'n somberheid en bekommerdheid op die harte van baing, waar Bester sal moet tereg staan voor die Militaire Hof. Want wat ook al die straf van die ander mog wees, van Bester se ongeluk was daar dadelik 'n soort van voorgevoel in die lug.

Om nege uur in die morges word die magistratshof gevul deur belangstellende, manne, vrouwe, kinders van verskillende soorte en opinies. Die regters, bestaande uit drie generaals, neem hul plekke in, waarna Bester ingelei word naar sijn plek in die gevangene-kas. Bij sijn intrede is daar 'n beweging, 'n beroering onder die toeskouwers, gefluisterde aanmerkinge, uitdrukkinge van medegevoel, bij sommige selfs 'n triomferende laggie, maar bij niemand is daar afwesig 'n seker gevoel van eerbied ver die forse gestalte en mannelike blik van die gevangene nie. Ses voet hoog, staat hij daar, die onverskrokke jonge Afrikaner, kijk die regters vlugtig aan en laat sijn oog dan weer gaan o'er die vergaderde menigte, nuwsgierig of hij nie 'n bekende daaronder kan ontdek nie.

Daarna staan Komdt. Hunt op, wat als militaire vervolger ageer en lees die akte van beskuldiging voor. Dit hou in twee hoofd-aanklagtes :—

(1) dat Johannes Gerhardus Bester, Britse onderdaan, sig aan openlike verset te'en Sijn Majesteits Regering skuldig maak het deur bij die vijand aan te sluit en die betrekking van kommandant aan te neem, deur Sijn Majesteits grondgebied binne te dring en, daarmee nog nie tevrede nie, Sijn Majesteits onderdane tot rebellie aan te spoor;

(2) dat hij koelbloedig moord gepleeg het op die 3e Januarie 1902 op 'n kleurling Adonis, in diens van Sijn Majesteits troepe.

Daarop word papiere voorgeleg, waarin die identiteit van Bester als gebore Kolonialer en afkomstig uit Ceres duidelik bewese word. Na heel algemeen deur Hunt ondervra gewees te hê, neem een van die regters die woord.

„U pleit skuldig op punt 1?”

„Onskuldig.”

„Maar u is tog nie republikeins burger nie?”

„Nee.”

„Het u iets te sê ter verdediging?”

„Ek sal mijn verdediging aan die einde gee, als al die punte regtelik behandel is.”

Nou kom die moordaanklag op die tapijt.

Hiervoor roep Hunt op 'n getuige, wat hij op 'n mees pedantiese en langdradige wijze ondersoek.

„Uw naam?”

„Charles William Jackson.”

„Beroep?”

„Kaptein in de vijfde Lancashires.”

„Ken u beskuldigde?”

„Ja.”

„Hoelang?”

„Van gister af.”

„Vertel die omstandighede van die kennismaking.”

„Toen ek gister middag op las van mijn hoofd met 'n dertig man ver wegslinger van die kolom om te verken, werd ons verras deur Komdt. Bester en gevange geneem.”

„Wat het hij toen met julle gedaan?”

„Ons pêrde en wapens afgeneem en ons laat loop.”

„Het daar niks verder plaas gevind nie?”

„Ja, 'n jong Adonis, ons gids, het hulle doodgeskiet.”

„Was julle bij die voltrekking van die vonnis te'enuwoordig?”

„Ja.”

„Meneer Bester, u kan nou die getuige kruisvra als u wil,” sê Hunt.

Eers kijk hij die Engelse Kaptein deuringend aan met die gerustheid, wat 'n besef van meerderheid bring.

„Sê asseblief,” begin Bester, „was die jong gewapend of nie?”

„D’is reg, hij het ’n geweer gehad, maar nie om saam te veg te’en die vijand nie. Hij mog die alleen gebruik in geval van nood ter selfverdediging.”

„Wel dit kom nou nie op aan met welk doel hij die wapen gedra het nie, u erken dat die jong in uw diens met uw goedkeuring gewapend was?”

„Ja.”

„Is Adonis die enigste jong in diens bij uw regiment?”

„Nee, ons het ’n hele boel van hulle wat bij die wa’ens werk.”

„Almal ongewapend?”

„Ongewapend.”

„Kan u sweer dat geen een van hulle onder enige omstandigheid van wapens voorsien word nie?”

„Ek sou nie bereid wees om te sweer nie.”

„Dit kan dus gebeur dat hulle wapens in die hande gestop word om sig te verweer, en per slot van rekening om te’en die Boere gebruik te worde; ten minste, daar bestaan in uw regiment geen wet wat dit verbied nie?”

„Nee.”

„Denk u nie dat dit misbruik-making is van gelegenheid en slegte discipline deur die inboorlinge se dienste aan te neem te’en ’n wit nasie nie?”

„Wie sal sê wat reg of verkeerd is in oorlogstijd !”

„Dank u”, sê Bester te’en Hunt, „dit is genoeg.”

„Wel,” begin een van die regters, „ons het nou die nodige getuigenis gehoor en na die bijkomende papiere, wat o’ertuigende data bijbring gelees te hê, tref dit ons dat hier twee van die ernstigste beskuldigingse verenig is, wat te’en ’n mens kan aangeteken word: hoogverraad en moord. En dit is onder die gevoel van die hoogste verantwoordelijkheid en erns, dat hierdie Militaire Hof sig gevorm het, waar dit geld regvaardig volgens oorlogsgebruik te beslis o’er die dade van ’n Boere-offisier. Geen een van die vreeslike beskuldigingse

kan in erns ontken word nie. Maar die Hof sal nou die geleghheid gee aan beskuldigde om sijn saak voor te dra."

Die toon van die aanspraak van die regter het Bester en vele andere nie ontgaan nie. Dit was 'n beleefde voorspel van die tragiek. En als mense ooit seker voorgevoel het van naderende onheil, dan is dit nou die geval met Bester, wat skijnbaar kalm en selfbewus met sijn pleidooi begin.

„Agbare Regters," seg hij, „ek is arm aan woorde en aard veel beter in die veld op mijn pêrd en met die roer in die hand, als 'n geleerde betoog te hou o'er wetspunte. Maar waar soveel op die spel staan, sal ek probeer duidelik maak, hoe ek die dinge bekijk. Dat ek 'n Kolonialer is en dus naar geboorte 'n Britse onderdaan, ontken ek nie, ook is ek nie 'n wettig genaturaliseerde burger van een van die republieke nie. Maar twee jaar voor die oorlog uitbreek het, is ek voor goed naar die Vrijstaat getrek, waar ek mij gaan vestig het. Ek het mij daar volkome thuis gevoel en mij met die belange van mijn mede-Afrikaners daar helemal vereenselwig en sou later in elk geval burger geword hê volgens landswet, als die oorlog nie alle berekeninge in die war kom stuur het nie. En toen die oorlog kom, was daar ver mij, eerbare man, net een pad: saamstrij met die burgers van die land, wat ek inderdaad, hoewel nog nie landwettelik nie, aan behoort het. Volgens die strenge uitleg van die wet was ek toen nog geen burger nie, volgens die gees was ek dit *wel*. En wie van ons sou vrijloop als op ons dade die letter van die wet moet toegepas worde? Ek vraag u, Here, wat u als manne van eer sou gedaan hê, als u in mijn plek was. Sou u, na in die voordele van vredes-tijd gedeel te hê, bij die oorlogsverklaring laat trap hê Kolonie toe als 'n lafaard met die veragting van almal wat u dierbaar is, op uw skouders, of sou u gestaan hê als 'n man bij uw eige bloed- en stamgenote? Bij dit alles kom dat ek nooit die gevoel had van verkeerd te handel nie, en saamgaan met mijn mense, kon ek nooit insien als opstand te'en die Engelse regering, waaronder ek toevallig gebore is nie. U weet goed hoe u sou gehandel hê, en ek vra u, dit in die oog te hou, waar u net nou 'n oordeel gaan vel. Verder ontken ek beslis ooit enig

Kolonialer aangespoor te hê tot opstand. Op bevel van mijn hoofd, Generaal De Wet, is ek die Kolonie binnegekóm met 'n vijftig man. Van alle kante het daar mense hul dienste kom aanbied. Aan elkeen werd eers op die gevare gewijs, maar wie wou aansluit, het ons nooit teruggehou nie. Daar was ver mij geen keuse nie, net so min als daar 'n keuse is ver 'n offisier ten opsigte van die bevel van sijn hoofd. Wat ek hier sê, kan dadelik bewijs word. Daar sit van mijn manskap in die tronk, wat enig minuut hier kan kom bevestig wat ek sê. Begeer die agbare Regters geen getuigenis nie?....."

„Wel, dit is 'n punt van ondergeskik belang en daar dit tog op die hoofdbeskuldiging geen invloed kan hê nie, sou 'n verder ondersoek nie nodig wees nie,” sê die woordvoerende regter na sijn kollega's in fluisterton geraadpleeg te hê.

„Natuurlik onderwerp ek mij aan uw uitspraak,” vervolg Bester, „maar dit is tog jammer dat mijn onskuld hierin nie openbaar kan worde nie.”

„Om tot die tweede beskuldiging o'er te gaan, ek ontken dat ek skuldig is aan moord. Hoe en waarom ek mij bij mijn landgenote aangesluit het, is u bekend. Ek het probeer mijn plig te doen te'eno'er mijn volk, en toen ek die verantwoordelike posisie van kommandant op mij geneem het, was dit met die vaste besluit, stiptelik uit te voer wat mijn Hoofd sou gebied. Dit is die minste wat 'n offisier kan doen. En niemand weet dit beter als u nie. Want wat sou u met 'n offisier wil maak, wat aan die eerste en allernoodwendigste plig van gehoorsaamheid nie voldoen nie? Hij sou onbruikbaar wees, nie waar nie? En wat kon ek anders doen als gehoorsaam wees aan mijn meerdere? Ek mag mij hier gelukkig beroep op bekende feite. Dit is u bekend dat die Boerehoofde meer als eenmaal aan die Engelse autoriteite geskrijwe het o'er die punt en dat hulle duidelik uiteengeset het, wat hul politiek gaan wees te'eno'er gewapende kleurlinge, wat hulle mog in die hande val. Bij die Boere is daar nooit van die kleurling se dienste gebruik gemaak nie, omdat ons dit beskouw als 'n ongeoorloofde iets in 'n beskaafde oorlog tussen blanke. Toen egter aan die herhaaldelike versoek van die Boere nie gehoor gegee

werd nie, het hulle die regeling getref, dat alle gewapende kleurlinge sal doodgeskiet word. Dit is gedaan met die wete van die Engelse. Wat die Boere nooit kon verstaan nie, was dat die Engelse maar altijd voortgegaan het met daardie gewoonte. Dit ontbreek hulle tog waarlik nie aan manskap nie. Dit spreek vanself dat ek mij moes onderwerp aan daardie onbeskrewe wet. Same met mijn staf het ek gister die vonnis gevel o'er die gevange kleurling. Dit was ver mij en seker ver die hele staf 'n bitter onaangename saak, maar ons was verplig die straf uit te voer. Ek kan pleit dat nie ek, maar wel die staf die skuldige is, maar dit sou onmannelik wees. Ek immers is verantwoordelik hoofd en dra in hierdie geval die las. Maar hoe dit *moord* kan genoem word is mij nie duidelik nie. Hier is vonnis gevel en uitgevoer naar bestaande oorlogswet bij die Boere. Als dit *moord* is, wat is dan die doodskiet van 'n spioen anders? Want in laasgenoemde geval word ook gehandel volgens bestaande oorlogsgebruik. Dit doet daar niks toe of 'n gebruik of wet algemeen of spesiaal is nie. Maar als die daad als *moord* beskou moet worde, dan is die Boerehoofde, van wie die bevele uitgegaan het, tog in die eerste plaas die verantwoordelike mense. Mij kom dit voor dat die Engelse autoriteite, wat kleurlinge in hul diens opneem, tesame met die Boerehoofde die skuld dra van sulke dade. Als dit moogelik was, ek sou nooit so iets doen nie. Waar plig en discipline gebied, wat kan 'n eerbaar man anders doen?

„Agbare Regters, ek staan hier voor u, 'n gevangene, maar 'n eerbaar man, wat sijn plig probeer doen het te'eno'er sijn land en volk, wat gestrij het 'n bijna hopelose strijd te'en 'n kolossale o'ermag, meer als twee jare lang, en gestrij met edel en ridderlike middele. Ek is mij volkome bewus van die vreselike erns van die ogenblik, waar die swaarste beskuldiging op mij rus wat te'en 'n mens kan ingebrenge word, en als ek die gevoel van skuld het, ek sou u nie om genade kan smeeke nie. Maar so ver is ek verwijderd van so'n gevoel dat, als die oorlog weer moes begin, ek presies dieselfde weg sou kies. Dit sou mij 'n bittere saak wees als die ergste straf o'er mij moet uitgespreek word, maar dan sou ek dit als Gods wil

beskou en mijsel as 'n offer op die altaar van die vaderland lê. Regters, doen uw plig volgens eer en billikheid en ont-hou: 'n genadige behandeling is die voorreg van die sterke."

Na die mannelike woorde van Bester het baing van sijn aanwesige vriende moed dat hij sal vrijkom.

„Kijk, hoor, hij kom los!" — 'n pragtige verdediging" — „dit sal 'n skande wees als hulle sijn dood eis" en andere dergelijke woorde kan 'n mens hoor fluister. Bij sijn vijande is daar bewondering en selfs simpatie. Na enige ogenblikke sê die woordvoerende regter:

„Die saak is nou afgedaan. Die Hof het met diepste aandag die verdediging van beskuldigde aangehoor en sal sijn oordeel later bekend maak."

Bij die bespreking van die saak word o.a. opgemerk, dat dit jammer is, so 'n talentvolle en knap man die lewe te ontneem, maar daar is nou eenmaal die militaire plig wat op hulle rus..... en strenge maatregels is nodig ter voorkoming van kwaad.

'n Uur daarna krij Bester in sijn sel die medeling, dat die doodstraf o'er hem uitgespreek is en dat die papiere tesame met die inhoud van sijn verdediging naar Lord Kitchener gestuur word ver sijn bekragtiging.

Hoewel Bester die ergste verwag het, tog was daar hoop dat sijn regters 'n ruimer lesing van die feite sou hê. Dit was verpletterende nuws en van dié ogenblik af het hij sig probeer versoen met die lot. En tog was daar nog 'n straaltjie van hoop, nog 'n skemerliggie van buite in die donkere ruim van sijn siel: missskien sal Lord Kitchener hem sijn lewe teruggee. Als dit moes, wel ja, dan sou hij sijn lewe gee ver die vaderland, maar was dit dan so nodig, is daar dan geen ander uitweg nie? En hoe heerlijk sou dit wees, weer vrij op asem te skep, ontkome aan die stiklug van die tronk, aan die wrede kwellinge van die spokende Dood? Waar hij vroeger sijn lewe feil had ver sijn land, bereid om die ko'el te ontvang, in elke loswarreling van die slag, in elke uitbranding van oorlogs-erns, bij elke dappere inwoeling onder die vijand se vas-

gebouwde vestinge, die dood minagtend onder wrede gerug van moordwerk, daar omknel hem die gedagte nou als ijsterbande, asemrowend en ijsigkoud. Om te sterwe als jij gebleek en uitgeput met swakke senuwspanninge nog lê worstel, om te sterwe waar elke minuut lewe 'n onmenselike pijniging besorg, 'n stuiptrekking van smart, is niks; om die dood te ontmoet te gaan in volle gesondheid, in die krag van bruisende lewe, waar die polse warm slaan van lewensdrang en lewenslus, so..... onder sulke omstandighede, dit is 'n swaar waar die dapperste voor sou terugdeins.

Die volgende nag het hij maar min geslaap, als 'n mens dit slaap mag noem, daardie tussentoestand van half bewus, half onbewus, waar hij elke paar minute heelmaal uit wakker skrik, om die knaging van geestelike pijn des te hewiger te besef. Die ander dag morge mog hij in die agterplaas van die tronk gaan lug skep. Enige fraaie peperbome, 'n tuintjie, verder 'n kaal stuk grond, onslote deur tien voet hoge mure, wat bô op spits toelopend gebou is en met bottelstukke en ander skerp seermaakgoed o'erdek; onder die peperbome 'n bankie of twee, waar begunstigde gevangene mag rus. Sodra hij buite kom, merk hij Bettie op, wat aandagtig sit lees. Na verlof verkrij te hê, stap hij nader. Toen sij hem sien, was hij voor haar. Ver haar was dit geen grote verrassing nie, want sij wis wat gebeurde was. Ook ver Bester was haar verskijning nie heelmaal onverwag nie. Ver albei was dit 'n wedersien met gemengde gevoelens van genot en leed.

„Wat 'n soete druppel in mijn beker, mej. Du Pré,” begin hij, terwyl hij haar hand vasdruk in sijne.

„Wonderlik mekaar hier en so te ontmoet.”

O'er haar gelaat speel daar 'n soet glimlag van medelijde met die sterke man voor haar, die held, waar sij so groot agting voor koester en wat nou gebonde is so's 'n mens 'n hond binde met 'n ketting aan 'n boomstam.

„Wie sou dit gedroom hê?” sê hij langsaam en nadenkend.

„'n Mens moet jou o'er niks meer verwonder nie. Ag.

Kommandant, dit is mij te naar dat u gevang is, dit laat mij so wanhoop aan die oorlog.”

„Dat ek nie meer mijn land mag dien nie, is erg, maar wat soveel treuriger is, is die doodvonnis.”

„Laat ons daar nie verder o'er praat nie, die nuws was mij 'n vreselike iets — maar kijk, alles kan nog reg kom, als Kitchener die straf verander. Hij gaan uw lewe spaar!”

„Denk u, hulle sal tevrede wees sonder mijn lewe?”

„Daar is nog die skone hoop, Komdt., en buite die hoop het ons, arme mense, ook niks op aarde nie.” En die woorde het op haar direk ook betrekking. Ver haar immers bloei daar nog 'n hoop — die hoop van weder-ontmoeting van 'n minnaar.

„So was uw paadjie ook nie mooi nie, nê, so's ek verneem het?”

„Ag, van ek u laas gesien het, was daar net ellende o'er ons — arme Pa.....!” breek sij in tranes af.

„Wat van uw Pa? Dood?”

„Bijna al 'n maand op Port Alfred.”

„Treurig, treurig! Wat moet daar nog alles gebeur! Ek weet alleen dat u almal naar tronk geneem is en dit moes kort na mijn laaste geheime besoek gewees het. Ek het mij al vreeslik gekwel, dat dit misskien daarmee in verband staan. Vertel mij tog alles.”

„Gedeeltelik het dit wel daarmee te doen, maar kwel u nie, dit is voorbij — dit is oorlog en niemand het dit u kwalik geneem nie.”

En daarop gee Bettie 'n brede verslag, naar vrouwe-aard al die besonderhede rakend; 'n verhaal beginnende te Rietfontein die a'end van die ongeluk en eindigende vandag. Haar haat te'en die Engelse het sij uitgesê in haar eige taal effektvol, maar sag, sodat die wagte nie kon hoor nie. Bester het diep belangstellend sit aanhoor, haar getroos en moed ingepraat om te volhard. En bewonderend het hij haar volksliefde hooggehou.

En toen kom daar nes 'n ligstraal o'er hem. Dit is nie

eige vreugde nie, maar vreugde in die blijdskap, wat sijn tijing ver Bettie sou bring.

„Ek het aangenaam nuws ver u.”

„Wat, nuws van Dr. Marais?”

„Goed geraai. En tog is die boodskap reg kort.”

Sij kleur van opgewondenheid. Hij vertel haar die hele geheim van die brief en hoe dit eindelijk moes v̄rniëtig word, omdat hij bevrees was dat daar iets in kon wees wat te'en haar sou getuige. Ver Bettie is dit genoeg eenmaal die versekering te hê, dat haar minnaar nog leef. Die hele wereld is nou anders in haar gemoed.

„O, ek dank u duisendmaal ver s̄lke tijing; wonderlik dat dit so moes kom.”

„Mij is dit 'n eer dat ik 'n ou belofte kon vervul.....” en voor hij verder praat, word daar 'n einde gemaak aan die gesprek deur die wagte.

... ..

In die daaropvolgende dage had Bester heel wat besoek van vriende, wat toegelaat werd 'n kort tiddjie met hem deur te bring. Ook die predikant het elke dag 'n gebed kom doen en die gevangene moed kom inpraat. Gelukkig kon Bester hem die versekering gee dat hij met vertrouwe op God die dood sonder vrees kon ontmoet.

Op die a'end van die 13de Januarie werd hem meegedeel, dat Lord Kitchener die vonnis bekräftig het en dat dit die dag daarna op die markplein bij publieke proklamasie sou bekend gemaak worde.

... ..

Tege tien uur kan 'n mens sien aankruie naar die markplein mense van allerlei soort, ouderdom en kleur. Want aan elkeen is dit aangesê, om tien uur presies op die markplein te'enwoordig te wees om getuige te wees van die bekendmaking van die doodvonnis. Geen ekskuuf, behalwe ernstige siekte, deur dokters sertifikaat bevestigd, werd als geldig aangeneem nie. Elke menselike wese in die omtrek van die dorp het die bevel gekrij. Khaki-mense met 'n blaww papier het die strenge militaire boodskap rondgedra. Almal moes hoor hoe

openlik sou verkondig word wat 'n vreselike sonde die rebellie was, en wat die straf was wat diegene tref wat te'en hul wet-tige owerheid die wapens opneem. Dit moes skrik en ontsag inboesem. En dié wat graag sou wegblij, omdat dit o'erpijnlijk was, 'n landgenoot so te sien ineensak onder die straffende hand van sijn o'erweldiger, moes juis gedwing word, opdat hulle loyaliteit en discipline mog leer.

In klompies, twee-twee of enkele, so beweeg die manne naar die aangewese² plek, traag of hul voete vasklewe aan die stof van die straat, met hoofde gebuig, doodstil sonder praat, aandagtig so's mense in 'n begrafenisstoot. Tussen in weer andere, wat skijnbaar onverskillig gesels en op wie se gesigte geen greintjie weemoed te bespeur is nie, mense wat uit ras- of opinieverskille die veroordeelde nie tot hul broeder reken nie. Dan weer vrouwe en mans, kinders op die arm, kinders vasklouwend aan die rok; gekleurde, meide, jongens en kinders, sleg gekleed, half naak partij, met gesigte geel en vaal en oge wat dans van verbasing — die kleingood en meide meestal kaal kop in die prikkelende somerson..... markplein toe van alle kante. En daar rondom twee dubbele lang rjje van ruiters, neem die publiek hul staanplekke in, eers die witmense en agterom die skare van gekleurde toeskouwers. Nog nooit was Steeburg se inwoners almal so saam nie. En o'er hulle almal glans daar die rijke sonlig in groeiende somerhitte. Die stofsand, waartussen uit ma'er, verdorde kweekgrassies o'erend stoot, brand die kaal voete van sommige, terwyl in die heldere lug geen bewijs van beweging béwee nie, selfs nie so veel als wat 'n duifveertjie op kan wieg nie.

Die gevangene word aangemarseer uit die tronk, ook Bettie, wat so geplaas word dat zij die veroordeelde duidelik sal kan sien. Tevergeefs het sij gesmeek om van die pijniging ontslaan te worde. Eindelik kom daar 'n roering onder die mense. Want daar van die tronk af kom Kommandant Bester aangestap tussen ses soldate. Hij word tussen die gewapende ruiterrjje ingelei en voor die Generaal geplaas, wat 'n groot rol papier oopvouw en met hoog geaffekteerde stem die proklamasie in strenge erns uitlees :

„Nademaal Jacobus Gerhardus Bester, vroeger kommandant bij die Boere, en nou gevangene, deur 'n wettig gekonstitueerde Militaire Hof skuldig bevonde is aan die misdade van: (1) hoogverraad en (2) moord gepleeg op Adonis, 'n kleurling, in diens van Sijn Majesteits troepe in die distrik van Steenburg op die 3de Januarie; en nademaal gemelde Jacobus Gerhardus Bester deur gemelde Hof ter dood veroordeeld is; so verklaar ek, Horatio Herbert Kitchener, Lord van Khar-toum en van Aspall, en Opperbevelhebber van Sijn Majesteits troepe in Suid Afrika, hierbij in naam van Sijn Majesteit, Koning Eduard VII, dat die vonnis van gemelde Jacobus Gerhardus Bester bekragtig is, en maak bekend aan almal, dat gemelde Jacobus Gerhardus Bester sal geneem word van die plek waar hij nou is, naar 'n plek later te worde vasgestel, en op 'n dag later te worde vasgestel, en dat hij daar sal doodgeskiet word, en mog God sijn siel genadig wees.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegewe onder mijn hand op die 9de Januarie 1902,
Hoofdkwartiere, Pretoria,

KITCHENER.”

Gedurende die uitlees het Kommandant Bester die Generaal stip aangekijk met 'n blik van taaie volharding en mannelikheid. Sijn lippe was vas op mekaar geleg en geen trek van onrus of vrees het daar o'er sijn gelaat gekom nie; als 'n marmer standbeeld, kalm en onbeweeglik naar die uiterlike, het hij sijn vreeslike vonnis in die gesig gekijk, maar Bettie het in hysteries gesnik losgebreek, sodat sijn ten minste die wrede verdoeming van 'n vriend nie gehoor het nie. Op die menigte het gerus 'n somber swijge.

En als 'n rustige god het die son in sprakeloos medelijde op 'n toneel van menselik leed neergesien.

Nie lang daarna nie is dit Bester bekend, dat hij vroeg op die volgende morge sal tereggestel worde. Hij probeer so goed mogelijk gebruik maak van die tijd wat hem nog vergun is. Daar is nog heel wat gedagtes wat hij op papier wil bring,

vooral met betrekking tot sijn onskuld en laaste dage. Toen dit klaar is, skrywe hij 'n kort briefie aan sijn ouders, waaruit berusting en vertrouwe spreek. Na die omstandighede van sijn gevangenneming en veroordeling blootgelê te hê, eindig hij: „En nou het ek maar weinige uurtjies nog te lewe; ek wil dit met mijn God deurbreng. Dit is swaar om so afskeid te neem, maar dit is die Here se wil. Ek sterwe onskuldig, ek het geen las op mijn gewete nie, want wat ek gedaan het, was ver mijn land en volk, wat ek innig lief het en waarvoor ek nou mijn lewe gaan neerleg. Vaarwel, ons sal mekaar weersien daar, waar geen strijd of trane meer sal wees nie.”

Te'en die a'end word aan Bettie die versoek toegestaan, met hem 'n ogenblik alleen te wees.

„Ek hoop, ek hinder u nie, Kommandant, maar ek kan nie rus sonder u eers te sien nie. Ek wil met u praat, maar ek weet niet hoe nie; ek wil u mijn medelijde uitdruk.....”

„Ek verstaan, ek verstaan al te goed, ek is u so dankbaar. Maar ag, mej. Du Pré, wees kalm, want dit is anders swaar genoeg om dit alles te ondergaan.”

„Dit is so, ek het so baing dinge deurgemaak die laaste tijd, dat ek nie meer mijself is nie, dat ek nie meer mijn se-nuwe kan beheer nie.”

„Ek het die snikke gehoor op die markplein van morge, en ek het geweet dat dit kom van een wat in mijn lot deel. Dit het mij bemoedig, dit het mij krag gegee om die dood in die aangesig te kijk. Want daar is nou niks meer aan te doen nie.”

„O, dit is so jammer. Waarom kan daar nie 'n klompie Boere kom om u vrij te maak nie.”

„Ja, dit is hard, hard om te moet sterwe als 'n mens so gezond is. Om so 'n lus in jou binnenste te voel wat wil lewe, wil geniet van son en liefde..... en dan te besef, dat daar 'n mag is wat aan jou vreugde paal en perk stel. Die lewe was goed ver mij. Sterk en gezond van kindsbeen het ek nog nooit siekte geken nie. Vrijheid en vriendskap het ek geniet. En die gedagte wat daar alles nog ver 'n mens kon voorlê, hoe veel geluk..... die gedagte kom jou pijnig waar jij probeer om

vaarwel te sê aan almal en alles en jou te voeg onder Gods wil. Dit is swaar om te sterwe, waar 'n mens so vas staan in die lewe."

Daar het iets treurigs in die mannelike stem gekom, iets so menselik aandoenliks. En wat Bettie haar medelijdige soveel inniger gemaak het, was die gevoel dat Bester haar nog lief had en dat haar tegenwoordigheid sijn swaar moes vererger. Stilswijgend kijk hulle mekaar 'n rukkjie aan, terwyl die een die ander se gedagte raai.

„Kommandant, u het dit self gesê, u neem dit als Gods wil. En al lijk dit so swaar om afskeid te neem van die aarde, daar is 'n beter oord..... als God met u is..... Hij sal u lei naar lig en vrede."

„Dit is mijn enigste troos, en dié hoop is al wat mij in staat stel om geduldig te wees."

„Daar is nog meer. Uw dood sal die nageslag nie *vergeet* nie, en waar van helde gepraat word, sal uw naam genoem worde."

„Dit mag alles waar wees, maar ek kan nie sê wat deur mijn gedagte gaan als ek u so voor mij sien staan nie, in die volle hoop van die lewe..... Ver u is daar 'n skone toekoms..... Ek sien nou, hoe hopeloos dit ver mij was, u lief te hê..... Besorg die brief a.u.b., laat die sensor dit eers deurlees. En hierdie is enige aantekeninge, maak daarmee wat u wil. U sal mij nou alleen laat, vaarwel."

Hierop druk Bester haar te'en sijn bors en soen haar herhaalde male, en toen verdwyn sij so's 'n droom uit 'n mens se gedagte verdwyn.

.....

.....

.....

Die anderdag morge vroeg word Bester uitgelei buitekant die dorp. Agter een van die randjies is sijn graf gegrawe, waarvoor hij op 'n stoel neergeplaas word. Om sijn oge word 'n doek gebinde. Op 'n klein afstand staan twaalf soldate gereed om aan te lê als die offisier die bevel gee. Om die toneel heers 'n eerbiedige stilte. Alleen daar ver op 'n paar honderd tree

staan enige nuwsgierige mense, wat agterna geloop het en oppervlakkige aanmerkings maak.

Juis kom die son agter verre rande uit met strale wat helder uitpijl hemel toe, terwyl rondom die ligfontein 'n bloedrooi halwe maan ver in die blouw uitsirkel. Bijtjids gekom om bloedvermaak te aanskouw. Toen gee die offisier 'n sakdoek in Bester se hand.

„Als u klaar is, laat val dan die sakdoek.”

Een, twee, drie, vier, vijf..... eindelijk val die sakdoek op die grond.

Daarop, bij gegewe wenk, ratel die twaalf skote deurmekaar. Die dode word in sijn graf geberg en 'n half uur daarna is dit kerkhof-stil daar bij die rand, waar 'n held en edel Afrikaner sijn laaste rusplek gevind het.

HOOFDSTUK XIV.

NUWE UITSIG.

Die dood van Kommandant Bester het 'n geweldige indruk gemaak op die omgewing van Steenburg, en deur heel die Afrikaanse volk 'n rilling van pijn laat gaan. En na so'n gedugte bestraffing werd sagter gehandel met die o'erige gevangene, wat sonder onderskeid see toe gestuur werd. Want die Engelse was tevrede dat ver goed 'n einde gemaak was aan die grootste plaag van die Kolonie se binneland. Ver die Afrikaners egter was die Bester-katastrofe niks minder als 'n groot ontmoediging wat swaar blij weeg het op die harte.

Alleen maar tot ongeveer die einde van Januarie het Bettie haar tronkstraf geduur. Van toen af was sij vrijgelaat op parole sover die dorpsgebied gaan. Elke morges om nege uur egter moes sij en haar moeder hul aanwesigheid rapporteer bij die kommandants kantoor, alsof hulle twee skelms was wat elke nag sou probeer ontkom. Moeder en dogter het mekaar gedurig probeer troos. Want nou dat bijna twee maande na Oom Willem se dood voorbij was en die besef sterker geword het dat hij werkelijk weg was..... weg, om nooit weer hul steun te kan wees nie, om nooit weer hul toevlug en beskerming en veiligheid te vertegenwoordig nie, nou vooral, waar hul op hulp en steun van vriende alleen kon bouw, het hul afhankelikheid en hulpeloosheid soveel helderder voor die gees gestaan. Maar Tant Annie haar droefheid was ontroosbaar. Die nuwe ongewone lewensomstandighede was drukkend en verstikkend. Sij kon dage aaneen in haar kamer deurbreng, in sulke vlage van wanhopige droefheid dat sij geen mens wou sien nie.

„Mijn kind”, het sij te'en Bettie eendag gesê, onder snikke, „ek gaan dood hier op die dorp. Dit is ver mij nes die tronk so nouw hier. Ag, waarom moes die Heere so

gemaak het? Waarom moes Hij ons van mekaar neem toen ons mekaar so nodig het? Het ek dan 'n sonde gedoen, dat die Heere mij so moet straf?"

„Nee, ag nee, Ma, als dit nou die Heere se wil is, dan moet ons buig en tevrede wees. O, ek weet self nie hoe ek sal kan lewe sonder Pa nie..... of daar weer 'n dag in mijn lewe sal kom waar ek nie aan hem sal denk nie..... Hij wat mij altijd plesier het, wat altijd bekommerd was o'er mij van dat ek 'n kind was..... Hoe ek sijn liefde sal mis, dit alles weet ek nie, maar die Heere sal die vraag antwoord ver ons, Ma.”

Hulle wis dit albei: Tant Annie dat sijn nie al te lang meer sou lewe nie, dat elke dag 'n marteling sou wees. Geen vreugde sou sijn meer sien deur die betraande oge heen. Hoe sou dit anders kan wees? 'n Weduwe op haar leeftijd, 'n weduwe wat geleef het alleen ver haar man, sodat sijn ademtog haar ademtog was, sijn genot haar genot, sijn droefheid haar droefheid, sijn lewensbestaan haar lewensbestaan..... ver so 'n weduwe sou sijn dood ook haar dood moet wees. Wat kon die ou wereld nog ver haar beteken? Ook Bettie wis dit, die geheim: die lewensprikkeling in haar siel, die lewensdrang wat vorentoe kijk en vorentoe beur. O sijn wou dit gee, helemaal en volkome, haar liefde, aan die man wat sijn naar verlang. Sijn sou van die bitterheid van die verlede meeneem in die grote toekoms wat daar ver 'n jong hart altijd voorswewe. Maar sijn sou nie in die herinneringe alleen kan lewe nie. Ver haar tog sou ook blijheid en sonneskijn kom.

„O, als ek tog maar weer op Rietfontein kan wees. In die huis, op die plaas waar ons twee ons lewe deurgebreng het. Als ek net maar sijn stoel, sijn hoed, sijn klere weer kan sien. Dit sou al 'n troos wees, mijn kind. Dit is ver mij al of hij daar is, of ek hem daar sal terugvinde — maar dan is ek ook weer so bang, dat dit mij onuithoudelik sal wees, als ek hem nie daar krij nie. Ek wou graag naas hem begrawe wees in ons familie-kerkhoffie..... en nou! Bettie, jij moet daarin werk, dat ons kan teruggaan naar die plaas, ek gaan dood hier op die dorp.....”

„Ma, daar is mense wat ver ons pleit. En miskien gee die Kommandant gehoor. Wat op aarde hulle daarmee voor het om twee swak vrouw-mense hier op die dorp op te sluit? Is hulle dan bang dat ons bij die Boere sal aansluit? Laat ons moed hou, Ma, een van die da'e gaan ons plaas toe.”

Hul wens het waar geword. Na sterke dreigemente gebruik te hê te'en Bettie, als daar weer iets sou verkeerd gaan, het Kommandant Hunt eindelijk sijn verlof gegee dat hulle plaas toe kan gaan.

Die plaasbelange was intussen behartig deur Bettie haar broer, wat op die aangrensende aanleg woon. Hij het elke dag die skaap gaan tel en naar ander dinge gekijk. Op die manier was Rietfontein nie helemaal sonder beskerming nie, en, trots die halfheid en oppervlakkigheid waaraan die boerderij intussen noodwendig blootgestel was, was die agteruitgang en skade betrekkelijk gering te'en wat ander moes deurstaan. Servaas se vrou en kinders was die enigste witmense wat op Rietfontein o'ergeblij het die dag, toen Servaas deur Verneulen gehaal werd tronk toe. En dieselfde dag nog het sijn met haar kroos voet geslaan naar die aanleg, waar sijn geblij het al die tijd.

Toen Tant Annie en Bettie in April op Rietfontein aanland, was daar ontsettend veel te doen. Vooral die tuin was in 'n uiters verwaarloosde toestand. En ver 'n week lang kon hulle niks gedaan krij nie, omdat hulle self lusteloos met slap hande gestaan het te'eno'er dinge wat anders in 'n om-sientijestijd kon verrig worde.

„Sien jij daardie populier-bome, Bettie, jou Pa het hulle met sijn eige twee hande ingeplant — baing lang gelede, voor jou geboorte nog,” sê Tant Annie een dag toen hulle op stoep sit en gesels. „En daardie wilgerbome op die damwal, een ver een; al die kraalmure en hierdie klipstoep ook, het hij self gemessel..... O, hij was werksaam, en sijn hande het ver niks verkeerd gestaan nie..... Die vrugtebome in die tuin, die vije-laning, Bettie, alles wat jij daar sien is sijn werk. Ek

kan niks sien nie of ek sien hom.....” En toen los haar woorde sig op in innig gesnik, so sterk uit haar boesem opwellend so's o'erweldigende smart op die eerste dag van sijn verskijning. Bettie haar oge swel totdat sij meehuil, een met die moeder.

Dan gaan hulle in om iets te doen ver afwisseling, 'n werkie, enig iets om die gedagtes te verstrooi. Hulle vat hier of daar sonder doel totdat die smartelike herinnering weer bô kom.

Kort na die vredesluiting verskijn Servaas. Hoe het almal of Rietfontein uitgesien naar sijn aankoms! Sijn vrouw is in trane van blijdschap. Hij neem sijn oudste seuntjie op sijn skoot en soen hem.

„Maar het mijn seun nie 'n man geword nie?” Die kind kijk verwagting in sijn vader se oge. „Papa was ver, mijn kind, baing ver van hier, daar waar die groot water is, die groot blouw water. Als jij eendag groot is, dan gaan ons daar na toe, Papa, Mama, en jij en die ander kinders.”

Servaas word die heel dag in beslag geneem deur die Du Pré's. Hij moet vertel alles wat gebeur het, die reis daarheen, die behandeling, die siekte, die einde, die laaste woorde, die begrafenis. Hij moet al die besonderhede meedeel, selfs dié wat hij al van geskrijwe het.

„En hoe lang het hij gesterwe, Servaas, tog nie swaar nie?”

„Sag, Tante, sag. Ek was nog nooit bij 'n sterfbed nie, ek het geskrik, dit was onverwags. Na hij die boodskap gesê het, het dit gouw gegaan.....”

„Die boodskap,” sê Bettie, „O, mog ons die woorde van 'n sterwende nie minag nie. Pa moet bitter lijdning in sijn siel deurgemaak het om so 'n boodskap af te gee. Maar ons sal hom dit belowe, ons sal dit onthou, ons sal dit *nie vergeet nie*.”

„Hoe anders sou mijn lewe wees, als ek net bij die sterfbed was,” stamel Tante Annie bedroefd.

„Nog voel ek sijn handdruk en sien ek sijn gesig, so ern-

stig. Nee, in der eeuwigheid kan 'n mens so iets nie vergeet
nie....."

Daar is 'n diepte en erns o'er Servaas gekom, wat hem vroeger vreemd was. Dit is of sijn hele innerlike wese 'n heilsame verandering ondergaan het, of sijn beperktheid o'er hemself weggegroeï en of hij deur lijdning en vernedering rijp geword het en 'n man, wat van sijn eigenwaarde bewus is.

„En als 'n mens reg nagaan hoe dit so gekom het, dan is dit niemand anders als daardie la'e Piet Vermeulen wat agter alles sit. D'is hij wat allerhande dinge te'en ons aangebreng het bij die Kommandant. Wag maar, Vermeulen, die wiel draai en eendag wis en seker kom ons beurt weer. Afrikaners van jou soort is gemerk.”

„Jij het gehoor van Adonis?” vra Bettie.

„Ja, hij is mos doodgeskiet. Ook sijn loon gekrij. Ek het nooit gedenk dat Adonis so iets sou doen nie.”

Met Servaas se aanwesigheid het daar dadelik verandering gekom in die plaassake. Tog kon 'n mens hem ure in gesprek vinde met die Du Pré's, waar hulle almal saam in die verlede leef en hij vol simpatie die band vorm tussen hulle en Oom Willem se laaste dage

.....
.....
In die eerste weke van Junie slaan Dr. Piet Marais op Steenburg uit. Bettie weet daar niks van nie, hij wil haar verras. In die kort tijdjie wat hij op die dorp vertoef, verneem hij in hoofdsak die treurige lotgevalle van die Du Pré's. Kort daarna skeur hij die wereld, plaas toe, met dieselde vospêrd wat hij bijna drie jaar gelede die a'end ver Bettie mee gaan groet het. Deur dik en dun het sijn vurige vos hem gedra tussen die vijand se lijne heen, onder vuur en rookdamp uit, veilig en ongedeerd. Beide ruiters en pêrd het dit swaar gehad, in storm en re'en, sonder kos, in bestendig gevaar mekaar leer lief krij en waardeer. Dr. Marais het Snel lief so's 'n stuk van hemself. Snel het hem gered, aan Snel dank hij sijn lewe. Wat lê daar nie alles tussen die vliegende rit op die afskeidsa'end en vandag nie? Hoe nader hij naar

Rietfontein kom, hoe vinniger klop sijn hart. Die verrassing, die geluk van weersien, die vervulling van sijn jare-durende wens, maar ook die droefheid van die arme Du Pré's, hul verlatenheid nou dat die krag van die huis weg is.....

Bettie herken hem eerste. Op die stoep ontmoet hul mekaar.

„Piet, is dit werklik jij?”

„Hoe dankbaar is ek dat ek jou weer aan mijn hart kan druk, Bettie.” En toen ween sij, haar hoofd in sijn arme, toen ween sij trane van aandoening, geluk en smartelike herinnering. Laas toen sij Piet gesien het was haar vader daarby, het hij self nog voorspel hoeveel droefheid sou gelij word, hoeveel ellende daar sou opgaan o'er die volk..... en hoe pijnlijk het dit alles waar geword! Sag druk hij haar te'en sig aan so's een wat begryp dat dit 'n ogenblik is om te swijg.

„Het jij gehoor van Pa?”

„Ja, ek het gehoor van jou Pa se dood. Maar ek het ook gehoor van die ruwe behandeling wat mijn Bettie moes ondergaan, en hoe sij dit deurgestaan het. Ek voel trots op jou dat jij gewijs het dat jij uit eg Afrikaanse murg saam-gestel is.”

Die dag word deurgebren in aanhoudend gesprek. Elk- een het 'n wereld van ondervindinge mee te deel. Weer leef hul o'er die bange tijd van verwagting en ijdel hoop, van vrees en neerslagtigheid. Piet skilder tonele uit sijn ruwe verlede, Bettie verhaal van hul ongeluk, van die tronklewe se marteling, van hul vernedering en..... verbittering, van die laagheid van mede-Afrikaners, albei bitter teleurgesteld o'er die uitgang van die oorlog en eenstemmig in hul haat en veroordeling van die Engelse, terwijl Tant Annie haar woorde gedurig maar terugkom op die dood van haar man.

Laat in die namiddag gaan Piet en Bettie 'n end loop. Hulle klim die klipheuwel agter die huis uit. Rus-rus gaan hulle al hoer, terwijl 'n bijterige westerluggie hulle vergesels met sijn weniger deuntjie.

„Wag, vat mijn hand,” sê hij, terwyl hij haar tussen twee klippe deurhelp. „Kom ons gaan hier sit,” sê hij.

Daarop pluk hij 'n paar takkies af en plaas dit op 'n plat klip. Daar onder lê huis en tuin en dam in die droom van flouwe winterson strale. Uit die laagte kom 'n skaaptrop aan kraal toe, voldaan met die oes van die dag. Rondom geur die a'endblommetjies in wondere rijkdom. Groen bossies en grasies en gousblommetjies is aan uitbeur uit die grond, na die winterre'entjie so's 'n jeugdige ontwaking, so's 'n nuwe begin. Alleen die vrugtebome is nog aan treur in hul vaal winterkleed, en die wilgerbome, en daar verder uit in die weste treur ook die son in sijn bloedrooi vlieserige omhulsel, 'n weerglans van die bloed wat vergiet is op die Afrikaanse velde.

„Is dit nie vreeslik om so veel bitterheid te verduur, en soveel op te offer, en dan nog bo'enop die neerlaag te lij nie?”

„D'is waar, Bettie, maar denk aan die arme Transvalers en Vrijstaters. Hier is nog 'n huis met meubels, nog vee, nog kos, nog geld. En daar, wat is daar ver 'n vooruitsig? Die huis afgebrand, tot op die grond, geen vee, geen niks. Alleen die kale aarde. So lijk die mooi land waar vroeger rijkdom geheers het. Da'e en da'e agtereën het ons getrek sonder 'n huis te sien. Daar behoort moed toe om weer te begin met niks, om weer 'n paar ossies te koop en die verroeste ploegskaar in die grond te steek.”

„Maar, Piet, denk jij dan waarlik dat daar nog iets tereg sal kom van ons volk?”

„Mijn Skat, 'n nasie wat soveel wilskrag het en sulke heldewerk kan verrig, kan nie ondergaan nie. Onthou, ons is nie o'erwonne nie, maar ons is in die vijand se mag o'ergelewer deur ons eige mense, verraai is ons. O, d'is so onuitspreklik jammer dat dit die einde moet wees. Die laaste stukkie grond wat in die Afrikaner se besit was, is nou ook afgeneem. Maar als ek jou in die oge kijk en daar volharding en moed lees, dan voel ek sterk om die wereld te beweeg. En die grootste strijd begin nou eers. Is jij bereid om mij te help jou lewlang om in die taaie strijd vol te hou, Bettie?”

Sij kijk hem deurdringend aan so's een wat die grootheid en verreikendheid van die taak besef.

„Piet, mag jij mij nog so 'n vraag vra nadat ek soveel opgeoffer en gelij het? Nadat ek gevoel het, hoe wreed die slag is wat die eige vader ontruk, nadat ek verneem het, hoe veel daar gelij is op die veld en in die kampe? Die Afrikaanse vrouw wat na dit alles nog sou twijfel wat haar plig is, moet swak wees.”

„En tog is daar baie swakke in die nasie, Skat. Daar is *arme* en *swakke* wat moet opgehelp word. Maar met jou is daar 'n toekoms, met jou kan ek vol vertrouwe vooruitsien. Eindelik, Bettie, eindelik is ons tijd van skeiding en loutering voorbij.”

Hij druk haar in sijn arme vas. En toen vloei twee siele saam in een heilige vervoering van onvermengd geluk, van toekomsdrome en toekomsweelde. Tussen ijle wolkstrepe deur skemer die laaste glimlag van die ondergegane son in roerlose stilte uit o'er die ontsaglike wijdte van die veld.

De Unie Lees- en Studie-Bibliotheek,

Onder redactie van Oud. Pres. F. W. Reitz en Prof. J. Kamp.

Uitgave van

„HET WESTEN“-DRUKKERIJ, Bus 196, Potchefstroom

Eigenaar-Bestuurder H. de GRAAF.

VERSCHENEN:	postvrij
No. 1. <i>Eenvoudige Mense</i> , door J. Lub, geb. in linnen band	3/3
No. 2. <i>Donker Johannesburg</i> (geïllustreerd), door J. Lub, geb. in linnen band	3/3
No. 3. <i>Oorlogs- en andere Gedichten</i> , door Oud-Pres. F. W. Reitz, geb. in linnen band	3/3
No. 4. <i>Unie Kantate</i> , door Jan F. E. Celliers, with translation by H. G. Rawson	1/2
No. 5. <i>Gesellige Half Uurtjies</i> , door J. G. Engela, in linnen omslag	2/3
<i>Afrikaanse Verhale</i> , door J. G. Engela, in linnen omslag	2/3
No. 6. <i>De St. Nikolaas-Avond</i> van de Génestet, met Inleiding en Aantekeningen door J. Kamp	1/3
No. 7. „Zestig Verzen“ van De Génestet, uit „Laatste der Eerste“ met Inleiding en Aantekeningen door J. Kamp	3/-
No. 8. <i>Hulpboekje bij de Studie der Proza Stukken</i> , opgegeven voor Hoogste Taalbond en Intermediar Eksamen 1911	1/3
No. 9. <i>Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het</i> , (rijk geïllustreerd) door Ou Oom Jan, in linnen band	3/-
No. 10. <i>Die Esels-Kakebeen</i> , deur Dr. O'Kulis	1/1
No. 11. <i>Verse van Potgieters Trek</i> , door Totius, in 4to formaat	1/9
No. 12. <i>Recitatie en Leesboek voor de School I</i> , (SubSt., Stand. I en II) door W. Klooster, in linnen band	1/- 1/3
No. 13. <i>Recitatie en Leesboek voor de School II</i> , (Stand. III) door W. Klooster, in linnen band... ..	1/- 1/3
No. 14. <i>Op St. Helena</i> , door Jozef J. Kuhn... ..	9d.
No. 15. <i>Twee Verzen</i> van Ter Haar, met Inleiding en Aantekeningen, en Inleiding en aantekening op het boek „Oostloorn“ door J. Kamp	2/6
No. 16. <i>Unie-Leesboek voor de School (Standaard II)</i> door C. J. Alers en H. Visscher (tweede druk)	1/- 1/3
No. 17. <i>Dark Johannesburg</i> , by J. Lub	2/3
No. 18. <i>Wilgerboom-bogies</i> , Verse van Totius	1/1
No. 19. <i>Uit de Nederlandse Lyriek van de laatste Eeuwen</i> (inhoudende opgegeven verzen voor Taalbond 1913) door Prof. J. Kamp, Theol. School. Potchefstroom en Prof. Dr. T. H. le Roux, Univ. Kollege Pretoria,	4/- 4/6
No. 20. <i>Donkere Wolken</i> (geïllustreerd), door Paula	3/6 4/-
in prachtband	10/-
No. 21. <i>Unie-Leesboek voor de School (Standaard III)</i> door C. J. Alers en H. Visscher	1/3 1/6
No. 22. <i>Unie-Leesboek voor de School (Standaard I)</i> door C. J. Alers en H. Visscher	1/- 1/3
No. 23. <i>Vergeet Nie</i> , Histories-Romanties Verhaal uit die Anglo-Boereoorlog, door Dr. D. F. Malherbe,	3/- 3/6